NHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

DEEL 1

Amptelike Opening

22-26 September 2019

REGISTRASIE

* Vanaf 15:00 tot 17:30 op Sondag 22 September 2019 word registrasie van afgevaardigdes afgehandel te Gemeente Montana. Tee en verversings sal vanaf 17:00 bedien word. Afgevaardigdes moet asseblief teen 18:00 klaar wees met registrasie.

* Vanaf 17:30 tot 18:15 neem afgevaardigdes hulle plekke in die kerk vir die amptelike opening in. Die amptelike opening begin om 18:30.

* Alle dienaars van die Woord dra 'n toga by die openingsgeleentheid.

---oOo---

1. **AMPTELIKE OPENING: SONDAG 22 SEPTEMBER 2019 OM 18:30**

1.1 **OPENINGSREDE**

Dr AG Ungerer.

Skriflesing: Handelinge 16

Paulus en Silas is met 'n tweede sendingreis onderweg. Kort tevore het daar in Jerusalem 'n rigtinggewende kerkvergadering ten opsigte van die Christene uit die heidendom plaasgevind. In aanloop tot die tweede sendingreis het daar 'n onverkwiklike rusie tussen Paulus en Barnabas plaasgevind. Die nadraai van die rusie was dat Paulus vir Silas met hom saamgeneem het terwyl Barnabas en Markus 'n ander koers ingeslaan het. Hierdie sendingreis was in vele opsigte vir Paulus en Silas 'n ontwrigtende gebeure. By twee geleenthede het die Heilige Gees hulle verhinder om 'n bepaalde gebied binne te gaan. Paulus het ook 'n droom gehad van 'n Masedoniese man wat hulle gesmeek het om daarheen te gaan. Hierdie gebeure het telkens om onderskeiding gevra na wat God se wil nou regtig is. Die gebeure wat volg is merkwaardig. Twee sleutelfigure, naamlik Lidia en die tronkbewaarder en beide se huise wat tot geloof kom. In beide gevalle word die bekeerlinge gedoop.

Wat kan die Hervormde Kerk uit al hierdie gebeure leer? Met die openingsrede gaan daar aan die hand van hierdie teksgedeelte op aspekte soos missionale kerkwees, onderskeiding, maniere van kerkwees en dissipellering gefokus word.

---oOo---

Musikale voorspel: Pieter van den Berg ensemble.

Verwelkoming

Dit is my voorreg om u almal welkom te heet by die amptelike opening van die 72ste AKV. Soos gebruiklik geskied die opening aan die hand van 'n erediens. My bede is dat u elkeen in die geloof versterk sal word en dat hierdie erediens ons sal versterk vir die vergadering wat op hande is. Voordat die erediens begin, net enkele opmerkings oor die verloop van die erediens:

* Die verloop van die erediens word op die skerm aangedui, en met enkele uitsonderings verloop dit sonder verdere aankondiging.

* Ek het primus- en sekunduslede van die Kommissie van die AKV gevra om met die voorlesings te help.

* Vanaand vorm die eerste deel van die erediens wat aan die einde van die vergadering met 'n Nagmaalviering ten einde loop. Die erediens vanaand dien ook as 'n voorbereidingsdiens.

* By die votum en seëngroet is daar response wat van die gemeente gevra word. Let asseblief daarop en reageer flink.

Toetrede

Halleluja – Helena Breitenbach.
VONKK 72: 1 tot 3.
VONKK 277: 1 en 2.

Votum

Liturg:	God het alle mense lief.
Gemeente:	Christus soek die afgedwaalde skape.
Liturg:	God het alle mense lief.
Gemeente:	Christus ontvang sondaarmense en eet saam met hulle.
Liturg:	God het alle mense lief.
Gemeente:	Die Gees laat wegloopmense weer tuis kom.

Seëngroet

Liturg:	Genade en vrede vir julle van God die Skepper en Onderhouer.
Gemeente:	Aan sy liefde is daar geen einde nie.
Liturg:	... en van die Seun ...
Gemeente:	Hy het al ons skuld gedra.
Liturg:	... en van die Gees.
Gemeente:	Die Gees maak ons nuut.

Amen.

Lofsange

Psalm 146: 1, 3 en 5.
Gesang 212: 1 tot 3

Wetlesing en verootmoediging (Romeine 13: 8 en 9) – oudl Anton Valks

> *8 Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit.*
>
> *9 Al die gebooie: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie," of watter ander gebod daar ook al is, word immers in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."*
>
> *10 Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet.*

Geliefdes, wanneer ons na hierdie woorde luister, besef ons ons skuld en dink ons terug aan kere toe ons ons naaste kwaad aangedoen het. Kom ons verootmoedig ons aan die hand van 'n gebed wat eens soos volg gebid is:

O groot God, steek 'n kers in my hart aan
sodat ek kan sien wat daarin is
en al die vullis kan wegvee uit u woonplek, my hart.
Amen.

In Jesaja 43 sê God: *... jý het Mý belas met jou sondes, jy het My moeite aangedoen met jou oortredinge. En tog is dit Ek wat jou opstandigheid vergewe. Ek is getrou aan Myself, Ek dink nie meer aan jou sondes nie.*

Kom ons sing staande uit Gesang 202: 1 tot 3, 'n loflied uit dank vir God se groot genade.

Geloofsbelydenis en toewyding – oudl Faan Beeslaar

Elkeen van ons wat hier teenwoordig is, ken sekerlik die Twaalf Artikels van die Apostoliese Geloofsbelydenis uit die kop. Ons het dit sedert ons kinderdae male sonder tal gehoor, saggies en hardop saam bely. Dink 'n oomblik oor die waarde van hierdie parate kennis. Sou ons dalk eensklaps oor die inhoud van ons geloof uitgevra word, is dit kennis wat ons onmiddellik kan oproep en as 'n vertrekpunt vir 'n gesprek oor geloof kan gebruik. Vanaand is ons deelgenote van die geloof in Jesus Christus, en watter voorreg om hierdie geloofsbelydenis saam hardop te sê. Bely saam met my.

Die Apostoliese Geloofsbelydenis (of Twaalf Artikels) lui soos volg:

1. *Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.*

2. *En in Jesus Christus, sy enig-gebore Seun, ons Here;*

3. *wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria:*

4. *wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;*

5. *wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;*

6. *wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,*

7. *van waar Hy sal kom om te oordeel dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.*

8. *Ek glo in die Heilige Gees.*

9. *Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;*

10. *die vergewing van sondes;*

11. *die opstanding van die vlees;*

12. *en 'n ewige lewe.*

Kom ons wy ons aan die Here toe met die Ons Vader-gebed soos dit in VONKK 234 neerslag vind.

Gebed: VONKK 234 (Staande)

Skriflesing

Die Skriflesing is uit Handelinge 16. Ek sou graag die hele Handelinge 15 ook wou lees omdat dit betekenis vir Paulus se tweede sendingreis inhou, maar tyd ontbreek om dit te lees. Daar is meningsverskille oor die skrywer Lukas. Was hy die een wat in lewende lywe saam met Paulus gereis het en eerstehands waargeneem het? Diegene wat hierdie standpunt huldig, dateer die ontstaan van Handelinge iewers tussen 70 en 80 nC. Daar is ander wat meen Handelinge is in ongeveer 110 nC geskryf en dat dié Lukas 'n volgeling van die evangelie was soos Paulus dit beskryf het. In 110 nC skryf hy Handelinge vir die Paulusgemeente in Efese. In Efese was daar ook die Johannese gemeente, die enigste gemeente uit die Johannes-tradisie. Uit die Johannes-studies weet ons dat die Johannes-groep hulle nie maklik met ander groepe wat Jesus gevolg het, vereenselwig het nie. Ons kan dus aanneem dat die Johannes- en Paulus-groepe nie een groep was nie.

Die ontvangers van Handelinge in die Paulus-gemeente in Efese was vierdegeslag-gelowiges wat na Paulus se dood in ongeveer 68 nC identiteitsvrae het, naamlik oor wie hulle is en waar hulle vandaan kom. Lukas beantwoord hierdie vrae deur hulle na ongeveer 43 nC terug te neem waar hy die leser as't ware saam met Paulus, as modelvolgeling van Jesus Christus, laat reis.

Verskillende persone gaan die voorlesing van Handelinge 16 waarneem.

Handelinge 16: 1 tot 10 – dr Sanrie de Beer

1 Paulus het in Derbe gekom en daarna in Listra. Dáár was 'n gelowige met die naam Timoteus. Sy ma, ook 'n gelowige, was 'n Joodse vrou en sy pa 'n Griek.

2 Die gelowiges in Listra en Ikonium het net goed van hom gepraat.

3 Omdat Paulus vir Timoteus met hom wou saamneem, het hy hom besny. Dit het hy gedoen ter wille van die Jode wat in daardie gebied gewoon het, want hulle het almal geweet sy pa is 'n Griek.

4 Soos hulle van stad tot stad gereis het, het hulle die besluite wat die apostels en ouderlinge in Jerusalem geneem het, aan die gelowiges oorgedra en hulle beveel om daarvolgens te handel.

5 So is die gemeentes in die geloof versterk, en die getal gelowiges het by die dag groter geword.

6 Hulle het daarna deur die gebied van Frigië en Galasië gereis, omdat die Heilige Gees hulle verhinder het om die woord in die provinsie Asië te verkondig.

7 Toe hulle by die grens van Misië kom, het hulle na Bitinië toe probeer gaan, maar die Gees van Jesus het hulle dit nie toegelaat nie.

8 Hulle het toe deur Misië gereis en na Troas toe gegaan.

9 Daar het Paulus in die nag in 'n gesig 'n Masedoniese man gesien wat by hom staan en hom smeek: "Kom oor na Masedonië toe en help ons."

10 Nadat Paulus die gesig gesien het, het ons so gou as moontlik gereed gemaak en na Masedonië toe vertrek, omdat ons tot die oortuiging gekom het dat God ons geroep het om die evangelie aan hulle daar te verkondig.

Handelinge 16: 11 tot 18 – dr Tanya van Wyk

11 Ons het van Troas af weggevaar en reguit koers gehou na Samotrake en die volgende dag na Neapolis toe.

12 Daarvandaan is ons na Filippi toe, 'n belangrike stad in daardie deel van Masedonië en ook 'n Romeinse kolonie. In hierdie stad het ons 'n paar dae gebly.

13 Op die sabbatdag is ons na die rivier toe buitekant die stadspoort, omdat ons gedink het daar sou 'n Joodse bidplek wees. Ons het gaan sit en met die vroue gepraat wat daar bymekaar was.

14 Een van dié wat geluister het, was 'n vrou met die naam Lidia, wat die Joodse geloof aangeneem het. Sy het handel gedrywe met pers wolmateriaal en was van Tiatira afkomstig. Die Here het haar vir Paulus se woorde ontvanklik gemaak.

15 Sy en haar huisgesin is toe gedoop. Daarna het sy ons uitgenooi en gesê: "Aangesien julle daarvan oortuig is dat ek in die Here glo, kom gaan by my tuis." En sy het ons oorreed om dit te doen.

16 Terwyl ons eendag na die bidplek toe op pad was, het ons 'n slavin teëgekom in wie daar 'n waarsêersgees was. Deur waarsêery het sy vir haar eienaars baie geld verdien.

17 Sy het agter Paulus en ons aangeloop en aanhoudend geskreeu: "Hierdie mense is dienaars van God, die Allerhoogste! Hulle vertel vir julle hoe julle gered kan word."

18 Sy het dit baie dae na mekaar gedoen totdat Paulus dit nie langer kon hou nie. Hy het omgedraai en vir die gees gesê: "Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus: Gaan uit haar uit!" Die gees het op daardie selfde oomblik uit haar uitgegaan.

19 Toe haar eienaars sien dat sy nie meer geld vir hulle kan inbring nie, het hulle vir Paulus en Silas gegryp en hulle na die owerheid toe op die stadsplein gesleep.

20 Hulle het hulle voor die stadsbestuur gebring en gesê: "Hierdie mense is Jode wat moeilikheid maak in ons stad.

21 Hulle wil vir ons gebruike leer wat ons as Romeine nie kan aanvaar of navolg nie."

22 Die skare het ook teen hulle gekant geraak. Die stadsbestuur het toe hulle klere van hulle laat afskeur en beveel dat hulle lyfstraf moet kry.

23 Nadat hulle baie geslaan is, is hulle in die tronk gegooi, en die bewaarder het opdrag gekry om hulle streng te bewaak.

24 Op hierdie bevel het hy hulle in die binneste sel opgesluit en hulle voete in die houtblok vasgeklem.

Handelinge 16: 25 tot 40 – ds Janine Bevolo-Manders

25 Teen middernag was Paulus en Silas besig om te bid en tot lof van God te sing. Die ander gevangenes het na hulle geluister.

26 Skielik kom daar 'n groot aardbewing wat die fondamente van die tronk geskud het. Al die deure van die tronk het onmiddellik oopgegaan, en al die gevangenes se boeie het losgeraak.

27 Die bewaarder het wakker geskrik, en toe hy die deure van die tronk sien oopstaan, het hy sy swaard uitgetrek om homself om die lewe te bring, want hy het gedink die gevangenes het ontsnap.

28 Maar Paulus het baie hard vir hom geskreeu: "Moenie jouself doodmaak nie! Ons is nog almal hier."

29 Toe het die bewaarder 'n lig gevra, die sel ingestorm en bewend voor Paulus en Silas neergeval.

30 Hy het hulle buitekant toe gevat en gevra: "Menere, wat moet ek doen om gered te word?"

31 Hulle antwoord hom: "Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin."

32 Hulle het toe die woord van die Here aan hom en aan al die mense in sy huis verkondig.

33 Op daardie uur van die nag het hy vir Paulus en Silas geneem en hulle wonde gewas. Hy en al sy mense is daar en dan gedoop.

34 Toe bring hy hulle na sy huis toe en sit vir hulle 'n ete voor. Hy en sy hele huisgesin was vol blydskap omdat hulle nou in God geglo het.

35 Die volgende môre het die stadsbestuur polisie gestuur met die boodskap: "Laat daardie mense los."

36 Die bewaarder het toe die boodskap aan Paulus oorgedra en gesê: "Die stadsbestuur het laat weet dat julle losgelaat moet word. Julle kan nou gaan, en voorspoed op julle reis!"

37 Maar Paulus sê vir die polisie: "Ons is sonder verhoor in die openbaar geslaan en in die tronk gestop, ons wat Romeinse burgers is. En nou wil hulle ons stilletjies hier wegkry. O nee! Laat hulle self kom en ons uitlei."

38 Die polisie het dit toe vir die stadsbestuur gaan vertel. Dié het groot geskrik toe hulle hoor dit is Romeinse burgers.

39 Hulle het gegaan en om verskoning gevra, hulle uit die tronk uitgelei en hulle versoek om die stad te verlaat.

40 Nadat hulle uit die tronk gekom het, is hulle na Lidia se huis toe, waar hulle die gelowiges gesien en bemoedig het. Daarna het Paulus-hulle vertrek.

Respons: Gesang 601: 1 en 3

Prediking

Ek wonder hoeveel van julle vanaand voel soos die spreekwoord sê: Op moedverloor se vlakte? Daar is dalk verskeie oorsake wat jou so laat voel. Behalwe persoonlike omstandighede, dalk die omstandighede in die land, die ekonomie, misdaad, die voortdurende protesoptrede en politieke onsekerheid wat jou na daardie vlakte van moedverlorenheid dryf. Kom ons fokus vir 'n oomblik op die Kerk – die Hervormde Kerk van wie die meeste van ons lidmate is. Watter omstandighede in die Kerk of in jou gemeente laat jou moed verloor? Die dalende lidmaatgetalle, gemeentes wat sukkel om finansieel te oorleef, konflik wat voortstu, gemeenteleiers wat uitbrand of sommer net die tydgees van sekularisasie, postmodernisme en die nuutste, sê iemand vir my – postwaarheid – wat deur fopnuus uit alle oorde aangevuur word. Jy weet soms nie meer wat die waarheid en wat verdigsel is nie.

Eers genoeg hiervan. Ek wil julle nie die verdrietigheid inpraat nie. Ons moet eerder in hierdie tye hoop skep, en daarom die tema van die erediens: *Skep moed onderweg na 2025.* Hoekom juis 2025? Dit is 'n tydsduur wat nie te ver die toekoms in strek nie, en die 74ste AKV vind ook daardie jaar plaas. Dit strek oor twee termyne wat ons as Kerk die geleentheid bied om op afgemete wyse met nuwe geloofsywer te werk, te streef en te dien. 2025 hou ook met die Vierde Industriële Revolusie verband omdat een van die beste kenners, Klaus Schwab, voorspel dat 23 belanghebbende ontwikkelings teen daardie tyd reeds sou plaasgevind het of gaan plaasvind. Die Kerk sal die eksponensiële veranderinge wat hierdie revolusie teweeg gaan bring, deeglik moet verreken en op proaktiewe wyse daarvoor moet voorberei. Hopelik sal baie van ons in 2025 oor die ses jaar kan terugkyk en opmerk: *Die Kerk het waarlik met die 72ste AKV hoop geskep. Ons kan die resultaat hier in 2025 sien*. Natuurlik, as ons van die toekoms praat... altyd *Deo volente* (DV), soos God dit wil.

Die tema, *skep hoop en lê moed aan die dag*, hou verband met vers 40 van Handelinge 16 waar Paulus-hulle die gelowiges in die huis van Lidia gesien en bemoedig het. Die Griekse woord wat gebruik word, is *parakaleo* wat verskillende betekenismoontlikhede inhou, waarvan ek die belangrikste noem: Om te bemoedig, moed in te praat, te troos, op te beur, te smeek, te soebat, te vermaan en aan te spoor. Die woord *parakaleo* word 105 keer met sy verwante betekenismoontlikhede in die Nuwe Testament gebruik, waarvan die meeste in Handelinge, naamlik 22 keer, voorkom. In hoofstuk 16 wat ons saamgelees het, kom die woord drie keer voor.

Die Direkte Vertaling vertaal vers 40 soos volg: *Toe hulle uit die tronk kom, het hulle na Lidia se huis gegaan. Daar het hulle die broers* (en susters) *gesien, hulle moed ingepraat en vertrek.* Ek wil graag die woord *moed* gebruik aan die

hand waarvan ek die boodskap vanaand wil plooi. Naas die begrip *om moed te skep* is daar ook ander variasies, byvoorbeeld: Om moed aan die dag te lê, die moed van oortuiging te hê, moedig te stry en om die moed van 'n leeu te hê. Ek wil nog verder gaan en die woord *moed* as 'n akroniem gebruik. Kom ek verduidelik hoe ek die akroniem M O E D gaan aanwend:

M – Missionale kerkwees.
O – Onderskeiding.
E – Eenvoudiger kerkwees.
D – Dissipelvorming.

Missionale kerkwees

Handelinge 16 lui die begin van Paulus se tweede sendingreis in. Die groot kerkvergadering in Jerusalem soos beskryf in Handelinge 15, wat primêr gehandel het oor of nuwe gelowiges vanuit die heidendom besny moet word of nie, is pas agter die rug. Met die konflik tussen hom en Barnabas oor Johannes Markus nog vars in die geheue, het Paulus en Silas van Antiogië vertrek, deur Sirië en Silisië gereis, en oral by gemeentes aangegaan. Dit wil lyk of die afstand wat hulle tydens die hele sendingreis afgelê het, digby 5 000 km was. Die aantal plekke wat in hoofstuk 16 gelys word, spreek boekdele. Naas Sirië en Silisië, word die name van Derbe, Listra, Ikonium, Frigië, Galasië, Misië, Bitinië, Troas, Samotrake, Neapolis, Filippi en Masedonië genoem – 'n indrukwekkende lys!

Dit net ter inleiding. Wat sou ons uit hierdie gelese gedeelte oor missionale kerkwees kon leer? Die term *missionaal* het in sekere opsigte 'n modewoord geword, en daar is die afgelope jare baie daaroor geskryf. Daar is vanaand in die gehoor diegene wat gaan dink: *Net nie weer dit nie* en ander wat net nog meer wil weet oor wat missionale kerkwees alles inhou. Die term *missionaal* ontlok by sommige argwaan en suspisie, en by ander opwinding en verwagting. Ek wil graag vanaand die vooroordele teenoor die begrip *missionaal* temper en poog om, met 'n eenvoudige verduideliking, weerstand af te takel.

Kom ons begin by die term *Missio Dei*, wat die Switserse teoloog Karl Barth bekend gemaak het. Dit beteken iets soos *God wat stuur*. *Missio Dei* – God stuur. Vir wie? Sendelinge en evangeliste? Ons het ons aspostolaatsopdrag in die verlede aan die hand van sending en evangelisasie gemeet wanneer ons vraelyste vir ringsvergaderings ingevul het. Sending was vir ons die verkondiging van die evangelie aan ander mense wat nie soos ons is nie. Om sending te doen, moes jy verkieslik 'n geografiese grens oorsteek, asook taal- en kultuurgrense. Paulus se sendingreise is 'n uitstekende voorbeeld van grense wat oorgesteek is. Baie kerke onderhou vandag nog sendelinge dwarsoor die wêreld en dit is nie verkeerd nie – dit moet steeds gedoen word. In die Hervormde Kerk was daar ook enkele wat toerusting vir evangelisasie ontvang het en meestal twee-twee ongelowige en kerkvervreemde mense in die gemeenskap besoek het om hulle na Christus te lei. Weer eens lofwaardig, maar die probleem is dat net enkele betrokke was en die res van die gemeente passief toegekyk het en hulself getroos het dat daar ten minste ander is wat die werk doen.

Terug by *Missio Dei* – God wat stuur. Wie stuur God nog? Net sendelinge en mense wat 'n hart vir evangelisasiewerk het? Nee, broers en susters, God stuur sy kerk. My gemeente word gestuur en, by name, ek en jy. Elkeen van ons wat hier sit en ook dié wat tuis is. Elke lidmaat van die Hervormde Kerk is 'n

gestuurde, omdat God elkeen stuur. Ek wil my aan 'n eenvoudige definisie van missionale kerkwees waag: *'n Missionale gemeente beliggaam die evangelie van Jesus Christus onder mekaar en in die gemeenskap waarin God hulle geroep het.* Die volgende video verduidelik wat missionale kerkwees en gestuurdheid beteken. Dit duur net twee minute en is in Engels. Die algemene opvatting is dat net sowat 40% mense vandag 'n affiniteit vir die kerk is sy institusionele gedaante het en dat 60% mense daarbuite ongeërg, afsydig en self vyandiggesind is. Hierdie kort video, is die gestuurdes wat met 'n kerkie in die hand hierdie 60% mense tegemoetgaan. Dit sê iets van identiteit en 'n deeglike roepingsbewustheid. Gestuurdes betree hierdie wêreld met 'n missionale bewussyn en raak in die proses by missionêre aksies betrokke.

Terug by die tweede sendingreis. Behalwe oor geografiese grense heen, stuur God vir Paulus oor ander grense. Paulus en sy geselskap steek nie net die see tussen Asië en Masedonië oor nie, maar ook die grense tussen man en vrou, rein en onrein, Israeliet en nie-Israeliet. Die gesig wat Paulus in Troas gesien het van die Masedoniese man wat hom gesmeek (*parakaleo*) het: *Kom oor na Masedonië en help ons.* Kon die man wat gesmeek het nie dalk die ontmoeting met Lidia gewees het nie? Lidia die purperhandelaar uit die stad Tiatira? Sy het 'n afspraak met God in die persoon van Paulus, Silas en Timoteus. In Filippi, die toonaangewende stad, ontmoet hulle haar by die bidplek, langs die rivier. In dieselfde rivier waar sy in aanloop tot die Sabbat 'n reinigingsbad ondergaan het. Want sien, behalwe die gewone verloop van die maand, het sy ook onreinheid oor haarself gehaal deur met urine te werk. Urine is gebruik om die kleurstof aan die purper wolmateriaal te bind. Purper was baie gesog en die vroue wat purper wolmateriaal vervaardig het, was welvarend – maar onrein! Sy was besig met rituele wassing om haarself vir Sabbat voor te berei.

Paulus kom op die toneel en kyk verby Lidia en haar medewerkers se geslag en onreinheid, en begin met hulle gesels. Lidia, wat die Joodse geloof aangeneem het, word deur die Heilige Gees ontvanklik gemaak vir Paulus se boodskap. Die evangelieboodskap tref diep. Sy hoef nie meer as vrou en onreine buite te staan nie – sy word volledig deel van God se huisgesin. Dit herinner aan Paulus wat 'n antieke doopformule aanhaal in sy brief aan die Galasiërs. Hierdie doopformule kom in hoofstuk 3 vers 28 voor: *Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.* Watter revolusionêre woorde was dit nie – en hoe het hy dit nie daardie dag by die rivier beliggaam nie?

Gedurende die afgelope weke het Suid-Afrika 'n stroewe beeld geskep kragtens Xenofobie, gepaardgaande plundering, voorvalle van vroue wat vermoor is, die ontvoering van 'n dogtertjie (natuurlik ook ander kinders), asook geweld in die algemeen wat teenoor vroue en kinders gepleeg word – die intensiteit en omvang daarvan het internasionaal opslae gemaak. Dit alles in 'n land wat op 'n persentasie van ongeveer 80% Christene roem. 'n Enorme verleentheid, en dit is byna of Suid-Afrika nuwe muishondstatus gekry het.

'n Verleentheid, maar ook 'n geleentheid. Dit is juis in tye soos hierdie dat kerke, ook die Hervormde Kerk, die tydlose evangelieboodskap van liefde, genade en respek moet beliggaam. Ons moet die waardes van liefde en respek teenoor alle mense, veral die magtelose mense – vreemdelinge, vroue en kinders – beliggaam. Gemeentes kan geleenthede in die gemeente skep waarin daar onbevooroordeeld geluister word, waarin verkeerdhede by die naam genoem word en waar nuwe taal en optrede gestalte kry. 'n Missionale gemeente beliggaam die evangelie van Jesus Christus onder mekaar. Maar nie net onder

mekaar in die gemeente nie, maar ook in die gemeenskap waarin God hulle geroep het. Gestuurde gemeentelede kan hierdie boodskap van liefde en respek in die gemeenskap gesig laat kry waar daar met kollegas en werknemers in die huise, op plase en in besighede gepraat word. Gestuurdes ontbloot die onreg waar verontregtes en mishandelde slagoffers bygestaan en weer bemagtig word. Dié van julle wat die fliek *As it is in Heaven* gesien het, sal die tonele onthou van Gabriella, 'n vrou wat deur haar man Connie mishandel is. Sy vlug van hom en vind heenkome by haar gemeenskap van koorlede. Kort daarna is daar 'n optrede van die koor en Gabriella, wie se selfbeeld oor jare heen in die grond ingeboor is, word deur die koorlede aangemoedig om 'n solo te sing. Net voor sy begin sing, verskyn haar man Connie en hy gaan staan arms gevou, nonchalant agter in die saal, vanwaar hy haar minagtend betrag. Sy is duidelik gespanne, maar namate sy begin sing, groei sy in selfvertroue en eindig sy hierdie lied met triomfantelike selfvertroue. Die onderliggende narratief: *Ek het vrygekom en 'n nuwe tuiste gevind by die koorlede wat my omring en beskerm.* Hierdie gemeenskap van koorlede is 'n metafoor van hoe 'n gemeente as geloofsgemeenskap behoort te funksioneer – vir randfigure, getraumatiseerdes en mishandelde vroue en kinders.

Is dit maklik om 'n missionale kerk te wees? Paulus en Silas land in die tronk as gevolg van die wyse waarop hulle die evangelie beliggaam het en as 'n bedreiging vir 'n bedenklike geldmaaksisteem. Hulle is met stokke geslaan en word in voetboeie geklem, en tog sing hulle middernagtelike lofsange. Die uiteinde ken ons. Die aardbewing, die tronkbewaarder se bekering, en hy en sy huis wat in die nanag iewers in Filippi gedoop word.

In Johannesburg is 'n diaken van die Kerk besig om een keer elke week, op drie plekke, sop en broodjies vir hongeriges uit te deel. Nadat almal geëet het, bedien hy die evangelie aan hulle. Hy en 'n dominee van die MRCC deurloop 'n pionierskursus waarin hulle leer om missionaal na 'n gemeenskap uit te reik. Daar is al heelparty wat tot geloof gekom het en gereeld byeenkomste op verskillende plekke bywoon. Van hulle wil graag gedoop word, en die vraag ontstaan – hoe nou? Die Hervormde Kerk was selde tevore in so 'n situasie. Maar watter geleentheid om onder die leiding van die Heilige Gees op hierdie pad te waag! Dalk saam met die MRCC, of 'n tweede meertalige erediens by 'n gevestigde gemeente? Miskien kan die volgende hoofpunt wat oor onderskeiding handel, ons hiermee help.

Onderskeiding

Die **O** van die akroniem M O E D staan vir onderskeiding en handel oor die wyse waarop ons God se wil kan onderskei. Dit herinner ook dadelik aan die bekende Filippense 1: 10: *Sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom.* In die gelese gedeelte staan daar dat die Heilige Gees Paulus en sy reisgeselskap by twee geleenthede verhinder het om 'n sekere koers in te slaan. Eers wou hulle die evangelie in Asië gaan verkondig, maar die Gees het hulle verhinder. Toe wou hulle van Misië na Bitinië gaan, maar ook daar het die Gees hulle dit verhinder. Vir ons is dit moeilik om te bepaal hoe Paulus-hulle die wil van God onderskei het. Sou dit 'n voorgevoel of 'n bepaalde ongemak wees wat hulle ervaar het en aan God se wil toegedig het? Dit kon geweldige spanning as gevolg van wilde diere, die onherbergsame terrein, die struikrowers wat weerlose reisigers oral kon inwag, gewees het. Ons weet nie, hoewel daar by Lukas geen twyfel is nie dat dit God se Gees is wat rigting wys.

Het dit nie tyd vir die Hervormde Kerk geword om meer met die Heilige Gees te

waag nie? Ons beplan so maklik in ons gemeentes asof alles van onsself afhang. Ons probeer dikwels op premature wyse vasstel wat die probleem met die gemeente is, met enkele kwashale skep ons 'n visie- en missiestelling, ons formuleer vir onsself 'n strategie met doelwitte wat netjies uiteengesit is – en met 'n *siedaar!* word verklaar wat God se wil vir die gemeente is. Regtig?

Miskien moet ons eerder openlik verklaar dat hierdie gemeente onder konstruksie is en dat ons probeer onderskei wat God se wil vir ons is. Ons vertrou die leiding van die Gees en ons besef dat dit weke, maande en selfs langer kan duur om die Heilige Gees se leiding te onderskei. Ons moet leer om te luister. Aktiveer jou innerlike sensors en probeer luisterend onderskei waarmee God in jou lewe besig is. Luister na wat God vanuit die Skrif vir ons sê. Luister hoe God in medelidmate se lewens besig is, en ook in die gemeenskap. Skenk, met ander woorde, jou volle aandag aan dit waarmee God besig is. Laat bestaande en nuutgeskepte groepe in die gemeente saam luister. Moenie tydraamwerke en skedules aan die luisterproses koppel nie. God se Gees werk te uniek, eiesoortig en onvoorskriftelik om enigsins aan menslike tydlyne onderdanig te wees. Kom ek gee 'n praktiese voorbeeld van iemand wat luisterend probeer bepaal het wat God se wil vir sy roeping was. Dit is dalk 'n bietjie ekstreem, maar dit pas so netjies in 'n missionale denksisteem.

In Doringkruin, my Klerksdorp-gemeente, voordat ek hoof van die HTK geword het, was daar 'n lidmaat wie se optrede my buitengewoon moed gegee het. Kom ons noem hom Nico. Nico was by 'n interkerklike manne-Bybelstudiegroep betrokke, en daar was 'n stadium toe dit hoog in die mode onder sekere kerkgroeperinge was om sendingwerk in Indië te gaan doen. Verstaan reg, dit is nie noodwendig verkeerd nie, maar Nico vertel my later dat hy besluit het om liewer oor die straat te stap as om geografiese grense oor te steek. Hoe hy dit sou doen, het hy nie geweet nie, maar hy het gewoon op die Here se leiding vertrou. Kom ons sê in die taal wat ons tot dusver gehoor het dat hy ervaar het hoe God hom stuur om in sy gemeenskap te werk.

Op 'n goeie dag help hy in die middedorp 'n gestremde vrou in 'n rolstoel om in haar motor te kom. Daarna het hy haar na die Lantern-hotel vergesel waar sy en haar dogter in 'n kamer gebly het. Die Lantern (soos algemeen bekend in Klerksdorp) bied laekostebehuising aan mindergegoede mense van alle agtergronde. Daar is baie misdaad, dwelmmisbruik en prostitusie in daardie area. Ewenwel, hy het uitgevra oor hul lewe en watter behoeftes daar by hulle is. Uit hierdie gesprekke het dit geblyk dat daar 'n behoefte aan Bybelstudie was. Nico het 'n weeklikse Bybelstudiegroep in Lantern begin. Later het daar mense van kleur bygekom, en nog later was die Woensdagaand-byeenkoms 'n geleentheid waar kategese gehou is, 'n erediens in die kleine plaasgevind het en waarna saamgeëet is – 'n kleurryke mengelmoes van armes, werkloses, dwelmafhanklikes, motorwagte en prostitute. In daardie tyd het 'n Indiërvrou tot geloof gekom en Nico se getroue assistent geword.

'n Proses van onderskeiding kan vir gemeentes en hul gestuurdes elk iets anders beteken. Sommige gaan hulle plaas- of fabriekswerkers aan die Amos Agrimin-program of aan kursusse van die Nehemia Bybel Instituut blootstel, ander gaan 'n gereëlde Bybelstudie by 'n belangegroep inisieer – daar is soveel moontlikhede. Gestuurdes gaan luisterend met hul werklikheid om, word deur God geroep om waar en met wat ook al betrokke te raak, en wanneer nodig, kom vra hulle hulp by medelidmate.

Gesang 436: 1 tot 3 [sittende]

Eenvoudiger kerkwees

Die **E** in M O E D staan vir eenvoudiger kerkwees. Hoekom sou Paulus vir Timoteus besny? Dit so kort van die kerkvergadering in Jerusalem wat juis besluit het dat besnydenis nie meer nodig is om toelating (inlywing) tot die gemeente te verkry nie. Timoteus se ma Eunice was 'n Judeër en die vrou het Judese afkoms bepaal, met die gevolg dat Timoteus ook 'n Judeër was. Sy pa het Griekse gode aanbid. Die gelowiges in Listra en Ikonium (vers 2) het goeie getuienis aangaande Timoteus gelewer. Hoekom besny? Dit was nie meer om godsdienstige redes nie, maar om praktiese (pragmatiese) redes. Die Jode het geweet Timoteus se pa is nie besny nie, daarom dat Paulus vir Timoteus besny – om makliker toegang tot die Jode te kry. Dit herinner ook aan Paulus se uitspraak in 1 Korintiërs 9: 20: *Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om Jode te wen. Hoewel ek self nie meer onder die wet is nie, het ek my vir dié wat onder die wet staan, onder die wet gestel om hulle te wen.*

Die Kerk behoort gedurig die dinge te onderskei waarop dit werklik aankom. Ons sal soms meer pragmaties moet wees sonder om ooit die wese van die evangelie aan te tas. Maar om op dieselfde manier gemeente te wees, vergaderings te hou, strukture te onderhou soos wat die afgelope dekades gedoen is, is dalk nie meer die beste manier nie.

'n Proses van onderskeiding op ringsvlak tussen gemeentes kan groot betekenis hê. Daar moet net teen stoomrollerbesluite gewaak word. Sien in jou geestesoog hoe gemeentes saam in 'n luisterproses ingaan en vir mekaar vertel waarmee God in hul gemeentes besig is, hoe God binne die gemeentegrense aan die werk is. Daar kan saam Bybelstudies gehou word, terwyl literatuur oor kerke in soortgelyke omstandighede bestudeer word. As daar konflik tussen gemeentes in die verlede was, kan dit die ideale tyd wees om mekaar se seer in dié verband aan te hoor en uiteindelik ook by 'n punt van vergifnis uit te kom. Ons het by die Kommissie gesien dat gesprekke tussen gemeentes etlike maande, indien nie jare nie, neem om by 'n punt van besluit uit te kom.

Op onderskeidende wyse kan die soeke na eenvoudiger kerkwees ons die volgende vrae laat vra:

* Hoe kan gemeentes in ons ring saamwerk of saamsmelt? Daar is tans te veel kerkgeboue vir minderwordende gemeentes.

* Hoe kan ons kerkgeboue op nuwe maniere, veral op weekdae – aanwend. Dalk met die oog op opleiding, klinieke en ander aktiwiteite?

* Hoe kan gemeentes op die platteland wat sukkel om lewensvatbaar te bly, aansluiting by ander denominasies vind deur geboue te deel, dalk ook 'n predikant, sonder om noodwendig hul identiteit prys te gee?

* Wat is die onverminderbare minimum waartoe sinodale dienslewering gesny kan word sonder om dienste aan gemeentes skade te laat lei?

* Hoe moet die Kerk groeipunte hanteer? Groei vind in finansieel vooruitstrewende gebiede plaas, maar ook in arm gemeenskappe. Hoe moet ons met nuwe groei handel, veral uit oorde waar heffings moeilik bygebring kan word, sonder om die goeie storie dood te swyg? Dominees in gemeentes wat met armoedebediening besig is, se versugting is dikwels: *Ons het hierdie groei, maar ek durf dit nie op die boeke wys nie, want ons*

kan hul heffing nie bekostig nie. Die Kerk sal in 'n voortdurende proses van onderskeiding moet bly om nie verhale van hoop te verswyg nie.

Eenvoudiger kerkwees vra van ons om op praktiese wyse te onderskei wat God se wil vir ons in hierdie tydsgewrig is. Hoe luister ons en hoe handel ons? Vir wie moet ons wat word sodat hulle gewen kan word (vergelyk 1 Korintiërs 9: 20)?

Dissipelvorming

Die **D** in M O E D staan vir dissipelvorming of dissipellering. In die Griekse wêreld is die begrip *dissipel* (*mathytys*) gebruik vir vakleerlingskap of wanneer iemand 'n ywerige navolger of selfs die nabootser van 'n leraar is. Timoteus was nie net 'n volgeling van Jesus Christus nie, maar in 'n sin ook 'n dissipel van Paulus. Hul verhouding was 'n ideale verhouding en in die 28 keer wat Timoteus se naam in die Nuwe Testament voorkom, is die koppeling met Paulus onmiskenbaar. 'n Mens kan jou net indink hoeveel gebeure Timoteus met Paulus deurgemaak het, hoeveel gesprekke met Jode hy gehoor het, hoeveel insidente hy beleef het, byvoorbeeld die slavin met die gees van waarsêery in Filippi (Handelinge 16: 16 en 17) wat uiteindelik veroorsaak het dat Paulus en Silas in die tronk beland het. Daar was die oproer in Tessalonika (Handelinge 17) en toe later in Berea. Later in Athene moes hy na Paulus se netjiese apologetiek op die Areopagus geluister het. Dan was daar Korinte en Efese, die stad na waar Paulus eintlik onderweg was. Soveel geleenthede om 'n ywerige vakleerling en nabootser op die sendingveld te wees.

In die Hervormde Kerk is die vorming van dissipels met die oog op die toekoms van onskatbare waarde. Daar is goeie kursusse wat in gemeentes aangebied kan word, met 'n sterk missionale inslag. Tydens hierdie AKV word 'n MSI-kursus vanuit die *Fresh*-beweging bekend gestel, en ons droom is dat soveel gemeentes moontlik aanstaande jaar gelyktydig hierdie kursus sal deurloop – sodat ons nasionaal op dieselfde bladsy kan kom.

Maar ek het gevind 'n mens kan nie net met kopkennis 'n goeie dissipel wees nie. Dit is nodig om moue op te rol, jou hande vuil te kry soos wat 'n mens dit waag op plekke waar gemeentes en individue werklik missionaal betrokke is. Missionale kerkwees loop altyd uit op die een of ander missionêre aksie. Dit is hier waar ek verdere voorbeelde kan noem van gemeentes wat op navolgenswaardige wyse missionaal aan die werk is:

* In die weste van Pretoria is daar gemeentes waar Wendy-huisies soos paddastoele in agterplase en kleinhoewes opskiet. Van hierdie gemeentes werk met die kinders om uiteindelik gesinne by die gemeente in te skakel. Bediening vind op weeklikse basis plaas, kos en lewensnoodsaaklike middele word voorsien.

* 'n Ouderling in hierdie gemeente is besig om 'n bediening in 'n wit plakkerskamp te bedryf. Terloops, oorlede Hans Janse van Rensburg het gesê dat daar in en om Pretoria alleen, meer as 70 wit plakkerskampe is. Wat nog van die ander wat soveel geleenthede bied? Hier is ook 'n nuwe dominee wat met pioniersbediening besig is. Toe al die rolspelers oor hierdie bediening tydens 'n Moderamenvergadering gesels het, het ons vir mekaar gesê dat ons nie werklik weet hoe om hierdie werk te doen nie – maar ons is bereid om dit met God en mekaar te waag.

* Daar is gemeentes wat met alternatiewe eredienste eksperimenteer om diegene te bereik wat nie 'n voet in 'n tradisionele erediens sal sit nie.

* In die Wes-Kaap is 'n bediening in Ruiterwag waar daar op Dinsdae en Donderdae goedkoop groentepakkies verskaf word, waarna Woordbediening plaasvind. Daar is ook 'n kleuterskoolprojek in Khayelitsha waarby die Hervormde Kerk betrokke is.

* Dit is al 'n klompie jare dat ons die finalejaarstudente op 'n Noordwes-toer neem. Vanjaar was dit na ds Tewie Pieters van Coligny (ek is seker julle is bewus van die versoenende rol wat hy in die gemeenskap vertolk het), na Rustenburg toe waar 'n gemeente 'n NPO met die naam *Vision of Hope* gestig het en ingrypende werk doen, onder andere in die voorkoming van mensehandel, omdat Rustenburg 'n brandpunt is wat dit betref. Ons het ook in Brits 'n draai gaan maak waar daar ook 'n *Vision of Hope* gevestig is. En dan het hulle ook aan *Echo Jeug* van ds Jaco Strydom met hul unieke werkwyse in verband met hul Echo-huise blootstelling gehad. Die afgelope week op kampus het die derde tot vyfde jaar studente twee-twee op kampus met vreemdelinge oor kerkwees gaan gesels – dit is 'n leerskool oor hoe om gesprekke op die Getroue Getuie-manier te voer.

Weer die beginsel wat met onderskeiding verband hou. Kyk waar is God reeds aan die werk, gaan leer wat te leer is, skakel daarby in, of gaan in 'n proses van onderskeiding en vertrou dat die Heilige Gees jou en jou gemeente op geleenthede gaan wys. As die geleentheid ontgin is, gaan na die gemeente en vra hulp by die ander gemeentelede. Maar waarskynlik die belangrikste: Leer om God te vertrou en te gehoorsaam!

Afsluiting

Kom ons skep moed onderweg na 2025. Kom ons skep moed wanneer ons lidmate in die Hervormde Kerk leer dat hulle gestuurdes is wat die evangelie van Jesus Christus in gemeentes en in die gemeenskap beliggaam. Kom ons skep moed as ons ervaar hoe die Heilige Gees ons lei wanneer ons in 'n onderskeidingsproses is en dalk vir die eerste keer nuwe lig sien. Kom ons skep moed wanneer ons deurbrake beleef om op eenvoudige dog meer effektiewe maniere kerk te wees. Kom ons skep moed wanneer die dissipels wat ons help vorm het, op kragdadige wyse in en buite gemeentes die evangelie van Jesus Christus vergestalt.

Hervormde Kerk – skep moed en leef dit onderweg na 2025!

Gebed

Antwoordlied: Gesang 486: 1 tot 4.

Sang: Seënbede gesing deur Helena Breitenbach.
Sang: **Gabriella's song –** Helena Breitenbach.
Naspel: Pieter van den Berg ensemble.

1.2 **VERWELKOMING**

Dr AG Ungerer verwelkom die teenwoordiges en stel die volgende:

Ek wil elkeen wat vanaand hier teenwoordig is, elke afgevaardigde, al die

eggenotes en al die gaste wat ons met hulle teenwoordigheid vereer, welkom heet by die openingsgeleentheid van die 72ste AKV van die NHKA. Vergun my die geleentheid om die volgende persone in besonder te verwelkom:

* **Ampsdraers van die NHKA**

** Lede van die uittredende Kommissie van die AKV, Kuratorium, Raad van Finansies, Raad vir Kerkregtelike Advies, Litigasiekomitee, Predikanteaftreefonds en redaksies van kerklike publikasies.
** Diensdoende predikante en ouderlinge van die NHKA.
** Emerituspredikante.
** Beroepafwagtende predikante.
** Proponente.

* **Voormalige voorsitters van die AKV**

** Prof J Buitendag
** Prof TFJ Dreyer
** Prof WA Dreyer
** Dr DJC van Wyk (jr)
** Dr DJC van Wyk (sr).

* **Voormalige en huidige ampsdraers in sinodale diens**

** Mnr Kobus Viljoen
** Dr FJ Labuschagne (algemene sekretaris: NHKA)
** Dr WC van Wyk (sekretaris: Kommissie van die AKV)
** Mnr Johan Hattingh (hoof: finansies)
** Mnr Piet Beukes (bestuurder: administrasie)
** Mnr Otto Viljoen (kinderhuise)
** Voormalige en huidige personeel van die Sinodale Dienssentrum.

* **Verteenwoordigers van die ADV**

** Diak Mac van Zyl (voorsitter)
** Diak Andries Pretorius (visevoorsitter)
** Diak Wilna Gates (voormalige skriba)
** Ds GPJ Stoltz (sekretaris).

* **Verteenwoordigers van kerklike instansies**

** Mnr Nándor Sarkady (argivaris)
** Mev Mari-lizé Beukes (NHSV)
** Mev Tessa Coetzer (voormalige voorsitter van die NHSV)
** Ds WJJ Kok (direksie van die kinderhuise).
** Mev Arina Jooste (TOIBO)
** Mej Marina Kok (Van Der Hoff Teologiese Vereeniging).

* **Redakteurs van kerklike en ander media**

****** Ds W de V Sauer (*Die Hervormer*)
****** Prof WA Dreyer (*Almanak*)
****** Dr GJ Malan (*Bybelse Dagboek*)
****** Ds EG Fourie (*Blitspos*)
****** Prof AG van Aarde (*HTS*)

** Dr E le Roux (*THT*)
**** Lede van die Suid-Afrikaanse media.

*** Verteenwoordigers van ander kerke en instansies**

** Dr Gustav Claassen (NGK, en ook WGGK)
** Ds Cassie Aucamp (GKSA)
** Ds Ralph du Toit (Christelike Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika)
** Pastoor Mike Roodt (BSA).
** Dr GC Lindeque (BSA).

* **Hoofbestuur en dosente verbonde aan UP**

** Prof Tawana Kupe (visekanselier)
** Prof Norman Duncan (viserektor: akademies)
** Prof Jerry Pillay (dekaan: fakulteit teologie en religie)
** Prof J Beyers
** Dr WA Dreyer
** Prof Y Dreyer
** Dr AB Geyser-Fouché
** Prof E van Eck
** Dr T Van Wyk.

* **Ontvangers van erepennings**

** Proff EC Kloppers, IWC van Wyk en dr P van Staden aan wie die HCM Fourie-erepenning oorhandig word vanaand, hulle gades, familie en vriende.
** Dr WC Kloppers en mnr Piet Beukes aan wie die Kommissie van die AKV se Erepenning vir Besondere Dienslewering in die Kerk toegeken word, hulle gades, familie en vriende.

1.3 HCM FOURIE-EREPENNING

Die oorhandiging van die HCM Fourie-erepenning word behartig deur die voorsitter van die Kuratorium, ds AH Roets.

TOEKENNING AAN PROF EC KLOPPERS

Enkele vroue staan uit in die geskiedenis van die Hervormde Kerk as mense wat deur buitengewone akademiese arbeid op die terrein van Teologie diens gelewer het aan die Kerk en wat daardeur die Bybels-Reformatoriese teologie van die Hervormde Kerk bevorder het. Hierdie vroue moes buitengewoon hard werk om 'n bydrae te maak in 'n omgewing waartoe hulle geroep was, maar waartoe hulle betreklik laat eers toegelaat is. Daarom is hul voortgaande studie, akademiese prestasies en dienswerk aan die Kerk uiters merkwaardig. Hierdie werk is 'n bewys van hul deursettingsvermoë en toewyding.

Prof Elsabé Kloppers is 'n voorbeeld hiervan. In April 1998 word sy die eerste vrouepredikant in die Afrikaanse kerke wat 'n doktorsgraad in Teologie behaal, en in 2005 verwerf sy ook 'n doktorsgraad in Musikologie. Tans is sy professor in Praktiese Teologie in die Departement Filosofie, Praktiese en Sistematiese Teologie aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA), waar sy navorsing doen en onderrig gee op die terrein van Praktiese Teologie, Liturgiewetenskap, Himnologie en Homiletiek. Oor bykans drie dekades is die kwaliteit van haar akademiese arbeid en kerklike dienswerk uitstaande.

Akademiese kwalifikasies en studierekord

* DMus (Universiteit van Pretoria) (2005)
* DTh (Praktiese Teologie: Liturgie Studies) (UNISA) (1998)
* MDiv (*cum laude*) (Universiteit van Pretoria) (1994)
* BMus(Hons) (*cum laude*) (Universiteit van Pretoria) (1993)
* BD (*cum laude*) (Universiteit van Pretoria) (1990)
* BA (Grieks, Hebreeus, Latyn) (nie-graad-doeleindes) (1985 tot 1987)
* BA(Hons) (Filosofie) (*cum laude*) (Universiteit van Pretoria) (1981)
* BA (Universiteit van Pretoria) (1980).

Akademiese prestasies en bydraes

Publikasies

Prof Kloppers het tien hoofstukke in boeke en meer as 40 artikels in plaaslike en internasionale geakkrediteerde akademiese tydskrifte gepubliseer. Sy het ook 'n groot hoeveelheid populêr-wetenskaplike bydraes en artikels geskryf in onder meer kerklike publikasies.

Vakverenigings

* Internationale Arbeitsgemeinschaft für Hymnologie (IAH)
* International Academy for Practical Theology (IAPT)
* Societas Homiletica
* Hymn Society of Great Britain and Ireland (HSGBI)
* The Hymn Society in the USA and Canada (HSUSAC)
* Kultur-Liturgie-Spiritualität (Ku-Li-Spi) (2012 tot 2016)
* Werksgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid Afrika (SPTSA)
* Suid-Afrikaanse Kerklike Orrelistevereniging (SAKOV)
* Werksgemeenskap vir Spiritualiteit in Suid-Afrika (SPIRASA).

Internasionale en plaaslike arbeid

* Die afgelope aantal jare was sy 'n genooide spreker by die prestige Somerskool vir Musiek en Religie van die Fakulteit Teologie en die *Hochshule* vir Kerkmusiek aan die Universiteit van Heidelberg, in Duitsland. Haar voordragte is ook in Duits aangebied.

* Met die 500-jaar-herdenking van die Hervorming in 2017 het sy twee voordragte oor die Lutherliedere by die Akademische Mittagspausen in die beroemde Peterskirche in Heidelberg aangebied.

* Sy tree verder wyd in die buiteland op as gasdosent, spreker en ook as hoofspreker, soos met die 75ste en 80ste jaarvierings van die Hymn Society van Groot Brittanje en Ierland.

* Sy dien in die uitvoerende komitees van twee internasionale vakverenigings – die Hymn Society of Great Britain and Ireland en die Internationale Arbeitsgemeinschaft für Hymnologie (IAH) en is verder lid van verskeie ander internasionale en nasionale vakverenigings.

* Sy was lid van die Sweeds-Suid-Afrikaanse Navorsingsgroep oor Musiek en Identiteit (SSARN) en het die Travelling Institute for Music Research (TIMR) by die NRF gelei.

* Sy is 'n NRF-gegradeerde navorser (C2).

Besondere diens aan die NHKA

* Reeds sedert 1995 is sy betrokke by die opleiding van predikante in die NHKA (HTK, SVTT, HTO en dies meer). Sy is ook verantwoordelik vir opleiding in Himnologie aan UP. Sy was van 2001 tot 2012 dosent in Himnologie aan die Universiteit van die Vrystaat en ook gasdosent aan die Universiteit van Stellenbosch.

* As leier van die afvaardiging van die NHKA by die Kommissie vir die Liedboek van die Kerk het sy 'n belangrike bydrae gemaak tot die verteenwoordiging van Hervormde Teologie binne die Liedboek (1996 tit 2001).

* Haar navorsingstuk (2003) rakende die kerkjaar en simboliek, en die vernuwende liturgiese ordes met moontlikhede vir verryking deur musiek, vorm die basis vir die Diensboek van die NHKA (2008).

* Vanuit die Instituut vir Kerkmusiek in Suid-Afrika (IKSA – direkteur sedert 1998) bied sy toerusting aan oor die agtergrond en funksionering van die kerklied, onder meer deur die Diploma in Himnologie en Liturgie. Só word vele predikante en orreliste reeds oor 'n lang tyd verder opgelei.

* Sy was verder ook hoof van die Konservatorium vir Kerkmusiek (2003 tot 2017).

* Sy het in verskeie sinodale komitees van die NHKA gedien, onder meer die Komitee vir Ekumene, die Komitee vir Erediens en die Raad vir Kerkmusiek.

* Sy was redakteur van *Vrouehervormer* (1987 tot 1989), *Die Christelike Vrou* (1996 tot 2002) en die *Dagboek vir Christenvroue*.

* Sy was self 37 jaar lank orrelis in die NHKA.

* Sy het meer as 50 bydraes gelewer vir onder meer kerklike publikasies soos *Konteks*, *Die Hervormer*, die *Almanak*, *Die Christelike Vrou* en die *e-Hervormer/Blitspos*.

Slotwoord

Prof Kloppers is 'n toegewyde akademikus en 'n predikant van die Kerk wat al langer as 30 jaar besondere diens aan die lidmate van die Hervormde Kerk lewer. Sy het 'n belangrike bydrae gemaak tot die wyse waarop talle mense kerkmusiek verstaan en waardeer, en op hierdie wyse 'n reusebydrae gemaak tot die bevordering van die Bybels-Reformatoriese teologie van die Hervormde Kerk.

REPLIEK: PROF EC KLOPPERS

'n Toekenning vir my bydrae op die terrein van teologie neem my ver terug – na die beginpunt van my diens in die Kerk: Na die ouetehuise waar ek as jong kind die sang begelei en sien hoe daar lewe in vervalle gesigte kom; na die dankbaarheid wat uit moeë oë straal; na die krag van musiek in mense se lewens. Dáár waar iemand sê: *Die kind is tog begaafd.* En my pa se antwoord –

vir my ore bedoel: *Ja, maar niks om oor te roem nie. Sy het véél ontvang – sy het véél om terug te gee.*

Op 16 konfronteer dié kind haar pa: *Ek gaan predikant word!*

Protes: So iets bestaan tog nie.

En waarom nié? Later gaan loer sy wat hy doen. Hy is druk besig met sy pyp – besig om 'n kopskuif te maak: Ja, waarom nié?

So het mense in hul huise en in die Kerk kopskuiwe gemaak – deur 'n proses waarin mans en vroue, vaders en dogters in gesprek met mekaar en in gesprek met God geleer het om nuut te dink. Niks om oor te roem nie: Die Gees van God het mense se denke verander.

My eerste liefde was tog musiek – daarby tale en poësie en die klank van die woord. Met die formele studie in teologie ontdek ek dat dit nié om dogma gaan nie, maar om die estetiese, om mense aan te raak, om deur 'n woord, deur die Woord, mense se denke te verander. En wat is beter as musiek, om hierdie woord vleuels te gee? (Het Luther reeds gesê.)

So het ek my plek gevind in die Kerk waar ek met my gawes en my kennis 'n bydrae kon lewer: Die erediens en die kerklied. Daardeur het ek begaafde mense oor die wêreld ontmoet wat my lewe verryk het – maar daardeur kon ek weer so véél terugbring en deel met mense hier.

Ek is dankbaar dat ek die geleentheid gegun is.

Hierdie toekenning bestaan reeds sedert 1967 – dit word vanjaar egter slegs die tweede keer aan 'n vrou gegee. Daarom deel ek dit vanaand met my ma wat haar hande en haar voete vir die Kerk deurgewerk het, maar wat nié die besondere geleenthede gehad het wat ek en die huidige geslag vroue het nie – en ek deel dit met die vele ander vroue soos sy, wat meer van die geloof en die teologie verstaan het as baie mans, maar wat in 'n tyd geleef het waar mans alleen besluit het wie geroep sou wees om die Woord van God te bedien en wie nie.

Steeds is daar dié wat besluit wat as *bekroonbare* diens in die Kerk tel en wat nie. Die onderskeid is nie tussen man en vrou nie, maar tussen dié wat mag wil hê, en dié wat werklik wil dien. Die finale besluite daaroor word geneem deur dié wat die mag het. My dank vir die toekenning, veral aan die twee vroue wat bereid was om die toekenning aan te beveel.

Saam met my groot mentor, Johann Sebastian Bach, my lof:

Soli Deo Gloria

TOEKENNING AAN DR P VAN STADEN

Pieter van Staden is op 18 Februarie 1953 as oudste seun van ds Pieter Schalk van Staden van Groot Marico en Susanna Josina van Staden (née Ahlers) van Ermelo gebore. Hy begin sy skoolloopbaan in Groblersdal en sluit dit in 1970 aan die Hoërskool Nelspruit af.

In 1977 tree hy met Selna van den Berg in die huwelik. Uit die huwelik word drie dogters gebore: Mirélle (1979), Shalmi (1982) en Cara (1986).

Akademiese kwalifikasies en studierekord

1. Universiteit van Pretoria

    * Baccalareus Artium: Admissie (1974)
    * Baccalareus Divinitatis, Teologie (1978)
    * Baccalareus Artium Honores, Semitiese Tale (*cum laude*) (1979)
    * Doctor Divinitatis: Nuwe Testamentiese Wetenskap. *Compassion – the essence of Life. A social-scientific study of the religious symbolic universe reflected in the ideology/theology of Luke* (1991).

2. Randse Afrikaanse Universiteit (Universiteit van Johannesburg)

    * Baccalareus Artium Honores, Klassieke Tale (*cum laude*) (1996).

Akademiese loopbaan

* Doseer Hebreeus aan die Universiteit van die Noorde 1982 tot 1984
* Doseer Nuwe Testament aan die Universiteit van Pretoria 1991 tot 1992
* Doseer Klassieke Kultuur en Grieks aan die Randse Afrikaanse Universiteit 1994 tot 1998
* Doseer Nuwe Testament aan die Hervormde Teologiese Opleiding te Hammanskraal 1994 tot 1998.

Akademiese prestasies en bydraes

Dr Van Staden ontvang 'n internasionale borgskap om voltyds navorsing in mitologie, vergelykende godsdienste en godsdienswetenskap te doen. Die navorsing het uitgeloop op 'n publikasie met die titel *Towards a greater God: The evolution of religion*.

Naas hierdie boek, het daar nog twee publikasies uit sy pen verskyn, naamlik *Compassion – the essence of life*, 'n publikasie van sy proefskrif in die Hervormde Teologiese Studies (Supplementum 4, 1992), en 'n digbundel in 2006, *Rasterwerk*, uitgegee deur Scribamus in die Paarl.

Hy het ook 15 wetenskaplike artikels in geakkrediteerde wetenskaplike tydskrifte gepubliseer. Interessante titels wat uitstaan, is *Jesus and Asklepios*, in *Ekklesiastikos Pharos* 80/1 en 2, 'n artikel wat gelei het tot die internasionale toekenning, en *Beating the ape: The synergy of religion and science*, ook in *Ekklesiastikos Pharos* 84/1, en Bakens, drumpels en webbe: (Hervormde) Teologie as kreatiewe onderneming/*Beacons, thresholds and webs: Theology as creative undertaking*, in *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 69(1). Daar was ook minstens 35 populêr-wetenskaplike artikels oor verskillende onderwerpe in kerklike publikasies.

Besondere diens aan die NHKA en kerklike opleiding en –vorming

Sy loopbaan as predikant begin in 1978 toe hy op 26 November 1978 in Voortrekkerhoogte georden word. Tydens sy diensplig dien hy as deeltydse predikant in Gemeente Weskus. In 1980 word hy as voltydse predikant in Gemeente Roedtan bevestig. In 1985 skuif hy na Volksrust en in 1986 na

Melville, steeds as voltydse predikant. Hy bedien Melville totdat hy in 1999 van die standplaas losgemaak word om met voltydse studie en navorsing te begin. Van 2005 af is hy beroepafwagtend, totdat hy in 2010 as deeltydse predikant in die kombinasie Stellenbosch/Worcester bevestig word. Dr Van Staden emeriteer in 2018, maar gaan steeds voort met sy bediening in die kombinasie Stellenbosch/Worcester, waar hy spesifiek in Worcester werk.

Sy kerkwerk is egter nie tot gemeentelike werk beperk nie. Op ringsvlak aanvaar dr Van Staden verantwoordelikheid vir verskeie aspekte van kerkwerk: Hy het in die Ringsraad vir Sensus en Statistiek, Ringsendingraad en die Ringskomitee Predikante gedien. In die ring van Johannesburg het hy in die Ringskommissie as addisionele lid, visevoorsitter en voorsitter gedien. In die ring van Wes-Kaapland het hy verskeie termyne as voorsitter van die ring gedien, en ook as voorsitter van die Ringskomitee Predikante.

Op sinodale vlak het hy in die Raad vir Maatskaplike Sake sowel as die Raad vir Apostolaat gedien. Dr Van Staden was ook betrokke by die nuwe Afrikaanse vertaling van Die Bybel: 'n Direkte Vertaling, en het in verskeie ander komitees in die Kerk gedien. Hy was subredakteur van die teologiese rubriek in *Die Hervormer*, die Kerk se amptelike verteenwoordiger by die Bybelgenootskap in die Wes-Kaap, en medewerker by die Bybelgenootskap se uitgawe van die Verwysingsbybel, waar hy verantwoordelik was vir die boek Efesiërs. Voorts was hy ook deel van die advieskomitee vir die herskryf van die Kerkorde.

Dr Van Staden was meer as net 'n baie goeie dominee in die Kerk. Hy ontvang vandag se toekenning veral ook weens sy bydrae tot die vorming van die teologiese denke in ons Kerk. Hy het by meer as een geleentheid toe daar in die Kerk met moeilike sake geworstel is, 'n groot bydrae gelewer om koers aan te dui.

Dr Piet van Staden se lewe in die Kerk kan soos volg opgesom word: Die grootste bydraes wat hy gelewer het, was die mate waarin hy waarde kon toevoeg tot mense se lewens, en daarmee saam sy deurdagte bydraes op kritieke momente in die Kerk se geskiedenis, in belang van die Kerk.

Met hierdie oorkonde gee die NHKA erkenning aan dr Pieter van Staden vir sy toegewyde en voortreflike bydrae aan die Kerk op akademiese en kerklike terrein.

REPLIEK: DR P VAN STADEN

Om in die Kerk te werk, beteken om deel te wees van 'n geloofsfamilie in enger en breër sin. Die ander lede van daardie familie is belangriker as wat ons besef. Hulle is ons gespreksgenote, soms ons opponente, maar altyd ons medegelowiges. Hulle verdien ons respek. Die Romeinse geskiedskrywer Tacitus vertel dat keiser Tiberius by geleentheid oor die kruiperigheid en napratery van die senatore in die Romeinse senaat gesê het: Hoe gereed is hierdie mense om slawe te wees (*o homines ad servitutem paratos!*). Hy sou dit nie maklik kon sê van lidmate en predikante van die Hervormde Kerk nie. Ons kulturele en kerklike identiteit adem 'n gees van vurige onafhanklikheid. Dit kom uit ons geskiedenis, en is ook waarneembaar in die intellektuele en teologiese aktiwiteit in die Kerk. Ons teologie sou ek tipeer as verkennend van aard. Dit vorm 'n trajek wat reik tot anderkant die huidige verstaanshorison in ons soeke na die waarheid van God. Dit beteken per definisie dat alles wat ons dink en sê en doen 'n voorlopige karakter het. Ons raffineer die verlede vir die hede op weg

na die toekoms. Die proses gaan mank aan foute, en juis daarom moet dit eerlik, nederig en onderhewig aan regstelling bly. Dit was 'n voorreg om in 'n ruimte te kon werk waar hierdie ingesteldheid oor die algemeen gehandhaaf word.

Ek ontvang hierdie toekenning in nederige dankbaarheid. Die heel eerste teologiese navorsing wat ek onderneem het, het gehandel oor die loongedagte in die leer van Jesus. Die slotsom was dat Jesus sê: God self is die gelowige se loon, en dit is suiwer genadeloon. 'n Sleutelteks ten opsigte hiervan is Jesus se uitspraak oor die loon van 'n dienskneg wat net by Lukas (17: 7 tot 10) voorkom: *As julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan: Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het gedoen wat ons plig was om te doen.* So ervaar ek dit ook. Ek betuig hiermee my dank aan die Here vir insigte wat 'n nuttige bydrae kon lewer; aan die Kerk, waar ek die ruimte kon vind om my lewenstaak te verrig; aan gespreksgenote vir hul vormende invloed; aan my ouers, vrou en kinders en vriende vir hul aansporing, liefde en geduld. Dank aan gewaardeerde kollegas vir die nominasie en aan die Kuratorium vir die toekenning. Ek dra dit op aan al die toegewyde lidmate en predikante van die Kerk.

TOEKENNING AAN PROF IWC VAN WYK

Prof Natie van Wyk het vir 'n baie lang tydperk in die Hervormde Kerk 'n besondere bydrae gemaak ter bevordering van Bybels-Reformatoriese teologie. Sy werk in Sistematiese Teologie, Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap getuig van 'n vaste oortuiging om kritiese teologie te beoefen wat gerig is op kontekstuele probleme. Hy het in talle rade en komitees van die NHKA gedien. Dit was veral met sy betrokkenheid by die Raad vir Apostolaat en die Raad vir Kerkregtelike Advies dat hy 'n enorme bydrae gelewer het, onder andere met die opstel van die Kerkorde van 1997 (NHKA 1997). Dáár het hy konsekwent daarvoor gestry dat die rasseklousule (Artikel III) uit die Kerkorde verwyder word. As ekumeniese teoloog het prof Van Wyk 'n reusebydrae gemaak tot die uitbou van die Kerk se betrekkinge oor kerklike grense heen.

Akademiese kwalifikasies en studierekord

1. **Randse Afrikaanse Universiteit (Universiteit van Johannesburg)**

   * Baccalareus Artium: Admissie (1977).

2. **Universiteit van Pretoria**

   * Baccalareus Artium Honores, Wysbegeerte (1979).
   * Baccalareus Divinitatis, Teologie (1981) .
   * Doktorale eksamens (1981).
   * Studie aan die Universiteit van Bonn, die Universiteit van Tübingen en die Kerklike Universiteit van Wuppertal (1981 tot 1984).
   * Doctor Divinitatis: Dogmatiek. *Das Theodizeeproblem als Orienterungspunkt der kirchenpolitischen und theologische Streitfragen: Eine Auseinandersetzung mit Jürgen Moltmann* (1987).

Akademiese prestasies en bydraes

Publikasies

* Prof Van Wyk het meer as 50 artikels in geakkrediteerde akademiese tydskrifte gepubliseer in die tydperk 1988 tot 2018.

* Hy het bykans 40 artikels in populêr-wetenskaplike tydskrifte gepubliseer.

* Hy is steeds besig met navorsing, en 'n boek met die titel *Martin Luther: 'n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte* sal aan die einde van 2019 deur AOSIS gepubliseer word.

Vakverenigings

* Luther-Gesellschaft (Wittenberg).
* Karl Barth Studienverein (Bonn).
* Calvyn Navorsingsvereniging.
* Southern African Missiological Society.

Internasionale en plaaslike arbeid as dosent en akademikus

* Redakteur van twee populêr-wetenskaplike teologiese tydskrifte: *Theology and the Church in South Africa* (*ThaciSA*) en die *Tydskrif vir Hervormde Teologie* (*THT*).

* Afdelingsredakteur van die *HTS Teologiese Studies* se Reformasie 500-herdenkingsuitgawe (2017).

* Bied lesings aan by die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) en die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek (Universiteit van Pretoria), 1989 tot 2016.

* 1993 tot 2000, dosent in Dogmatiek en Christelike Etiek aan die Hervormde Teologiese Opleiding (HTO).

* 1996 tot 2004, akademiese hoof van die HTO.

* 2005 tot 2011, gasdosent in Mediese Etiek aan die Fakulteit Geneeskunde, Universiteit van Pretoria.

* 2005 tot 2015, direkteur van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM).

* Gasdosent by onderskeidelik die Universiteit Karlskrona en die Universiteit Lund (Swede), Trinity Theological Seminary (Ghana), die Lutherische Kirchenmission en die Hermannsburger Missiongesellschaft (Duitsland), en by die Hendrik Kraemer Instituut (Nederland).

Besondere diens aan die NHKA en kerklike opleiding en -vorming

Prof Van Wyk is sedert 1980 predikant van die Kerk en dien van 1996 tot 2004 as hoof van die Hervormde Teologiese Opleiding (HTO) by Hammanskraal, en van 2005 tot 2015 as direkteur van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM).

Sedert 2016 werk hy as Koördineerder van Ekumeniese Sake, met die fokus op Reformasie 500. Hy het met die herdenking van die Kerkhervorming deur die Afrikaanse susterkerke 'n besondere bydrae gelewer deur middel van navorsing, die beskikbaarmaking van materiaal en die inrigting van die gesamentlike feesdiens op 29 Oktober 2017 in Pretoria.

Deur die oprigting van twee tydskrifte het hy talle jonger akademici gehelp, aangemoedig en geïnspireer om te publiseer, veral op die terrein van

Reformatoriese teologie. Die jaarlikse konferensies wat hy onder die vaandel van die Hervormde Teologiese Kollege aangebied het, het jong akademici die geleentheid gebied om lesings oor Ebeling, Moltmann, Pannenberg en vele ander aktuele temas aan te bied.

Hy het wesenlik tot die Kerk se Bybels-Reformatoriese teologie bygedra met 'n reuse-aantal publikasies (nagenoeg 450) wat verspreid te vind is in kerklike tydskrifte, memoranda en adviese aan verskeie kerklike vergaderings, rade en komitees. Prof Van Wyk het in talle rade en komitees van die Kerk gedien, onder meer die Raad vir Ekumene, Raad vir Kerkregtelike Advies, Raad vir Apostolaat, Raad vir Maatskaplike Sake, die Tussenkerklike Raad, die Raad vir Godsdiensbesware teen Diensplig, die Raad vir SENTIK, die Komitee vir die Herskrywing van die Kerkwet, die Komitee vir die Skryf van 'n Nuwe Kerkorde, die Komitee vir die Hersien van die Psalmboek en ook die Gesangeboek, die Komitee vir Etiese Sake, die Komitee vir Studie oor Skuldbelydenis, die Komitee vir die Argief en die Biblioteek, die Komitee vir die Besinning oor Homoseksualiteit, en die Komitee vir die Herbesinning oor die Amp, die Komitee: Ekklesiologie en Kerkorde, die Komitee: Studie oor Kerkverlating, die Kernkomitee Kerk en Teologie, die Kalenderkomitee, die Bemiddelingskomitee en ook die Komitee: Gesprek Teologie en Filosofie.

Prof Natie van Wyk se teologiese arbeid is 'n voorbeeld van die uitnemendheid en die kwaliteit wat nog altyd vir die Hervormde Kerk ononderhandelbaar was. Die impak van sy dienswerk aan die Hervormde Kerk sal nog vir lank oor grense heen sigbaar wees.

REPLIEK: PROF IWC VAN WYK

Hiermee my hartlike dank aan die Kuratorium, met instemming van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, vir hierdie gewaardeerde eerbewys.

Ek bedank dr Tanya van Wyk en prof Wim Dreyer wat my vir hierdie toekenning benoem het.

My dank betrek almal wat 'n opbouende en ondersteunende rol in my loopbaan gespeel het. Ek sonder graag my vrou, Neltjie, uit wat haar eie akademiese loopbaan ondergeskik gestel het aan my kerklike en akademiese verpligtinge.

'n Mens is dankbaar dat enkele mense uit 'n kleinerige Kerkie geoordeel het dat my bydrae tot die teologie betekenisvol is. Hierdie oordeel moet egter in perspektief geplaas word. Binne die wyer ekumene sal daar nie noodwendig dieselfde positiewe oordeel gevel word nie. Gemeet aan ander teoloë, is my bydrae maar gering. Hierdie erepenning dien egter as motivering om met volharding verder navorsing te doen en te publiseer. Die dag met my begrafnis moet daar darem gesê kan word: *Hy het sy plig gedoen.* Gelukkig sal die maatstaf by die laaste oordeel oor my lewe en werk nie die sukses en mislukking van my arbeid wees nie, maar die genade en barmhartigheid van die Here, Jesus Christus.

In die lig van die barmhartigheid wat oor my uitgestort sal word, sal ek volhard om in prediking en publikasies die skatte van die evangelie met u te deel. Martin Luther het in 'n laaste nota vóór sy dood gesê dat ons *maar net bedelaars is*. In gebed vra ons die Here om ons navorsend tot die regte insigte van die evangelie te bring. Die laaste fase van my lewe sal hopelik ook gewy kan word aan die

voortgaande ontdekking van die onuitputlike skat van die evangelie van Jesus Christus.

Deur met die evangelie besig te wees, impliseer *evangeliese teologie*. *Evangeliese teologie* ontsluit die verborge teenwoordigheid van die lewende Heer aan die kruis, die Nagmaaltafel en die lewe van die gemeenskap van die gelowiges. *Evangeliese teologie* wil die hoop wat daar in Jesus Christus te ontdek is, kontekstualiseer. Die huidige hoop-loosheid van die Afrikaanssprekende gemeenskap is 'n bron van groot kommer. Sonder die hoop wat die Vader van Christus bied, sal die Afrikaanse gemeenskap in verbittering verval, wat gaan uitloop op irrasionele aggressie.

Die hoop wat die evangelie bied, word in die Bybel en goeie Reformatoriese tekste ontdek. Ek hoop om verdere bydraes te lewer in onder andere die ontsluiting van tekste uit die beginjare van die Reformasie. Die tekste in die Nederduitse [*Niederdeutsch*] dialek, van mense soos Johannes Bugenhagen, asook vroeë Protestantse gesangeboeke, kategismusse en kerkordes wat in hierdie dialek gepubliseer is, is nog nie vir die Afrikaanssprekende ontgin nie. Die sprekers van Nederduits was mense wat onder lewensbedreigende omstandighede geleef en gewerk het. Nogtans het hulle, danksy die hoop wat in hulle geleef het, kultuurprestasies opgelewer waarvan die vrugte vandag nog in Europa gepluk word. Die vertaling en bekendstelling van die Reformatoriese teologie vanuit die Nederduitse dialek sal hopelik meehelp om ons noue kulturele bande met die oorspronge van die Reformasie te aktualiseer.

Mag die genade van Jesus Christus, die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees verder met hierdie Algemene Kerkvergadering wees!

1.4 EREPENNING VIR BESONDERE DIENSLEWERING

Die oorhandiging van die erepenning vir besondere dienslewering word behartig deur die voorsitter van die Kommissie van die AKV, dr AG Ungerer.

TOEKENNING AAN MNR PIET BEUKES

Die reglement vir die toekenning van die erepenning bepaal dat die ontvanger daarvan besondere diens aan die NHKA moes lewer, wat tot die groei en vooruitgang van die Kerk in die geheel gelei het. Die lojale en uitnemende diens wat mnr Piet Beukes oor 'n tydperk van 18 jaar aan die Kerk gelewer het, voldoen volledig aan hierdie vereiste.

Mnr Beukes is sedert 29 Januarie 2001 verbonde aan die Sinodale Dienssentrum, nadat mnr Kobus Viljoen, 'n voormalige administrateur van die Kerk, sy waarde raakgesien het en hy aangestel is as hoof: mannekrag en administrasie. Die posbenaming het oor die jare enkele kere verander, maar mnr Beukes was deurlopend verantwoordelik vir personeel- en administratiewe aangeleenthede.

Sy bydrae tot die welwese van die Hervormde Kerk het egter veel wyer gestrek as wat van die posbenaming afgelei kan word. Sy uitgebreide kennis van mediese en pensioenfondse, geboueadministrasie en korttermynversekering, asook sy praktiese, tegniese en rekenaarvaardighede en die vermoë om die kleinste detail te onthou, het sedert sy aanstelling opgeval. Op grond daarvan is hy by talle besluitnemingsprosesse in die Kerk betrek.

Mnr Beukes het onder meer gedien in die Raad van Finansies, Oudit- en Risikokomitee, Beleggingskomitee, Bestuurskomitee, direksies van die Diensorgane, Salariskomitee, Rasionalisasiekomitee en die Pensioenraad. Sy betrokkenheid hierby het 'n wesenlike bydrae gelewer tot die effektiewe funksionering van die Sinodale Dienssentrum en die Kerk in die algemeen.

Die bydraes waarvoor mnr Beukes in die besonder onthou sal word, sluit die volgende in:

* Hy het 'n sleutelrol gespeel in die tydperk toe die Sinodale Dienssentrum gerekenariseer moes word. Vir homself was dit ook 'n nuwe veld, maar hy was bereid om te leer en het daarom spoedig 'n kenner op die gebied geword. Sy kundigheid het daartoe gelei dat hy ook vir gemeentes en predikante onmisbaar geword het, en hy het 'n leidende rol gespeel in die opgradering van gemeentelike stelsels.

* Die vermoë om agendas op te stel en die besluite van vergaderings te dokumenteer, is van onskatbare waarde vir enige instelling. Mnr Beukes beskik oor 'n besondere taalvaardigheid en het uitstaande diens gelewer deur vir jare as sekretaris van verskeie vergaderings op te tree. Hy was onder meer sedert 2001 die sekretaris van die Raad van Finansies. Sy vermoë om die essensie van 'n saak saam te vat en op skrif te stel, dien vermeld te word as een van die terreine waarin hy die Kerk tot besondere diens was. Daarmee saam het hy 'n uitstaande geheue en kon hy telkens op kritieke oomblikke deurbrake lewer deur besluite en gesprekke van die verlede te herroep. Daar is al na hom verwys as *die korporatiewe geheue van die Kerk*.

* As personeelbestuurder het die diens wat hy gelewer het 'n positiewe impak gemaak op talle werknemers van die Kerk. Hy was verantwoordelik vir die personeelbestuur van die Sinodale Dienssentrum in 'n tydperk waarin daar heelwat rasionalisasie plaasgevind het. Mnr Beukes het die rasionalisering van personeel deurgaans effektief en met deernis hanteer. Dit het 'n groot tol van hom geëis, maar hy het nooit laat blyk dat dit te veel was vir hom nie. Die personeel het steeds die hoogste agting vir hom en getuig daarvan dat hy nooit te besig was om te help nie. Hy het ook gemeentes op gereelde basis bygestaan met arbeids- en kontraktuele aangeleenthede.

* Mnr Beukes het 'n besondere insig in pensioenaangeleenthede. Sy bydrae ten opsigte van die onlangse oorskakeling van die pensioenfondse van sowel die predikante as die personeel van vaste voordeelfondse na 'n enkele vaste bydraefonds, moet nie gering geskat word nie. Sy kennis van wetgewing in dié verband is uitgebreid en waardevol. Hy het ook oor die jare baie ure daaraan gewy om predikante met aftree- en finansiële beplanning by te staan. Hy ontsien steeds geen moeite nie om emeriti en weduwees van predikante te ondersteun. Sy kundigheid met belastingaangeleenthede en die gratis hulp wat hy in dié verband aan predikante verleen het, het ook menige predikant tot voordeel gestrek.

Bogenoemde is enkele voorbeelde van die besondere diens wat mnr Beukes gelewer het. Dit is nie moontlik om die waarde van die insette te bereken nie. Hyself was nooit op die voorgrond nie, maar die diens wat hy agter die skerms gelewer het, het 'n wesenlike bydrae gelewer tot die groei en vooruitgang van die NHKA.

Dit dien vermeld te word dat mnr Beukes nie 'n lidmaat van die Hervormde Kerk is nie, maar van die NG Kerk. Hy is die eerste nie-Hervormer wat die erepenning vir besondere dienslewering ontvang. Ook dit getuig van 'n merkwaardige lojaliteit teenoor en liefde vir die Kerk.

Met die toekenning van die Erepenning vir Besondere Dienslewering word aan mnr Piet Beukes erkenning gegee vir sy jarelange onselfsugtige diens aan die Kerk.

REPLIEK: MNR PIET BEUKES

Dit is voorwaar 'n eer wat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, die Raad van Finansies en daardeur die Kerk, aan my en my gesin bewys het. Aan almal wat die afgelope 18 en 'n half jaar my pad gekruis het, baie dankie.

Hierdie toekenning word vandag aan my gemaak, maar glo my dat ek maar net 'n instrument in God se hand was. Sonder sy bystand en die ander mense wat my in die proses gehelp het, sou dit nie moontlik gewees het nie. Om in dieselfde asem genoem te word as ds Stoffel Badenhorst, ds Dries Beukes, adv Joël Fourie, dr Manie Dreyer, dr Wian Kloppers en mnr Kobus Viljoen, is voorwaar 'n baie, baie groot voorreg.

Ek deel dan ook graag die toekenning met die volgende persone:

* My vrou, Menke, vir die laaste amper 45 jaar, en ons gesin. Soms was daar maar moeilike situasies, maar met sy hulp is ons daardeur.

* Mnr Kobus Viljoen en Rona Barnard wat albei 'n besondere rol in die Kerk en in my lewe gespeel het: Baie dankie vir dit wat julle vir my beteken het en nog beteken.

* Ds Stoffel Badenhorst, ds Dries Beukes en ds Colin Hertzog as voorsitters van die Raad van Finansies. Dit was werklik vormende jare. Baie dankie daarvoor.

* Baie dankie ook aan die lede van die onderskeie Rade van Finansies met wie ek saamgewerk het.

* Die lede van die onderskeie pensioenfondse met wie ek kon saamwerk en by wie ek ook kon leer.

* Baie dankie aan al die personeel met wie ek die afgelope 18 en 'n half jaar saamgewerk het by die Sinodale Dienssentrum. Sonder julle sou hierdie toekenning nie moontlik gewees het nie. Ek wil regtig nie hier enige persoon of persone uitsonder nie, want dit sou onregverdig wees teenoor ander wat ek dalk al vergeet het.

* Baie geluk ook aan dr Wian Kloppers wat die toekenning saam met my ontvang.

* Ek het baie om voor dankie te sê en ek wil graag aan Hom al die eer bring vir die geleentheid wat Hy my gebied het om vir die laaste 18 jaar by die NHKA te kon werk.

Dankie weer eens vir die toekenning.

TOEKENNING AAN DR WC KLOPPERS

Dr Wian Kloppers word vroeg reeds by die Kerk se publikasies betrek en gee nuwe sigbaarheid aan onder andere die destydse *Studente-Hervormer, Vroue-Hervormer*, *Die Hervormer* en later ook *Konteks*. Hy is van die eerstes om te wys op die belang van 'n kerklike korporatiewe identiteit vir die NHKA en hy skep so 'n identiteit vir die NHSV in die 1990's. Hy ontwerp vervolgens ses NHSV-kongresboeke, asook dagboeke en ander korporatiewe materiaal vir die NHSV. Onder sy hand kry die *Almanak en Bybelse Dagboek* en ook AKV- en ADV-materiaal nuwe lewe. Hy beklemtoon die estetiese dimensie van geloof en kerkwees en neem inisiatief in die positiewe uitbou van die beeld van die NHKA, onder andere in die inisiëring en implementering van die voetewasmetafoor as diensbaarheidlogo van die NHKA.

Dr Kloppers stel hom ten doel om *holistiese en inklusiewe geloofskommunikasie* op elke vlak in die Kerk te bevorder. Naas sy proefskrif op dié terrein en 'n studiestuk aan die AKV as begronding, bevorder hy geloofskommunikasie as konkrete uitdrukking van die Kerk se identiteit deur vakartikels, sy redaksionele kolom oor 15 jaar asook ander bydraes. Hy lééf dit ook in sy kommunikasie en omgang met mense.

Die impak van sy vele inisiatiewe in *Konteks*, ook met bylae waardeur onder meer die werk van die Algemene Kerkvergadering vir die hele Kerk ontsluit én gedokumenteer word, is van onskatbare waarde. Die *Gedenkalbum 1987 tot 2017* wat hoofsaaklik deur middel van bylae oor vier jaar in *Konteks* tot stand gekom het, gee 'n unieke eietydse beeld van die NHKA se geskiedenis. Sonder dr Wian se inisiatief en volharding sou hierdie nalatenskap nie moontlik gewees het nie.

Die oorsig oor die 15 jaar van sy redakteurskap in die slotuitgawe van *Konteks*, Maart 2019, bied insig in die vernuwende rigting wat hy ingeslaan het en die inklusiwiteit wat hy nagestreef het, ook ten opsigte van die breë spektrum van deelnemers wat hy geleentheid gegee het. Die bydrae van *Konteks* tot die vorming van die identiteit van die NHKA en om die vele fasette van kerkwees uit te dra, kan moeilik oorskat word. Die groot aantal briewe en skrywes in die laaste uitgawe toon die waardering vir sy redakteurskap en vir die rol wat hy in *Konteks* en in die Kerk as geheel gespeel het.

Die NHSV se leuse *Wees 'n seën* het in dr Wian se persoonlike optrede, asook sy vele bydraes vir die NHSV en die NHKA as geheel, gestalte gekry. Met hierdie erepenning bring ons aan hom dank en erkenning daarvoor.

REPLIEK: DR WC KLOPPERS

Die evangelis Markus vertel van 'n **naamlose** vrou wat naderkom en Jesus met duur olie salf. Omstanders reageer verontwaardig, maar Jesus tree tussenbeide en verdedig haar met hierdie woorde: *…sy het vooruit al my liggaam gesalf as voorbereiding vir my begrafnis.* Haar daad word as deel van die evangelie verewig: *Oral waar die evangelie in die hele wêreld verkondig word, sal daar ook vertel word wat sy gedoen het, as 'n herinnering aan haar.*

Wat was so uniek aan haar optrede? Eenvoudig dít: Sy het Jesus se woorde geglo: As Hy gaan sterf en opstaan uit die dood (soos Hy gesê het), sou daar nie tyd wees om sy liggaam te salf nie. Vir haar was sy Woord rééds die Opstanding: Sy het dit onvoorwaardelik geglo. Die ander (drie vroue) is eers die

Sondagoggend na die graf om die dooie liggaam van Jesus te balsem. Daar het hulle ontdek dat Hy opgestaan het. Volgens Markus het hulle só geskrik dat hulle weggehardloop het en uit vrees dit nie aan die dissipels of enigiemand anders vertel het nie! Hierdie **drie vroue** word by die naam genoem: Maria Magdalena, Maria die ma van Jakobus, en Salome – hulle was bekendes onder Christus se volgelinge.

In 'n parallelle vertelling kom dit na vore hoe Petrus, Jakobus en Johannes, die **drie binnekring-dissipels**, Jesus in die steek laat. 'n **Naamlose** offisier sien egter hóé Jesus sy laaste asem uitblaas, en getuig: *Hierdie man was werklik die Seun van God*. Markus beskou dit as 'n volle geloofsbelydenis – net soos die salwing deur die naamlose vrou.

Markus se punt: Die bekende gelowiges en volgelinge faal dramaties, terwyl die **naamlose mense, die buitestanders,** die geloof in Christus verkondig!

So is dit steeds deur die eeue. Daarom is ek nog altyd skepties oor *toekennings* aan mense met name, terwyl almal wat bewustelik **naamloos dien**, daardeur geminag word. Om hierdie rede het ek oorweeg om nie die toekenning te ontvang nie. Dit sou egter beteken dat 'n mens dit eintlik net met méér skouspel doen. Daarom het ek besluit om dit wel in ontvangs te neem – maar dan **namens al die naamlose mense** wat op onnoembaar vele maniere die evangelie van die Opgestane Heer deur hul **leefwyse en diens** verkondig. Soos Markus treffend aantoon, is daar geen onderskeid tussen die geslagte nie. Dit is egter so dat my verbintenis met die vroue van die Kerk juis my eie dienswerk gestimuleer het.

Hierdie getuienis word ook geléef: Die Evangelie van Markus is die enigste waarvan die skrywer **onbekend** is – die naam is deur die tradisie aan hierdie eerste Evangelie gegee. Die een wat hierdie aangrypende getuienis lewer, bly self ook **naamloos.**

Hierdie *erkenning van diens* (geen *erepenning* nie) word opgedra **aan almal wat naamloos dien en naamloos getuig** én wat geen eer of erkenning kry nie vir hul toewyding en opoffering in diens van die lewende Woord van die opgestane Christus.

1.5 BEDANKINGS

Dr AG Ungerer spreek die volgende bedankings uit:

* Mnr Pieter van den Berg, koor en ander musikante wat die begeleiding behartig het.

* Die personeel van die Sinodale Dienssentrum wat die logistiek van die vergadering hanteer het.

* Oorhandiging van die erepennings:

  ** Dr T van Wyk vir die bewoording en versorging van die oorkonde van prof EC Kloppers.
  ** Ds C le Roux vir die bewoording en versorging van die oorkonde van dr P van Staden.
  ** Dr T van Wyk vir die bewoording en versorging van die oorkonde van prof IWC van Wyk.

** Ds CEC Hertzog vir die bewoording en versorging van die oorkonde van mnr Piet Beukes.
** Me Mari-lize Beukes ds EM Jansen vir die bewoording en versorging van die oorkonde van dr WC Kloppers.
** Die personeel van SENTIK wat verantwoordelik was vir die afronding en finale versorging van die oorkondes.
** Mnr JJP Hattingh en mev MC van Niekerk wat verantwoordelik was vir die slaan van die pennings wat oorhandig is, vir uitnodigings wat uitgestuur is en vir hulle aandeel aan die versorging van die oorkondes.

* Die persone wat erepennings ontvang het, hulle gades, kinders, familie en vriende wat teenwoordig was vir dié besondere geleentheid. Ons is dankbaar dat ons hierdie mooi geleentheid saam met u kon beleef.

* Ook 'n besondere woord van dank aan

** prof Y Dreyer en ander persone wat die tolkwerk in Engels van vanaand se verrigtinge behartig het.
** mnr Marius Hammond wat verantwoordelik was vir die etes wat vooraf bedien is.
** die algemene sekretaris en sy personeel wat verantwoordelik was vir die reëlings van die aand.
** lede van die uittredende Kommissie van die AKV wat die gaste ontvang het.
** elkeen wat vanaand hier teenwoordig was om aan die geleentheid besondere luister te verleen.

---oOo---

NHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

DEEL 2

Konstituering

22-26 September 2019

2. OPENING: MAANDAG 23 SEPTEMBER 2019 OM 08:30

2.1 OPENING

Ds CEC Hertzog, visevoorsitter van die uittredende Kommissie van die AKV, open die vergadering met Skriflesing uit

* Efesiërs 1: 3 tot 8,
* Efesiërs 1: 15 tot 17,
* Efesiërs 1: 22 en 23,
* Efesiërs 4: 1 tot 6,

samesang, en gaan voor in gebed.

VERWELKOMING

Die voorsitter van die uittredende Kommissie van die AKV, dr AG Ungerer, verwelkom

* lede van die uittredende Kommissie van die AKV.
* afgevaardigdes na die 72ste AKV.
* dosente van die Fakulteit Teologie en Religie.
* predikante in gemeentes, predikante in besondere diens, beroepafwagtende predikante en proponente.
* emerituspredikante.
* studente.
* verteenwoordigers van ander kerke en instansies:
    ** Dr Gustav Claassen (NGK)
    ** Ds Cassie Aucamp (GKSA)
    ** Ds Oscar Madlala (MRCC)
    ** Ds Josef Motloba (MRCC)
    ** Ds Ralph du Toit (Christelike Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika)
    ** Dr GC Lindeque (BSA).
* die algemene sekretaris en personeel van die Sinodale Dienssentrum.
* me Jana Marx van Netwerk 24.
* verteenwoordiger van *SunVote.*
* besoekende ampsdraers en lidmate.
* ander besoekers teenwoordig.

2.2 BESPREKING VAN DIE TEOLOGIESE INHOUD VAN DIE OPENINGSREDE (ORDINANSIE 4.4.4 (v))

Die vergadering bespreek die teologiese inhoud van die openingsrede van dr AG

Ungerer onder leiding van die visevoorsitter van die uittredende Kommissie van die AKV, ds CEC Hertzog. Die volgende persone neem aan die bespreking deel:

* Oudl Johan Bloem
* Ds JZ Britz
* Dr RA Denton
* Ds WJ Jansen van Nieuwenhuizen
* Ds AJ Pienaar
* Ds RTI Pienaar
* Ds GPJ Stoltz
* Ds CP van der Walt
* Dr DJC van Wyk (jr).

Dr AG Ungerer kry ten slotte geleentheid om repliek te lewer op die opmerkings wat gemaak is.

2.3 SAMESTELLING EN KONSTITUERING

2.3.1 GELOOFSBRIEWE

Afgevaardigdes besigtig 'n lys met die name van persone wat op Sondag 22 September 2019 geregistreer het wanneer die vergadersaal binnegegaan word op Maandag 23 September 2019. Gemeentes Makwassie en Tarlton se ongetekende geloofsbriewe word deur die vergadering aanvaar, sowel as Gemeente Breyten se geloofsbrief wat slegs deur die predikant onderteken is.

2.3.1.1 **Verskonings**

Die volgende verskonings vir afwesigheid van die duur van die vergadering is van predikante ontvang:

AFGEVAARDIGDE	GEMEENTE
Alberts NM ds	Beroepafwagtend
Benadé IL ds	Oudtshoorn
Bester PWAN ds	Glencoe
Beukes ME ds	Meyerton/Sonlandpark
Boshoff FJ dr	Chrissiesmeer
Botes HJ dr	Buffelspoort
Botha R ds	Standerton
Botma AC dr	Bothaville
Breytenbach APB prof	Emeritaat
Dippenaar J ds	Beroepafwagtend
Dreyer TF ds	Emeritaat
Dreyer WA ds	Delareyville
Du Plessis DZ ds	Wonderboom-Suid
Du Toit DJ dr	Beroepafwagtend
Dupper BM ds	Emeritaat/Pongola
Duvenage PW ds	Barberton
Gericke JD prof	Emeritaat/Setlaars
Hill-Jowett AMT dr	Siekte-emeritaat
Jacobs PJ ds	Outeniqua
Janse van Rensburg A ds	Montana/Kapelaan
Janse van Rensburg AJH ds	Paarl
Jansen van Rensburg A ds	Leeudoringstad

Jordaan PJ prof	Wonderfontein
Katzke I ds	Bloemfontein
Kay JH ds	Emeritaat/Utrecht/Vryheid
Kloppers EC prof	Montana-Oos
Loader JA prof	Buiteland
Le Roux C ds	Stellenbosch/Worcester
Malan DJR ds	Johannesburg
Meiring A ds	Beroepafwagtend
Nel AM ds	Emeritaat
Nortjé Ferdie ds	Siekte-emeritaat
Pienaar PJHS ds	Bosmansrust
Rocher G ds	Balfour/Nigel
Rust RJ ds	Vanderbijlpark-Oos
Schmidt D ds	Jeffreysbaai/Port Elizabeth
Swanepoel PC oudl	Nkana
Van der Merwe C ds	Beroepafwagtend
Van der Walt BJ ds	Namib-Suid
Van der Walt S ds	Beroepafwagtend
Van der Westhuizen MJ ds	Beroepafwagtend
Van Staden AV ds	Beroepafwagtend
Van Wyk GMJ dr	Kaapstad
Viljoen JJ ds	Emeritaat

Die volgende verskonings vir afwesigheid vir gedeeltes van die vergadering is van afgevaardigdes ontvang:

AFGEVAARDIGDE	GEMEENTE	DATUM EN TYD VAN AFWESIGHEID
De Beer J ds	Parys	24 September 2019 vanaf 10:00 tot 16:00
Dreyer TF ds	Wapadrand	23 September 2019
Dreyer TFJ prof	Emeritaat/Montana	22 September tot 26 September 2019 vir aandsittings
Dreyer-Krüger AE dr	Rustenburg-Suid	23 en 24 September 2019
Dykema W ds	Bloemfontein	22 en 23 September 2019
Enslin CB ds	Rustenburg-Kloof	24, 25 en 26 September 2019
Hattingh AJ ds	Krugersdorp-Noord	23 September 2019
Kidson MS ds	Pretoria-Wes	23 September 2019 oggendsessie
Lindeque GC dr	BSA	23 September 2019
Manders JT ds	Witfontein	23 September 2019 oggendsessie
Marran EB dr	Losberg	23 September 2019
Steenkamp PL dr	Emeritaat	23 September 2019
Van Jaarsveld PA ds	Montana	24 September 2019
Van Tonder CAP ds	Warmbard	24 September 2019 vanaf 10:30 tot 12:30
Vermaak G oudl	Parys	24 September 2019 vanaf 10:00 tot 16:00

2.3.1.2 **Konstituering**

Die vergadering word wettig saamgestel uit die volgende stemgeregtigde afgevaardigdes:

GEMEENTE	PREDIKANT	OUDERLING
Alberton	Viljoen PB ds	Van Wyk JMF
Alberton-Wes	Harmse WH ds	Du Toit T
Barberton	Jones RJ dr	Van Zyl CJ
Belfast	Oosthuizen (Botha) M ds	
Bellville	Ferreira (Ras) IF ds	Dreyer WJ
Benoryn	Gasson MM ds	Janse van Vuuren C
Bergsig	Nortjé F ds	
Bethal	Du Plessis-Manders MM ds	Swanepoel ML
	Manders C ds	
Bethlehem	Horn FP ds	Kriel K
Bloemfontein	Dykema W ds	Venter AE
	Dreyer JJ ds	
Bloemfontein-Wes		Hamman SJ
Boksburg	Bester D ds	
Bothaville		Bezuidenhout AHC
Brakpan		Kruger L
Brakpan-Harmonie	Jansen van Rensburg JA ds	
Breyten	De Leeuw LJ ds	Oosthuizen NJ
Brits	Celliers HJ ds	Pieterse H
Bronkhorstspruit	Van Staden JH ds	Diedericks DL
Buffelspoort		Rousseau AR
Carletonville	Calitz HW ds	Calitz HW
Carolina		Steenkamp JP
Christiana	Le Roux PDM ds	
Coligny		Dreyer JH
Culembeeck	Conradie A ds	Swamers P
Declercqville	Evert F ds	Yssel SS
Delareyville		Naudé W
Delmas	Jansen van Rensburg MJ dr	Kruger WH
Derde Kruis	Swanepoel AC ds	
Dolfynkus (voorheen Durban)	Jacobs DS ds	Van Biljon AV
Donegal	Vosloo-Steyn EN ds	Grobbelaar CJ
Dora Theo Gemeente Kimberley	Steenkamp PJ ds	
Drie Riviere	Louw HF ds	Kloppers FJ
Drie Riviere-Oos	Van Schalkwyk JBMH ds	Du Preez JWH
Duncanville		Groenewald TJ
Durban-Suid	Jacobs DS ds	Van Aarde JW
Ebenhaeser	Van Wyk DJC dr	Wan Wyk DJC (jr)
Eendracht	Pretorius M ds	Barnard J
Eikenhof	Strydom WA dr	Brown EW
Elandspoort	Van den Berg HP ds	Bloem M
El-Flora	Van Belkum M ds	Edwards T

Elsburg	Kramer JR ds	Viljoen FC
Erasmia	Delport M ds	Cousins A
Ermelo	Van Zyl PJ dr	
Ermelo-Suid	Bezuidenhout CJ ds	
Evander	Van der Linde LJ ds	
Gaborone	Jacobs PJ (jr) dr	
Gerdau	Harmzen P ds	
Germiston	Ayres J ds	Van Heerden C
Goudveld	Zastron SW ds	Janse van Rensburg J
Greylingstad	Naudé JS ds	
Grimbeekpark	Geel L ds	Van Wyk AJ
Groeneweide	Botha AS ds	Vos C
Groot Marico	Botha GS (jr) ds	Pretorius SJ
Hartbeesfontein	Harmzen P ds	
Hartebeeshoek	Jansen van Nieuwenhuizen WJ ds	Prinsloo PJ
Hartebeestpoort	Van der Merwe CM ds	Nolte AJ
	Sneygans FB ds	
Hazyview	Breytenbach WJM ds	
Heidelberg		Griffin PJA
Hendrina	Uys J ds	
Horison Roodepoort	Nel GCJ dr	Kloppers L
Jeffreysbaai		Kotzé PJJ ds
Joachim Prinsloo	Van Deventer JBJ ds	Botha P
Johannesburg Suid	Strydom WA dr	Van der Westhuizen G
Johannesburg Wes	Marnewick JC ds	
Kaapstad	Smith KF ds	Waugh E
Kampersrus	La Grange HF ds	
Kathu	Britz JZ ds	Bloem JD
Kempten	Fourie EG ds	Snyman JHH
Kempton Park-Oos		Hartman JA
Klerksdorp	Botha PJE ds	Van der Westhuizen J
Klerksdorp Doringkruin	Van Staden JM ds	Erasmus DE
Klerksdorp-Oos Môrester	Steÿn JJ ds	Welgemoed EA
Klerksdorp-Suid		Joubert HJ
Klerksdorp-Wilkoppies	Müller MA ds	
Koedoesrand	Van Rensburg L ds	
Komatipoort	Engelbrecht BM ds	Engelbrecht J
Koster	Kloppers HN ds	Erasmus PC
Kriel		Griesel C
Kroonstad	Zastron SW ds	
Krugersdorp	Schimper QJ ds	
Krugersdorp-Noord	Hattingh AJ ds	Kriel H
Krugersdorp-Oos	Kramer HMJ ds	Rossouw GJ
Krugersdorp-Wes	Schimper QJ ds	
Kruin	Pienaar AJ ds	Terblanche PW
Kuruman	Britz JZ ds	
Laer Suidkus	Pieterse JJ ds	
Laeveld	Beukes SA ds	
Leeudoringstad		Louw PJ
Letsitele		Smith PJJ
Lichtenburg	Senekal GC ds	Le Roux AJP
Lichtenburg-Oos		Jacobs DG

Losberg	Marran EB Dr	Smith W
Louis Trichardt	Oosthuizen S ds	Joubert JJ
Lydenburg	Botha WA ds	De Visser JF
Mafeking	Botha A dr	Scholtz JMM
Magaliesburg	Greyling JJ (jr) ds	Venter A
Magaliesmoot	Barnard D ds	Fourie JH
Makarios	Steenkamp LJS prof	
	Coertzen HP ds	
Malelane		Bezuidenhout WJ
Marble Hall	Koekemoer JJC ds	
Messina	Oosthuizen S ds	Louw HJJ
Meyerspark	Geyser PA prof	Paynter FJ
Meyerton	Beukes ME ds	Lotz JW
Middelburg	Steenekamp NJS ds	Rowe J
	Le Roux E dr	
Middelburg-Noord	Hertzog CEC ds	Smit PF
Midstream	Geel L (jr) ds	
Molopo	Vosloo-Steyn EN ds	
	Le Roux PDM ds	
Montana	Dreyer TFJ prof	Van Heerden JG
	Van Staden JM dr	
	Van Jaarsveld PA ds	
	Pottas A ds	
Montana-Oos	Van Wyk GF ds	Van Hamersveld FP
Morgenzon	Beukes JA dr	
Mosselbaai	Malan GJ dr	Erasmus PMSJ
Naboomspruit	Claassen JJ ds	Van den Berg PH
Namibkus	Janse van Rensburg L	Bezuidenhout HB
Namib-Suid	Van der Walt M ds	
Nederlandssprekende Gemeente	Dreyer Y prof	Van der Kuil F
	Van Wyk T dr	
Nelspruit	Botes MCE ds	Smith LHJ
	Macdonald GDJ ds	
Newcastle		Willemse H
Newlands	Potgieter M ds	Adriaanzen MC
Noordelike Pretoria	Van Niekerk JR ds	De Vries G
Noordrand	Kloppers HN ds	
Noordwestelike Pretoria	Van der Merwe C ds	
	De Beer GS ds	
	Fourie (Smith) C ds	
Odendaalsrus	Du Plessis CH ds	
Ogies	Pienaar RTI ds	Duvenage AC
	Losper (Lombard) IM ds	
Olifantsfontein	Labuschagne FJ dr	
Onverwacht	Prinsloo CB ds	Reynecke IA
Oos-Londen	Van der Walt CP ds	
Oos-Moot	Thomas A ds	Kok RC
Orkney	Steÿn JJ ds	Deetleffs N
Otjiwarongo	Van Niekerk CL ds	
Ottosdal	Janse van Rensburg PR ds	Le Roux WR
Outeniqua		Combrink H
Outjo	Van Niekerk CL ds	

Paarl		Marais CC
Parkrand	Van Baalen EJA ds	Boot A
Parys	De Beer J ds	Vermaak G
Phalaborwa	Van Zyl G ds	Erasmus H
Philadelphia	De Beer SM dr	Trollip M
	Van Wyk WC dr	Louw MS
	Slabbert MJ ds	
	Geyser-Fouché AB dr	
	Robbertze MD ds	
Pierneef	De Kock P ds	Viljoen JF
	Du Preez J ds	
Piet Potgieter	Steinmann A ds	
Piet Retief		Potgieter W
Pietermaritzburg	Van der Berg CJ ds	Groenewald AJ
Port Elizabeth		Botha F
Potchefstroom	Kok WJJ ds	Jansen van Rensburg SM
Potchefstroom Die Wilge		Prinsloo DG
Potchefstroom-Noord	Kok SA ds	Landsberg NHMJ
Potchefstroom-Studente	Denton RA dr	Van Staden N
Potchefstroom-Suid	Smit GJ ds	Willemse H
Potgietersrus	Nel HSK ds	Beukes ME
Pretoria	Pretorius C dr	Van Staden PC
Pretoria-Noord	Bester JP dr	
Pretoria-Oos	Dreyer WA prof	Kotzé SL
	Van der Merwe JF ds	
	Ungerer AG dr	
	Hopley R ds	
Pretoria-Wes	Kidson MS (van Zyl) ds	
Primrose-Oos	Van Schoor WAJ dr	
Randburg	Van Sittert JJ ds	Booyse G
Randfontein Midpark	Van der Westhuizen JPC	
Richardsbaai	Furstenberg P de K ds	Furstenberg HJ
Riebeeckstad		Ter Stege R
Rietspruit	Sheppard E ds	Dreyer JH
Rietvallei	Odendaal HJ ds	De Beer JM
	Herbst H ds	
Roedtan		Grobbelaar AM
Rooihuiskraal	Vogel IJ ds	Venter W
Ruskoppies	Van Deventer JBJ ds	
Rust der Winter	Van Wyk BJ dr	
Rustenburg Jac van Belkum	Kloppers A ds	
Rustenburg-Kloof	Enslin CB ds	
Rustenburg-Suid	Dreyer-Krüger AE dr	Terblanche DJ
	Dreyer TJF prof	
Rustenburg-Tuine	Potgieter A dr	Kleynhans JE
	Young JA ds	
Sabie	Breytenbach WJM ds	Steyn TF
Saffierkus	Viljoen CJ dr	Erasmus PJ
Sannieshof	Rossouw P ds	Ferrero GFA
Sasolburg	Redelinghuys FJ ds	Redelinghuys CE
Sasolburg-Suid	Prinsloo L ds	Prinsloo TJB

Schoemansdal	Venter WF ds	Möller CA
Secunda	Wolmarans PJ ds	Boshoff AC
	Meyer M ds	
Seestergemeente Brackenhurst	Dreyer PS ds	Van Rooyen CL
Selcourt	Lourens D ds	
Silverton	Labuschagne HJ ds	Knol E
Sionshoogte	Taljard DJD ds	
Sionspoort	Van Staden JH dr	Labuschagne RD dr
Sonlandpark	Beukes ME ds	Van der Westhuizen PJ
Springs-Oos	Roets PJ ds	Du Toit RF
Standerton	Botha R ds	
Stellenbosch	Van Staden P dr	Goosen AJ
Stilfontein-Wes	Oosthuizen SJ ds	Graaff HC
Strand	Van der Merwe G ds	Combrinck JJ
Suidoos-Witbank	Losper IM ds	Hartmann A
	Lombard IM ds	
Sundra	Snyman WE ds	Jansen van Nieuwenhuizen CPF
Swartkop	Beukes APJ ds	Esterhuizen D
	Delport H dr	
	Roets AH ds	
Swellendam	Joubert TF ds	
Tarlton	Greyling JJ (jr) ds	Koegelenberg AJJ
Turffontein	Mc Donald JJ ds	Van Wyk JJ
Tzaneen	Van der Westhuizen RL ds	Pohl J
Upington	Britz JZ ds	
Utrecht		Van der Westhuizen C
Vaalharts	Le Roux PDM ds	Staats GL
Vaalpark		Hattingh AM
Vaalwater	Loedolff CAA ds	Brandon EJ
Van der Hoff	Du Preez JP ds	De Beer PA
Van Warmelo	Oosthuizen S ds	Van Heerden NHJF
Vanderbijlpark-Oos		Van Gijssel A
Vanderkloof		Labuschagne F
Ventersdorp	Jansen van Vuren MS ds	
Vereeniging	Serfontein DJB ds	Beeslaar SE
Verwoerdburg	Beyers J prof	Van Niekerk MP
	Van Eck E prof	
	Viljoen PF ds	
Viljoenskroon	Botha GS ds	Oosthuizen JT
Villieria		Harvie RFB
Vliegepoort	Van der Linde HT ds	Ayres MLD
Volksrust	Buitendag P ds	
Vredefort		Van Vuuren I
Vryburg	Holtzhausen JA ds	Claassens JL
Wapadrant	Oxton S ds	Pieterse AD
	Dreyer TF ds	
	Truter JW ds	
Warmbad	Van Tonder CAP ds	Vosloo CI
Waterberg	Sauer W de V ds	Opperman AF
	Van Wyk BJ dr	

Waterval Boven	Oosthuizen (Botha) M ds	Booyse AS
Welgelegen-Pietersburg	Joubert HS ds	Marais GF
	Marx J ds	
Weltevreden	Beukes CJ dr	Van Wyk G
Weskus	Le Roux M ds	Kleingeld M
Wesmoot	Botha RP ds	
Westonaria	Van der Westhuizen JPC	
Windhoek	Ras FH ds	
	Van Niekerk M ds	
Witbank-Noord	Oberholzer A ds	
Witbank-Suid	Jansen EM	
Witfontein	Bevolo-Manders JM ds	Badenhorst BJ
	Manders JT ds	
Witrivier	Breytenbach WJM ds	Smit N
Wolmaransstad	Viviers G ds	Treurnich GJC
Wonderboom	Esterhuizen PS ds	Mulder PFS
	Erasmus LK ds	
Wonderboompoort	Malan MD ds	De Klerk A
Wonderboom-Suid		Rademeyer G
Worcester	Van Staden P dr	Esterhuizen R
Zeerust	Oberholzer BC ds	Haugh T
Zoutpansberg	Van Wyk BJ dr	
Zuurfontein		Van Staden M
Zwartruggens		Uys N

Beroepafwagtende predikante

Van Rooyen LS ds
Viljoen A dr
Willers SH ds

Emeritaat

Aucamp H ds
Steenkamp CJH ds
Steenkamp PL dr
Truter JHL dr

Siekte-emeritaat

De Bruin CJ ds
Venter MA ds

Ordekommissie

Moodie T oudl
Groenewald MW oudl

Kommissie van die ADV

Pretorius AL diak
Stoltz GPJ ds
Van Zyl M diak

BSA

Lindeque GC dr

Waarnemers

Ferrero J oudl (Sannieshof)
Van Schalkwyk Z sr (Pretoria-Tuine)
Pelser WAJ ds (Roedtan)

2.3.2 VERKIESING VAN 'N VOORSITTER EN SKRIBA

In terme van Ordinansie 4.4.4 (vii)(a) kies die vergadering uit die aanwesige predikante 'n voorsitter en skriba.

Die volgende ordinansies word in ag geneem:

Ordinansie 4.4.4 (viii) wat soos volg lui:

> *Die Algemene Kerkvergadering sien toe dat van die ses predikantslede op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering minstens twee gemeentepredikante is.*

Ordinansie 4.4.4 (vii) wat soos volg lui:

> *Die Algemene Kerkvergadering kies tydens die vergadering, met inagneming van die beginsel dat geen ampsdraer vir langer as drie opeenvolgende termyne op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verkies word nie, en nie meer as twee termyne dieselfde opdrag uitvoer nie.*

Ordinansie 4.4.4 (x) wat soos volg lui:

> *Die nuutverkose Kommissie begin hulle werksaamhede na afhandeling van die agenda, voor die formele afsluiting van die vergadering.*

2.3.3 VERKIESING VAN PREDIKANTSLEDE VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV

In terme van Ordinansie 4.4.4 (vii)(a) kies die vergadering uit die aanwesige predikante

* 'n visevoorsitter en viseskriba
* twee verdere lede
* 'n sekunduslid vir elke predikantslid.

2.3.4 VERKIESING VAN DIE OUDERLINGSLEDE VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV

Volgens Ordinansie 4.4.4 (vii)(b) word uit die aanwesige ouderlinge

* nege lede
* nege sekundi wat om die beurt gebruik kan word, verkies.

Soos in die verlede, beveel die uittredende Kommissie van die AKV aan dat die ouderlingslede later in die vergadering, sodra hulle meer bekend geraak het, verkies word.

Oudle Thomas Dreyer, Theuns Groenewald, Tom Moodie en Anton Valks is nie weer verkiesbaar nie.

2.4 GOEDKEURING VAN DIE REGLEMENT VAN ORDE

2.4.1 OPROEP

Die oproep van die 72ste sitting van die AKV is deur die Kommissie van die AKV hanteer volgens die Kerkorde (Ordinansies 4.4 en 4.6.2).

2.4.2 AGENDA

2.4.2.1 Die AKV

* neem bindende besluite namens alle gemeentes, ampsdraers en lidmate.
* neem besluite oor die leer en belydenis, liturgie en vasstelling, en uitvoering van die Kerkorde.
* tree op as bykomende vergadering wanneer 'n beroep gedoen word teen 'n bevinding van die Kommissie van die AKV.

2.4.2.2 Die Kommissie van die AKV het met die oog op sinvolle besprekings, beskrywingspunte in die agenda opgeneem. Beskrywingspunte kan ondersteun word met memoranda, studiestukke, voorstelle en versoekskrifte, en word ingedien kragtens Ordinansie 4.4.4 (iii) deur

(a) die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering
(b) ringsvergaderings
(c) die Predikantevergadering
(d) die Algemene Diakensvergadering
(e) rade van die Kerk
(f) dienaars van die Woord, kerkrade en kerkraadslede deur die ringsvergadering in wie se werkkring hulle val.

2.4.2.3 Volgens Ordinansie 4.2.3 (xviii) reël die ringsvergadering watter afgevaardigde 'n beskrywingspunt wat opgeneem is in die agenda, tydens die vergadering sal toelig en motiveer. Indien daar geen aanduiding gegee word wie die toeligting sal doen nie, word die skriba van die betrokke vergadering, raad, kommissie of komitee opgeroep om dit te doen of reëlings in dié verband te tref. Indien 'n beskrywingspunt deur 'n raad, kommissie of komitee in die agenda opgeneem word, wys die betrokke raad, kommissie of komitee self 'n afgevaardigde aan wat die beskrywingspunt sal toelig en motiveer.

2.4.2.4 Die agenda wat vooraf beskikbaar gestel is, word as gelese beskou.

2.4.2.5 Bandopnames word ter wille van notuledoeleindes van die vergadering gemaak, waarna dit vernietig sal word.

2.4.3 KOMMISSIES WAT TYDENS DIE VERGADERING FUNKSIONEER

Die Kommissie van die AKV het voorlopig kommissies benoem om bepaalde take voor en tydens die vergadering te hanteer. Die vergadering sal versoek word om te besluit oor die benoemings.

2.4.3.1 **Kommissie vir geloofsbriewe: Drr FJ Labuschagne en WC van Wyk**

Die skribaat gaan die geloofsbriewe voor die aanvang van die AKV na en stel 'n presensielys saam. 'n Verslag oor geloofsbriewe wat nie in orde is nie, word aan die vergadering voorgehou. Die vergadering besluit daaroor.

2.4.3.2 **Ordekommissie**

* Oudl SE Beeslaar
* Oudl TF Dreyer
* Oudl D Esterhuizen
* Oudl MW Groenewald (sameroeper)
* Oudl AJP le Roux
* Oudl T Moodie
* Oudl AD Pieterse
* Oudl A Valks.

Die ouderlingslede van die uittredende Kommissie word benoem om as Ordekommissie op te tree. Nuutverkose ouderlingslede sal in die loop van die vergadering met dié taak behulpsaam wees.

Die Ordekommissie ontvang en oorweeg skriftelike, gemotiveerde verskonings vir tydelike afwesigheid uit die vergadering, en sien toe dat die sittingsure stiptelik gehandhaaf word.

Afgevaardigdes word dringend versoek om die vergadering stiptelik en getrou by te woon, en slegs in uiterste noodsituasies verskoning aan te teken.

Vorms waarop verskoning vir afwesigheid aangeteken word, is by die Ordekommissie beskikbaar.

2.4.3.3 **Formuleringskommissie**

* Dr AE Dreyer-Krüger
* Dr E le Roux
* Dr GJ Malan (sameroeper)
* Dr GCJ Nel
* Dr A Potgieter
* Dr A Viljoen.

Die Formuleringskommissie ontvang voorstelle en amendemente op beskrywingspunte wat in die agenda opgeneem is, en sien toe dat die bewoording van voorstelle wat tydens die vergadering gemaak mag word, korrek is en nie in stryd is met enige besluit van die AKV of die Kerkorde nie.

2.4.4 STEMPROSEDURE

Ds EG Fourie koördineer die stemproses saam met die konsultante wat deur die NHKA gekontrakteer is. 'n Elektroniese stemprosedure word gebruik, behalwe in gevalle waar dit nie moontlik is nie.

Slegs persone wat 'n volstrekte meerderheid (helfte plus een) ontvang het van die getal stemme wat uitgebring is, word deur die voorsitter verkose verklaar, tensy die vergadering anders besluit.

2.4.5 PROJEKSIESPAN

Die volgende projeksiespan word gebruik:

* Ds JM Bevolo-Manders
* Ds MM du Plessis-Manders
* Ds EG Fourie
* Ds JG Janse van Rensburg
* Ds C Manders
* Ds JT Manders (sameroeper)
* Ds M Potgieter
* Ds JM van Staden
* Ds SH Willers.

2.4.6 NOTULEHOUERS EN NOTULE

Die algemene sekretaris, dr FJ Labuschagne, die sekretaris: Kommissie van die AKV, dr WC van Wyk, die skriba en viseskriba.

Die notule word soos volg beskikbaar gestel tydens die oggend teepouse, en sal daagliks vir goedkeuring gestel word net na die middagete:

Datum	***Notule***
Dinsdag 24 September	Openingsgeleentheid van 22 September, oggend- en middagsitting van 23 September.
Woensdag 25 September	Aandsitting van 23 September, oggend- en middagsitting van 24 September.
Donderdag 26 September	Aandsitting van 24 September, oggend- en middagsitting van 25 September.

Die notule sal daagliks elektronies op die webblad van die 72ste AKV geplaas word en as gelese beskou word wanneer dit ter vergadering vir korrektheid voorgehou word. ***Alle lede van die vergadering is verantwoordelik vir die korrektheid van die notule***.

Slegs inhoudelike regstellings aan die notule sal ter vergadering gedoen word. Afgevaardigdes word versoek om ***spelfoute en redaksionele regstellings skriftelik by die notulehouers in te handig.***

Die notulehouers sorg vir die opneem van alle besluite en handelinge van die vergadering in die notule, en die notule word binne ses maande na afloop van die sitting deur die Kommissie van die AKV gefinaliseer en elektronies versprei (Ordinansie 4.4.4 (xiv)).

Binne ses maande na die AKV, op koste van die gemeentes, word een Kerkorde aan elke kerkraad en predikant gestuur. Die besluitebundel word slegs elektronies versprei.

2.4.7 BESPREKINGS EN SPREEKBEURTE

2.4.7.1 **Spreekbeurte**

'n Lid van die vergadering wat 'n spreekbeurt oor 'n bepaalde saak in die agenda

verlang, rig die versoek vooraf mondeling, skriftelik of by wyse van 'n SMS aan die Formuleringskommissie. Die sprekerslys sal, wanneer die bepaalde saak aan die orde gestel word vir bespreking, op die elektroniese inligtingskerm verskyn, waarna die besprekingslys gesluit word. Die voorsitter ken die spreekbeurte toe in die volgorde van die sprekerslys. Die tydsduur van 'n spreekbeurt is beperk tot vyf minute, maar mag, met toestemming van die vergadering, gewysig word. Geen lid van die vergadering is geregtig op meer as een spreekbeurt oor 'n bepaalde saak nie, behalwe wanneer al die sprekers op die lys hulle beurt gehad het en daar nog tyd vir bespreking toegeken is. Die voorsitter beslis of die bespreking beëindig word en of daar 'n tweede spreekbeurt toegeken word.

2.4.7.2 **Orde rondom besprekings**

(i) Die voorsitter het die taak om sprekers by die punt onder behandeling te bepaal, te sorg dat sprekers nie argumente wat reeds geopper is herhaal nie, en persone wat dreigemente uiter of die argument op 'n persoonlike vlak voer, tot orde te roep.

Wanneer 'n spreker afdwaal, of argumente herhaal, of dreigemente uiter, of *ad hominem* argumenteer, sal die voorsitter sy of haar aandag daarop vestig. As hy of sy na vermaning daarin bly volhard, sal die voorsitter hom of haar die woord ontneem.

(ii) Enige lid van die vergadering kan op 'n punt van orde die aandag van die voorsitter daarop vestig dat die voorsitter of 'n spreker nie volgens die Reglement van Orde of algemene vergaderingsprosedures handel nie, waarna die voorsitter die saak verder reël.

(iii) Die voorsteller van 'n beskrywingspunt of van 'n amendement op 'n beskrywingspunt het die reg om direk voordat daar tot die finale stemming oorgegaan word, repliek te lewer.

(iv) Tafelgesprekke rondom die tafels dien as inleiding tot besprekings.

2.4.7.3 **Ter inligting**

(i) Beskrywingspunte: 'n Beskrywingspunt is 'n voorstel wat via die ringsvergadering of Kommissie van die AKV in die agenda opgeneem is vir besluitneming.

(ii) Voorstelle: Geen nuwe sake kan tydens die vergadering voorgestel word nie. Slegs voorstelle wat verband hou met beskrywingspunte wat in die agenda opgeneem is, kan ter tafel geneem word.

(iii) Amendement: 'n Amendement op 'n beskrywingspunt is 'n voorstel wat nie die wesenlike inhoud van die beskrywingspunt affekteer nie, maar die bedoeling het om die beskrywingspunt te wysig.

Tydens die bespreking van 'n beskrywingspunt op die agenda kan lede van die vergadering amendemente op beskrywingspunte by die Formuleringskommissie indien. Dit moet skriftelik geskied en moet deur die voorsteller en 'n sekondant onderteken wees.

Na ontvangs van 'n amendement word dit eerste gestel. Indien dit nie aanvaar

word nie verval dit, en die voorstel in die agenda geld en word voorgehou vir besluit. Indien die amendement aanvaar word, word dit die nuwe geamendeerde voorstel wat die voorstel in die agenda vervang.

2.4.8 MOSIES

2.4.8.1 Slegs ordemosies wat die orde en gang van die vergadering raak mag ingedien word. Ordemosies word volgens die diskresie van die voorsitter hanteer.

2.4.8.2 Mosies van meelewing en waardering mag gedurende die vergadering ingedien word.

2.4.9 BEHANDELING VAN VERSLAE

2.4.9.1 By die behandeling van verslae stel die voorsitter eers die verslag vir kennisname en daarna die beskrywingspunte wat daarop betrekking het vir besluit. Wanneer veranderings in die verslag voorgestel word stel die voorsitter eers die aanbevelings en daarna die gewysigde verslag.

2.4.9.2 'n Verslag wat so afgehandel is kan nie weer behandel word nie. Wanneer 'n lid van die vergadering van mening is dat enige besluit hersien moet word, kan die lid tydens die sitting van die vergadering 'n skriftelike versoek om hersiening inhandig, medeonderteken deur 'n ander lid van die vergadering. Op ontvangs van so 'n versoek lê die voorsitter dit aan die vergadering voor. Die voorsteller ontvang die geleentheid om die versoek toe te lig, en een spreker wat beswaar wil maak, ontvang ook 'n spreekbeurt. Die tydsduur is in elke geval beperk tot vyf minute. Daarna stem die vergadering oor die versoek. Indien twee derdes van die vergadering hom ten gunste van die versoek verklaar, word die saak opnuut behandel. Hierdie reëling geld nie in die geval van 'n Buitengewone AKV nie.

2.4.10 AANTEKEN VAN TEENSTEM

'n Teenstem van enige lid van die vergadering teen 'n besluit word aangeteken by die skribaat so gou moontlik nadat die stemming oor die betrokke saak afgehandel is. 'n Teenstem word sonder bespreking in die notule opgeneem.

2.4.11 KLEREDRAG

Kleredrag moet nie afbreuk doen aan die waardigheid van die vergadering nie. By die amptelike opening Sondagaand dra alle dienaars van die Woord 'n toga. Neem asseblief kennis dat die afsluiting die vorm van 'n Nagmaal aanneem.

2.4.12 AGENDA VOLG AAN DIE HAND VAN DIE VISIE EN MISSIE VAN DIE NHKA

Die agenda is so ingerig dat dit fokus op die Kerk se roeping en werk soos dit verwoord is in die visie en missie van die Kerk, naamlik

Visie

Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld.

Missie

Om werklik Kerk van Christus te wees deur te fokus op

* viering
* gemeenskap
* diens
* getuienis.

Daarom wil die NHKA as gemeenskap van gelowiges ons geloof in Jesus Christus in woord en lied vier, mense dien en van die verlossing in Christus getuig.

Op hierdie weg sal ons deurgaans die volgende waardes handhaaf:

* Nederigheid in ons lewe voor God.
* Nugterheid in ons omgang met die Woord.
* Menslikheid in ons verhoudings met mekaar en ander mense.

Dit wil ons nastreef deur

* gehoorsame uitlewing van die Woord
* deurleefde en eietydse prediking
* entoesiastiese uitdra van die evangelie
* visioenêre leierskap op alle terreine
* liefdevolle ondersteuning van alle mense in nood
* op die uniekheid van Christus en sy Kerk te fokus.

Die volgende wysigings word aanvaar:

2.4.4 STEMPROSEDURE

Die lede van die Kommissie van die AKV word elk met 'n volstrekte meerderheid verkies.

By die verkiesing van lede van die Kuratorium, Raad van Finansies, Raad vir Kerkregtelike Advies en die Tugkomitee dien die vergadering vooraf skriftelik nominasies in by die Formuleringskommissie waarna die lede met die meeste stemme verkies word.

2.4.6 NOTULEHOUERS EN NOTULE

Vergelyk Omsendskrywe 13 van 2019:

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het by sy vergadering gehou op 5 en 6 September 2019 besluit dat die nuwe Kerkorde na afloop van die 72ste AKV slegs op versoek en teen koste gedruk sal word. Die nuwe Kerkorde sal elektronies aan gemeentes gestuur word en op die Kerk se webblad geplaas word. Gemeentes, funksionarisse en predikante word versoek om die Kerkorde elektronies af te laai en te bêre.

Die besluit is geneem om kostebesparing in die hand te werk, en groener te leef en werk.

2.4.7 BESPREKINGS EN SPREEKBEURTE

2.4.7.1 Spreekbeurte

Die visevoorsitter en skriba staan die voorsitter by met die opstel van 'n sprekerslys.

2.5 **SITTINGSURE**

Die volgende sittingsure word aanvaar:

Oggendsitting	08:30 tot 13:00	-	met teepouse 10:30 tot 11:00
Middagsitting	14:30 tot 18:30	-	met teepouse 16:30 tot 17:00
Afsluiting	18:30 tot 19:00.		

Die oggendsitting op Maandag 23 September 2019 begin om 08:30 in die kerkgebou van Gemeente Wonderboom.

2.6 **GROETEBOODSKAPPE**

NGK

Dr GF Claassen, die algemene sekretaris

Geagte broers en susters in Jesus Christus ons Here,

Namens die NGK groet ek u in die Naam van God die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Ek wil u bedank vir die uitnodiging om 'n groeteboodskap namens die NGK te bring en vir die gasvryheid en vriendelikheid waarmee ek altyd by julle ontvang word. Daar is deesdae soveel wedersydse kontak tussen die NGK en die NHKA dat ek sommige van u beter ken en meer gereeld as van my eie kollegas sien.

Skakeling in ekumeniese vergaderinge plaaslik soos die TKR, gesamentlike teologiese opleiding by UP, Reformasie 500, Kerkspieël, gesamentlike bedieninge in Zambië en Zimbabwe, samewerking op die terrein van Bybelvertaling, die skep en publisering van kerkliedere, bind ons op 'n wonderlike manier aan mekaar. Daarbenewens is die twee kerke ook deel van ander ekumeniese liggame soos byvoorbeeld die WCRC en sy streeksliggaam, die ACRC.

Die aanvaarding van die bilaterale ooreenkoms tussen die NHKA (2010) en die NGK (2011) het samewerking op gemeente- en sinodale vlak wonderlike momentum laat kry. Inspirerende verhale word vertel van samewerking veral op die platteland tussen ons gemeentes. Predikante word wedersyds beroep en daar is samewerking op die fokusareas van die jeug, bejaardes, manne- en vrouekampe, ensovoorts. Die twee kerke kan met reg diep dankbaar wees op die samewerkende eenheid wat ons alreeds beleef.

Tydens 'n byeenkoms op 19 Julie 2019 is 'n ontleding van die stand van sake in ons twee kerke deur prof Kobus Schoeman aan die hand van 2014 se Kerkspieël-navorsing gedoen. Uit dié navorsing blyk dit duidelik dat die profiel van ons lidmate in hooftrekke dieselfde lyk. Die gemiddelde ouderdom van albei

kerke se lidmate is 53 jaar, en net meer as 20% van ons lidmate is dooplidmate. Met feitlik 30% van albei Kerke se lidmate bo die ouderdom van 60 jaar, is dit onafwendbaar dat die lidmaattalle van die twee kerke sal bly krimp. Die finansiële posisie van ons gemeentes is ook dieselfde. Missionaliteit is vir altwee kerke ewe belangrik.

Dit is duidelik dat die afgelope tyd se samewerking en nader na mekaar groei, dit noodsaak om weer na die bilaterale ooreenkoms tussen die twee kerke te kyk. Die behoefte is daar om dit verder te verfyn ten einde sáám meer effektief die koninkryk te kan dien wanneer die Here ons in hierdie tyd roep om deel te hê aan sy werk in ons wêreld.

Die NGK is pynlik bewus daarvan dat die NHKA steeds deur 'n moeilike tyd gaan. Die NHKA se dapper besluite van 2010 het gelei tot kerkskeuring en julle worstel nog steeds met die seer nalatenskap en ander uitdagings wat daarmee gepaardgaan.

Die NGK wil julle bemoedig en verseker van volgehoue voorbidding en ondersteuning. As 'n kerk wat self deur 'n baie moeilike tyd gaan het ons ongelooflike begrip en medelye met julle. Ons het egter saam met julle die verwagting dat die God wat verleenthede in geleenthede omskep, sy genade vir julle en ons nuut sal oopbreek.

In die NGK is ons diep bewus daarvan dat elke besluit wat 'n sinode neem gepaardgaan met 'n ernstige soeke na wat God se wil vir sy kerk is. Mag julle tydens die 72ste AKV wysheid en onderskeidingsvermoë geskenk word sodat die koninkryk deur hierdie vergadering en sy besluite kan kom.

Ek bid graag die vergadering die woorde van Filippense 1: 9 en 10 toe: *Mag God julle (en ons) die genade gee om so in begrip en fyn aanvoeling te groei dat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom*.

WGGK

Dr GF Claassen lees die groeteboodskap van ds Chris Ferguson, die algemene sekretaris, voor

I give thanks to my God always for you because of the grace of God that has been given you in Christ Jesus, for in every way you have been enriched in God, in speech and knowledge of every kind – just as the testimony of Christ has been strengthened among you – so that you are nog lacking in any spiritual gift as you wait for the revealing of our Lord Jesus Christ. He will also strengthen you to the end, so that you may be blameless on the day of our Lord Jesus Christ. God is faithful; by God you were called into the fellowship of God's Son, Jesus Christ our Lord (1 Corinthians 1: 4 to 9).

Greetings in the name of Christ, our Risen Lord,

Blessings upon you! As a member of the WCRC, you are a part of 100 million individuals in 233 churches in 105 countries around the world – called to communion and committed to justices.

On behalf of the Communion, we offer you our greetings and prayers as you gather for the 72nd General Church Assembly of the NRCA taking place Sunday, 22 September to Thursday, 26 September 2019, in Pretoria. In the spirit of the

Apostle Paul we know that the grace of the Lord is sufficient and the guiding of the Holy Spirit presents as your church gathers – even (and perhaps most especially) during deliberative sessions where challenging issues are addressed.

Remember that God *strengthens you to the end* in all that you do, such is the faithfulness of God, and that you have sisters and brothers throughout the Communion praying for you, your church and the word you do in bringing the Word in spirit and action to this world, so loved by God.

Blessings on your General Church Assembly!

GKSA

Ds C Aucamp, voorsitter van die deputate: ekumene

Geagte voorsitter, broeders en susters,

Toe u voorsitter gisteraand by die opening vir my sê ek kan my groeteboodskap maar later in die week ook bring, het ek onmiddellik besluit. .. as ek die Hervormers tot Woensdag/Donderdag loslaat sonder 'n Gereformeerde woord, sal die skade onomkeerbaar wees.

Daarom, dankie dat ek vandag, hier aan die begin van u 72ste AKV, die groete kan oorbring van die GKSA. Dis vir my 'n groot voorreg.

Eerstens, baie geluk, dr André, met u herverkiesing as voorsitter. Lyk my daar is darem die een verskil tussen die NHK se voorsitter en die Springbokafrigter ... soms oorleef hy sy eerste termyn! Geluk ook aan die ander lede van die Moderamen.

Ek het van gisteraand se opening gepraat. Ek wil u daarmee gelukwens. Dit was inderdaad aangrypend. Die Woordbediening, maar ook die liturgiese belewing ... aktueel, interaktief. En ek het opnuut besef hoe baie ons wat maar van dieselfde dam se ganse is, by mekaar kan leer.

So van die keurigheid en kwaliteit van die aand gepraat: Daar is inderdaad een ding wat ek van die Hervormers waardeer: U stel altyd 'n hoë premie op kwaliteit, op deeglikheid en keurigheid. Ek sê baie keer vir ons jonger dominees: Moenie dink omdat die kerk die Here aan sy kant het, ons kan maar afskeep in dit wat keurig en mooi en esteties is nie ... dan gaan die wêreld ons verby.

Nog 'n ding wat ek van die Hervormers beny ... ek weet dit stel hoë finansiële en logistieke eise aan u, is dat elke Hervormde gemeente hier teenwoordig is. Die AKV is nie 'n vergadering van die kerk-elite nie, maar van die kerkvolk ... en dit dra ongetwyfeld daartoe by dat gemeentes en dominees eienaarskap neem van wat hier gebeur en besluit word.

Maar nou is dit ook so dat ons in ekumeniese gesprek met mekaar eerlik moet wees. Daar is een ding van die Hervormers wat ek NIE beny nie ... en dit is dat julle met die Doppers moet saamwerk ...

Voorsitter, hierdie samewerking het die afgelope jare 'n nuwe dimensie gekry. Ons het nie net saam gepraat nie, ons het saam gedoen. Saam getuienis gelewer na buite.

Ons het die eenheid van die kerk van ons Here Jesus Christus op verskeie wyses ervaar ... REFO 500 was inderdaad 'n groot belewenis vir ons as kerke saam, ons, julle en die NGK. Die spanwerk, die kameraadskap, die saam beleef van twee wonderlike eredienste hier in Pretoria en verskeie op ander plekke in ons land, asook nog drie verhoogstukke wat ons saam ondersteun het. Kosbaar vir ons almal!

Nie net het ons in ons termyn REFO 500 gehad nie ... ons het ook Dordt 400 gehad. Nou moet ek vir u sê, toe ons dit begin reël het Wouter en Gustav vir my gesê: Cassie, ons is nou nie so erg oor Dordt soos die Doppers nie ... reël jy maar vir ons iets. En op 18 Julie vanjaar was ons oor die 60 mense wat die geleentheid bygewoon het rondom die erfenis van Dordrecht 1619 ... nogal in die historiese Paul Krugerkerk. Na die tyd het prof Wim Dreyer vir my gesê: Cassie, ek oorweeg om op die AKV voor te stel dat Dordt kanoniek verklaar word, maar ek is bevrees ek geen bietjie teenstand kry van 'n ouderling daar van Mosselbaai ...

Op 'n ernstige noot broers en susters, die geleentheid het drie blywende indrukke op my gelaat wat ek wil bevorder in die jaar of wat wat ek in ons ekumeniese span oor het ... en dis dalk my boodskap tot hierdie vergadering vir die pad vorentoe:

1. Die eerste is ... ons het so baie in gemeen. Kom ons vier dit. Ons deel so 'n ryke erfenis. Ons het saam so opgewonde gepraat oor die uitverkiesende liefde van ons Here. Kom ons fokus in die eerste plek in ons ekumeniese verhoudinge op die so baie wat ons met mekaar in gemeen het. Dan, vanuit hierdie eenheid, sal dit waarin ons verskil veel meer effektief aangespreek kan word.

2. Die tweede: Ons ekumeniese gesprekke is meesal maar iets wat plaasvind tussen so ses van ons en ses van julle om 'n tafel. So amper agter geslote deure. Kom ons brei hierdie gesprekke uit ... na ons dominees, ons lidmate. .. soos op daardie dag, dat dit ook uitkring tussen ons plaaslike gemeentes.

3. Die derde ... en dis dalk 'n belangrike pleidooi en oproep tot hierdie vergadering. Waaroor gaan ons kerklike gesprekke die laaste dekades? Wat eis ons energie en ons kragte op? Wat oorheers ons agendas? ... *Issues*, vraagstukke. By ons Gereformeerdes *wine, women and song.* By julle ander dinge.

Kom ons bring weer in ons kerklike lewe en ons kerklike gesprek die kosbaarhede van ons geloof op die voorgrond. En om te sê ons moet kontemporêr-aktueel wees. Jongmense stel belang in die vraagstukke van die lewe vandag, hulle stel nie meer belang in die leer nie, broers en susters, dis 'n illusie! Praat met ons oumense en ons jongmense oor wat inderdaad vir hulle lewend, aktueel is: God se ewige genade, waardeur Hy in Christus aan gevalle sondaars 'n nuwe lewe gee ...

Voorsitter, broers en susters, my hartlike dank aan u vir die bande in Christus wat ons met u kon deel. Mag dit groei en toeneem in die tyd wat voorlê ... en mag die 72 AKV van die NHK 'n geseënde vergadering wees ... nie net van goeie besluite nie, maar ook van 'n heerlike en unieke belewing van die gemeenskap van gelowiges oor die lengte en breedte van ons land.

MRCC

Ds Oscar Madlala, voorsitter

The Chairperson of the NHKA General Church Assembly, dr André Ungerer, members of the Moderamen, the Administrator of MRCC, Rev Motloba, members of the Commission of the General Church Assembly, the organs of support, synodal bodies, ministers of the Word, the academics, stakeholders, friends, ladies and gentlemen,

Allow me to greet you all in the name of our Lord and Saviour, Jesus Christ. It gives us an honour as the Moderature of MRCC to be part of this grandest gathering, the historic 72nd GCA of the NHKA. This Synod comes at a moment when our country is covered with a cloud after the recent xenophobic attacks and various acts of gender based violence.

The Synod

A platform of this magnitude provides us with an opportunity not only to discuss the future of the church but also to debate robustly concerning the social ills in our country. The church should seek ways of restoring harmony and dignity in our communities. As a church, we are the voice behind the establishment of a crime free society and a country of law abiding citizens. Over and above that the Church has a prominent role of establishing sustainable and functional family units. In 2005 the Department of Correctional Services embarked on a research while generating a white paper on corrections. One of the findings was that when families are dysfunctional, they then provide fertile ground for acts of criminality for young people growing up in them. The paper further mentions that negative consequences are connected with dysfunctional families. The role of other social institutions, faith based organisations and individuals like teachers, religious leaders, sports role models and cultural leaders are required to supplement the role of parents in shaping the values and lifestyle choices of all children especially the youth.

Relationship between MRCC and NHKA

We also take this opportunity to look back at the journey we have travelled and appreciate the relationship we have heard with the NHKA throughout the years. There have been a lot of achievements like training of ministers, establishment of congregations and mission fields were established. Notwithstanding the struggles within the NHKA like decline in membership, differences in opinions and shortage in finances; however we believe that there is still a lot that can be shared between these two churches like sharing training models that will assist the church to expand. Skills transfer that enhance productivity and increase the leadership capacity of ministers. These are some of the ideas we always talk about during our bilateral meetings. Again, isn't this a platform where this commitment can strengthen our relationship and the history we have shared for the past 96 years?

Our objectives for the three year term

* A theologically, a financially independent and self reliant MRCC that achieves sustained quantitative and qualitative growth.

* A church whose members and office bearers are proud to be her members

and are committed to growing the church both spiritually and financially through the teaching of sound doctrine and by modelling good conduct.

* A church that cares for its most vulnerable members and non members: The poor and the destitute, the sick, the children, people living with disabilities, people living with HIV/AIDS, the offenders (prisoners), the elderly and foreigners (refugees).

* A church that participates in community matters like in education, social development (mobilisation) and youth development as well as moral regeneration.

* A church that fosters meaningful ecumenical relationship with other reformed churches and churches of other traditions.

A word of appreciation: Disaster Fund

Let us further appreciate the support you gave to Rev Jan Mamabolo and his family when he befell a disaster. He has since sent a letter of appreciation and it's only noble that your spirit of generosity is acknowledged in this gathering.

Memorandum of Agreement with URCSA

This was signed on Wednesday, 14 august 2019 in Centurion. A historical moment for the two churches. The Memorandum of Agreement is not a merger but is the establishment of a working relationship between the two churches focusing on the following areas:

* Theological training.
* Co-utilisation of ministers and pulpit exchange.
* Envisaging *United Reformed Church*.

Thought for the day

Before he died, Dr Miles Munroe once said, I quote: *The most component of leadership is not power, position, influence, fame, talent, gifting, dynamic oratory, persuasiveness, intellectual superiority, academic achievement or management skills.* ***It is Character****. Without the element of strong, noble, honourable character, leadership and all its potential achievements are in danger of cancellation. Every leader is only as safe and secure as his character.* In the world of contemporary crisis where corruption has become a norm, we still require leaders of noble character. May God provide you with them in this synod.

Conclusion

On behalf of the MRCC we wish you the most successful General Church Assembly. Thank you.

2.6.1 SKRIFTELIKE GROETEBOODSKAPPE

RATA

Namens Rata Maatskaplike Dienste, diensorgaan van die NHKA, word u God se rykste seën toegebid met die 72ste AKV. Ons is deeglik bewus van die uitdagings wat die Kerk beleef en die moeilike besluite wat geneem moet word.

Ons bede is dat die Hemelse Vader sy Gees sal stuur om die nodige leiding aan die vergadering te bied, sodat al die aangeleenthede met die nodige wysheid en omsigtigheid hanteer sal word.

Opregte dank aan die Kommissie van die AKV vir die goeie samewerking en ondersteuning wat deurlopend aan Rata Maatskaplike Dienste gebied word.

Mag u die Here se seën intens beleef tydens hierdie belangrike vergadering.

DS EN MEV PJ UYS

In hierdie tydsgewrig waarin ons onsself tans bevind, is dit van groot belang dat die Kerk van ons Here Jesus Christus 'n leidende- en rigtinggewende rol moet speel.

Ons wil u, as vergadering, verseker van ons voorbidding vir hierdie altyd belangrike vergadering. Mag u die leiding van die Heilige Gees voortdurend ervaar sodat u met die nodige wysheid en insig kan optree.

Alhoewel ons van mekaar kán en mág verskil, moet dit altyd in en met liefde geskied. Die woorde van I Johannes 4: 7 tot 12 lui:

> *Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God. Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde. Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes. Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê. Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik.*

Mag die genade van God ons Vader, Jesus Christus, ons Heer en die Heilige Gees met u almal wees tydens die verrigtinge.

GEMEENTE GRIMBEEKPARK

Met hierdie groeteboodskap aan die 2019 AKV van die NHKA dra Gemeente Grimbeekpark sy seënwense oor aan elke afgevaardigde by die vergadering. Ons bede is dat God aan elkeen van u die wysheid, insig, vertroue en waagmoed sal skenk om in u bespreking, oordenking en besluitneming, God se leiding te soek, te aanvaar en daarvolgens te handel. Mag God u lei om u eie belange op die agtergrond te plaas, totaal buite rekening tydens u deelname aan die AKV. Mag God ook aan u die genade skenk om in sy diens besluite te neem in die belang van suiwer Woordverkondiging, in die belang van die NHKA en in die belang van huidige en toekomstige gemeentelede.

2.7 MOSIES

'n Mosie van roubeklag met die afsterwe van dienaars van die Woord, ampsdraers en lidmate wat sedert die 71ste AKV oorlede is, word deur die voorsitter gestel.

Daar word kennis geneem van die afsterwe van die volgende predikante:

2016

* Ds CL Badenhorst
* Ds CF Potterill
* Ds WP Prinsloo.

2017

* Ds TF Dreyer (emeritus)
* Ds DJAG du Toit
* Ds WJ Herbst
* Ds NJ Janse van Rensburg
* Ds W Mans
* Ds GJ van Jaarsveld
* Ds GJ Wallis.

2018

* Prof SJ Botha
* Ds SS Kok
* Ds WJ Roos
* Ds DGS Steyn.

2019

* Ds AM Swanepoel.

Daar word kennis geneem van die afsterwe van die volgende bekende figure in die Kerk:

2016

* Adv Khomotjo Daniel Matjie, voormalige moderator van die MRCC.

2017

* Mnr Gerhard Kruger, voormalige predikant van die NHKA.
* Oudl Dave Lizamore, voormalige lid van die Kommissie van die AKV.
* Dr Willem Smith, voormalige predikant van die NHKA.

2018

* Prof Hansie Botha, professor in Afrikaans by Unisa en later hoof van die Departement Afrikaans. Hy het onder meer die taalkundige versorging van die Psalm-, Gesange- en Liedboek behartig, en die hersiene uitgawe van die Bybelkonkordansie in samewerking met prof Bart Oberholzer voltooi.
* Mev Retha de Wet wat sedert September 1990 verantwoordelik was vir die illustrasies in *Konteks*.
* Mev Annetjie du Toit, weduwee van wyle ds Dirk du Toit.
* Mev Marthie Dreyer, weduwee van wyle ds David Dreyer.
* Mnr Hennie Pretorius, voormalige predikant van die NHKA.
* Mev Carma van Staden, weduwee van wyle ds Ben van Staden.
* Mev Kitty Wallis, weduwee van wyle ds Jan Wallis.

2019

* Mnr Leon de Munnik, administrateur van die Sinodale Dienssentrum van 1986 tot 1997.

Die volgende mosie, gestel deur dr RA Denton en gesekondeer deur ds WJJ Kok, word aanvaar:

Die NHKA bevestig ons afhanklikheid van God Drie-Enig om deur sy genade vreesloos, vreugdevol en onbelemmerd ons lewe in gehoorsaamheid en toewyding aan God Drie-Enig te leef.

Die Kerk betuig meelewing aan lidmate, ouderlinge, diakens en predikante wat verskeie uitdagings beleef in die huidige sosio-ekonomiese en politieke komplekse wêreld. Ons spreek waardering uit vir die ywer om voortdurend, as dienaars in die hand van God in Sy Koninkryk werksaam te wees.

2.7.1 PERSONALIA

Die volgende predikante het besondere prestasies behaal:

2016

* Ds JM Motloba van die MRCC het sy Meestersgraad in Praktiese Teologie aan Unisa verwerf en in Maart 2017 gegradueer.

2017

* Ds CB Prinsloo het 'n MTh-graad verwerf.
* Proff AG van Aarde en E van Eck het in 2016 ATKV-SA Akademiepryse in die kategorie geesteswetenskappe ontvang vir artikels in die *HTS Teologiese Studies*: Prof Van Aarde vir sy artikel *Vredemakers as kinders van God (Matteus 5:9): 'n Pragmaties-linguïstiese lesing*, in 71 (1), 2015, en prof Van Eck vir *Die gelykenisse van Jesus: Allegorieë of simbole van sosiale transformasie?* in 71 (3), 2015.

2018

* 'n Festschrift, gepubliseer deur die *HTS Teologiese Studies*, is in Januarie 2018 aan prof Y Dreyer oorhandig. Die wye nasionale en internasionale erkenning wat prof Dreyer op akademiese gebied geniet, blyk uit die 53 bydraes in die Festschrift, onder meer van Hervormers en van akademici uit Oostenryk, Australië, die VSA en Engeland.

2019

* Dr JP Bester het die graad PhD in praktiese teologie verwerf.
* Dr WA Dreyer is bevorder tot medeprofessor in die Departement Historiese en Sistematiese Teologie.
* Prof JA Loader van die Fakulteit Teologie, Universiteit van Wenen, Oostenryk, het in 2019 'n ATKV-SA Akademieprys in die kategorie geesteswetenskappe ontvang vir sy artikel *Die gestaltes van Philipp Melanchthon se Spreukekommentaar* in die *HTS Teologiese Studies* in 2017.

* Prof E van Eck is aangestel as adjunkdekaan van UP se Fakulteit Teologie en Religie. Die aanstelling is gedoen op die dag waarop hy ook as departementshoof van Nuwe Testament ingehuldig is.

Die volgende predikante het 25 jaar in die bediening gevier:

2017

* Dr CJ Beukes
* Ds JP Janse van Rensburg
* Ds I Katzke
* Ds SA Kok
* Dr FJ Labuschagne
* Ds W de V Sauer
* Ds GC Senekal
* Ds DJD Taljard
* Ds HT van der Linde
* Ds JBMH van Schalkwyk
* Dr JH van Staden
* Ds CJ van Wyk
* Ds SS van Wyk.

2018

* Ds H Herbst
* Ds JG Janse van Rensburg
* Dr MJ Jansen van Rensburg
* Ds M le Roux
* Dr GCJ Nel
* Ds JJ Pieterse
* Dr C Pretorius
* Ds WE Snyman
* Ds LS van Rooyen.

2019

* Ds CEC Hertzog
* Ds A Kloppers
* Ds HN Kloppers
* Ds DJR Malan
* Ds JC Marnewick
* Ds FH Ras
* Ds LJ van der Linde
* Dr DJC van Wyk.

Die volgende predikante het 50 jaar in die bediening gevier:

2017

* Ds JJC du Plooy
* Ds JHH Jacobs
* Ds T Snyman.

2018

* Prof PA Geyser
* Ds PP Jooste.

2019

* Prof APB Breytenbach
* Dr JGM Dreyer
* Ds GPJ Grobler
* Dr JP Labuschagne
* Ds WJ Steyn
* Ds JH van Heerden
* Dr PJ van Staden.

Die volgende predikant het 60 jaar in die bediening gevier:

2019

* Ds GC van Staden.

Die volgende predikant het 70 jaar in die bediening gevier:

2017

* Ds TF Dreyer.

Die volgende predikant het 75 jaar in die bediening gevier:

2018

* Ds WJ Roos.

Die volgende predikante het geëmeriteer:

2016

* Ds DW Beukes
* Ds HA Retief.

2017

* Ds M Bacon
* Ds JP Jooste
* Ds PJJ Kotze
* Ds JB Schutte
* Dr PL Steenkamp
* Ds DJ Struwig
* Dr JHL Truter.

2018

* Prof J Buitendag
* Ds TF Dreyer
* Ds DZ du Plessis

* Ds BM Dupper
* Ds JP Janse van Rensburg
* Ds Freddie Nortjé
* Ds JD Putter
* Ds ZC Robberts
* Ds PS van Tonder
* Dr P van Staden.

2019

* Ds JH Kay
* Dr WC Kloppers
* Ds AC Kuyper
* Ds PC Swanepoel
* Ds JJ Viljoen
* Dr JH Vorster.

Die volgende predikante het op siekte-emeritaat gegaan:

2016

* Ds C Lemmens.

2017

* Ds TL Botha.

2019

* Dr EH Dannhauser
* Ds BF Greyling
* Ds Ferdie Nortjé
* Ds PJ Uys.

Die volgende predikante is onthef of het bedank:

2016

* Ds L Kern
* Ds G Venter.

2017

* Dr JH Breytenbach
* Dr S Hoffman
* Dr SP Pretorius
* Ds D van der Merwe
* Ds JW van der Merwe
* Ds L van der Merwe
* Ds WC van Wyk (jr)
* Ds LJ Venter.

2018

* Ds LJ Griessel
* Ds MS Naudé

* Ds OJ van Schalkwyk.

2019

* Ds M Fourie
* Ds S van der Merwe
* Ds PH van Rooyen.

Die volgende predikante het toegetree tot die evangeliebediening:

2016

* Ds MA Müller
* Ds M Pretorius
* Ds EN Vosloo.

2017

* Ds AS Botha
* Ds J de Beer
* Prop EJM Sharp
* Ds A Steinmann
* Ds J Uys
* Ds SW Zastron.

2018

* Ds PR Janse van Rensburg
* Ds A Pottas
* Ds PA van Jaarsveld.
* Ds L van Rensburg.

Die volgende predikante het siekte ervaar, operasies ondergaan of was in ongelukkig betrokke:

2016

* Ds CJ Bezuidenhout is te voet raakgery.
* Ds JD Putter het 'n knievervangingsoperasie ondergaan.
* Ds PJ Uys is met 'n melanoom in die been gediagnoseer wat toe verwyder is.
* Prof E van Eck het 'n knievervangingsoperasie ondergaan.

2017

* Prof MJ du P Beukes het 'n spataaroperasie ondergaan.
* Ds NCJ Brayshaw is gehospitaliseer met sellulitis in sy linkerbeen, en het verdere gesondheidsprobleme ontwikkel.
* Ds JZ Britz is in die intensiewesorgeenheid opgeneem na 'n bloedklont deur die hart wat in sy long vasgesteek het.
* Ds CB Enslin is behandel vir 'n niersteen.
* Ds JPJ Fourie het 'n hartprosedure (stent) ondergaan.
* Dr JP Labuschagne het 'n hartoperasie ondergaan.
* Ds CAA Loedolff het 'n galblaasoperasie ondergaan.
* Ds LJJ Nell het kankerbehandeling ondergaan.
* Ds ER Pretorius het ingrypende chirurgie ondergaan.

* Ds MJJ Redelinghuys was in 'n groot motorongeluk betrokke.
* Ds AH Roets is gehospitaliseer na ernstige gesondheidsprobleme.
* Dr PL Steenkamp was in 'n motorongeluk betrokke.
* Ds GPJ Stoltz het 'n knieoperasie ondergaan.
* Ds SJ Swanepoel is gehospitaliseer met 'n obstruksie in die dunderm en dikderm.

2018

* Ds D Barnard was twee keer in die hospitaal om 'n vergroeisel te laat verwyder.
* Ds WJM Breytenbach het kankerbehandeling ondergaan.
* Ds JZ Britz het 'n knievervanging ondergaan.
* Dr EH Dannhauser het 'n heupvervanging ondergaan.
* Ds DZ du Plessis het toetse ondergaan in die hospitaal.
* Ds JJ du Toit is gehospitaliseer met sellulitis in albei bene.
* Ds PS Esterhuizen het 'n knievervanging ondergaan.
* Ds HMJ Kramer het 'n nekoperasie ondergaan.
* Ds MH Mc Donald is gehospitaliseer.
* Ds Ferdie Nortjé het ernstige oogprobleme ondervind.
* Ds M Pretorius is gehospitaliseer weens drukking op die brein.
* Ds JH Prinsloo was ernstig siek na 'n beroerteaanval.
* Ds ZC Robberts het 'n rugoperasie ondergaan.
* Ds CJ Smit se gesondheid was onder druk.
* Ds T Snyman het 'n rugoperasie ondergaan.
* Ds WJ Steyn het 'n rugoperasie ondergaan.
* Ds HP van den Berg het 'n prosedure ondergaan waartydens 'n stent in sy nierpyp geplaas is.
* Ds JPC van der Westhuizen is gehospitaliseer nadat hy deur 'n spinnekop gebyt is.
* Dr JM van Staden is gehospitaliseer om nierstene te laat verwyder.
* Prof IWC van Wyk het 'n oogoperasie ondergaan en is met kanker in 'n vroeë fase gediagnoseer.
* Ds MA Venter het 'n rugoperasie ondergaan.

2019

* Dr EH Dannhauser het 'n tweede heupvervanging ondergaan.
* Ds JJC du Plooy het intensiewe mediese behandeling ontvang.
* Ds JJ du Toit se gesondheid het sodanig verswak dat hy bedlêend geraak het en volle versorging ontvang. Hy ly aan perifere neuropatie.
* Ds BF Greyling is met kanker gediagnoseer en ontvang chemoterapie.
* Ds JHH Jacobs het 'n prosedure ondergaan waartydens vog van sy brein gedreineer is.
* Ds JG Janse van Rensburg het 'n hartprosedure ondergaan.
* Ds AJ Hattingh is weens nierstene gehospitaliseer.
* Ds WRT Hindley het gesondheidsprobleme ondervind.
* Ds W de V Sauer het 'n oogoperasie ondergaan.
* Ds GC Senekal het 'n pasaangeër ontvang.
* Ds CJ Smit het 'n dubbele operasie ondergaan vir 'n breuk en die verwydering van kankergewasse.
* Oudl Andries Steyn van Gemeente Bronkhorstspruit is ernstig siek.
* Ds WJ Steyn is gehospitaliseer en behandel vir 'n ernstige infeksie.
* Ds JF Wilson het 'n operasie ondergaan.

Die volgende bekende kerkfigure het geliefdes aan die dood afgestaan:

2016

* Ds Josef Motloba, administrateur van die MRCC, se suster.

2017

* Dr Gustav Claassen, algemene sekretaris van die NGK, se skoondogter.

2018

* Dr Gustav Claassen, algemene sekretaris van die NGK, se ma.

2019

* Mev Marietjie Diamond, weduwee van wyle ds WG Habig, se man, Andries Diamond.
* Mev Ena Mans, weduwee van ds CJ Mans, se seun, Christof.

Die volgende predikante het geliefdes aan die dood afgestaan:

2016

* Ds PS Esterhuizen se skoonma.
* Dr C Pretorius se pa.
* Ds JD Putter se broer.

2017

* Ds WA Botha se skoonma.
* Ds NCJ Brayshaw se swaer.
* Dr EH Dannhauser se ma.
* Dr PJ de Beer se broer.
* Ds TF Dreyer (Durban) se ma.
* Ds TF Dreyer (emeritus) se vrou.
* Ds TF Dreyer is skoonma.
* Ds JJ du Toit se suster.
* Prof PA Geyser se broer.
* Ds CEC Hertzog se skoonpa.
* Ds JJC Koekemoer se suster en swaer.
* Ds C le Roux se skoonma.
* Ds CG Liebenberg se ma.
* Dr GC Lindeque se ma.
* Ds LH Miller se ma.
* Di Ferdie en Freddie Nortjé se pa.
* Ds Ferdie Nortjé se skoonpa.
* Ds JH Prinsloo se suster.
* Ds W de V Sauer se skoonpa.
* Ds FB Sneygans se skoonma.
* Ds T Snyman se vrou.
* Dr JHL Truter se ma.
* Ds CJ van der Berg se skoonma.
* Dr WAJ van Schoor se dogter en skoonma.

* Di PB en JJ Viljoen se ma.
* Ds IJ Vogel se skoonpa.

2018

* Dr JP Bester se ma.
* Ds P de Kock se ma.
* Prof TFJ Dreyer se vrou, di TF Dreyer en dr AE Dreyer-Krüger se ma.
* Ds JJ du Toit se broer.
* Ds L Janse van Rensburg se skoonpa.
* Ds PP Jooste se vrou.
* Ds en mev TF Joubert se seun.
* Dr WC Kloppers se ma.
* Ds JJC Koekemoer se oorlede suster en swaer se dogter.
* Ds D Lourens se broer.
* Ds A Meiring se pa.
* Ds HJ Odendaal se vrou, Kotie, wyle prof Bart en mev Jienie Oberholzer se dogter.
* Ds S Oosthuizen se ma.
* Dr KD Papp se skoonpa.
* Ds AJ Pienaar se pa en swaer.
* Ds GSC Scheepers se skoonpa.
* Ds DJB Serfontein se skoonma.
* Ds DJ Struwig se vrou.
* Ds AM Swanepoel se vrou, Lena.
* Ds RL van der Westhuizen se vrou.

2019

* Ds IL Benadé se skoonma.
* Ds JG Janse van Rensburg se pa.
* Ds JA Jansen van Rensburg se pa.
* Dr WC Kloppers se broer.
* Ds GC Senekal se ma.
* Ds DJB Serfontein se skoonpa.
* Ds DS Smit se dogter.
* Ds AS van den Berg se seun.
* Prof E van Eck se ma.
* Ds JBJ van Deventer se pa.
* Dr WAJ van Schoor se pa.

Die volgende heuglike gebeurtenisse word vermeld:

2016

* Ds M Pretorius het in die huwelik getree.

2017

* Ds en mev APJ Beukes het 'n kleindogter ryker geword.
* Dr en mev HJ Botes het 'n drieling-kleinkinders ryker geword. Een van die kinders het egter nie oorleef nie.
* Ds en mev TF Dreyer (Wapadrant) het 'n babadogter ryker geword.
* Dr en mnr AE Dreyer-Krüger het 'n babaseun ryker geword.
* Ds en mev PS Esterhuizen het 'n kleinseun ryker geword.

* Ds CEC Hertzog het aan die Comrades deelgeneem. Sy 20-jarige seun het vir die eerste keer saam met hom deelgeneem.
* Ds EM Steenekamp het met Wilhelm Jansen in die huwelik getree.
* Ds en mev C le Roux het 'n kleinseun ryker geword.
* Ds J Joubert het met Johan Marx in die huwelik getree.
* Dr GCJ Nel het met Pelica in die huwelik getree.
* Ds WM Knoetze het met Derrick Shaw in die huwelik getree.
* Di CL en M van Niekerk het 'n babaseun ryker geword.
* Dr en mev AG Ungerer het 'n kleinseun ryker geword.
* Ds en mnr M van Belkum het 'n babaseun ryker geword.
* Ds en mev HP van den Berg het 'n kleinkind ryker geword.
* Dr en mev JM van Staden het 'n babadogter ryker geword.
* Ds en mev SH Willers het 'n babadogter ryker geword.

2018

* Mev Marie Bloem, weduwee van wyle ds Gerrie Bloem, se dogter, Janet Potgieter, is aangewys as landswenner in die welsynsektor vir die Demokratiese Republiek van die Kongo vir haar humanitêre werk in die oorloggeteisterde Oos-Kongo onder die Latlong NGO-organisasie. Sy is die visepresident van die organisasie. Janet is ook die streekwenner van Sentraal-Afrika in die welsynsektor en kwalifiseer as finalis vir die Afrika-toekenningsgeleentheid op 26 November in Johannesburg, waar sy meeding teen al die streekwenners van regoor Afrika.
* Ds en mev JJ Dreyer het 'n kleinkind ryker geword.
* Ds en mev PS Dreyer het 'n tweede kind ryker geword.
* Ds TF Dreyer het 'n tweede kleindogter ryker geword.
* Ds IF Ras het met Michael Ferreira in die huwelik getree.
* Ds EG Fourie het verloof geraak aan Karin Lindeque Bezuidenhout.
* Ds en mev JPJ Fourie het 'n kleinseun ryker geword.
* Ds en mev JLJ Smit het 'n kleinseun ryker geword.
* Ds en mev WJJ Kok se dogter, Marina, het die Kanseliersmedalje ontvang vir die beste student in teologie (BTh) aan die Universiteit van Pretoria.
* Ds en mev HJ Labuschagne het 'n babadogter ryker geword.
* Ds en mev C le Roux het 'n tweede kleinkind ryker geword.
* Ds en mnr A Meiring het 'n eerste kind ryker geword.
* Ds L Oberholzer het met Edu Lemmer in die huwelik getree.
* Ds en mev FB Sneygans het 'n kleinseun ryker geword.
* Ds en mev HP van den Berg het 'n tweede kleinseun ryker geword.
* Ds A van der Merwe het met Francois Pottas in die huwelik getree, en het die visekanseliesmedalje saam met haar BTh-graad ontvang.
* Di CL en M van Niekerk het 'n babadogter ryker geword.
* Prof E van Eck en ds M Potgieter het in die huwelik getree.
* Ds en mev G van Zyl het 'n tweede seun ryker geword.
* Ds en mev G Viviers het 'n kind ryker geword.

2019

* Ds M Botha het met Pierre Oosthuizen in die huwelik getree.
* Ds en mev WA Dreyer het 'n eerste kind ryker geword.
* Ds en mev PS Esterhuizen het 'n tweede kleinkind ryker geword.
* Ds en mnr C Fourie het 'n eerste kind ryker geword.
* Ds en mev WJJ Kok se dogter, Marina, het haar honneursgraad in Hebreeus ontvang.
* Ds MA Müller het met Andrea van Antwerpen in die huwelik getree.

* Ds JJ Pieterse het met Dálene in die huwelik getree.
* Ds en mev FB Sneygans het 'n kleinkind ryker geword.
* Dr en mev AG Ungerer het 'n tweede kleinkind ryker geword.
* Ds G van der Merwe het met Lisca in die huwelik getree.
* Ds en mnr M van Belkum het 'n kind ryker geword.
* Dr DJC van Wyk (jr) het met Michelle Janse van Rensburg in die huwelik getree.
* Dr WC van Wyk het 'n derde kleinkind ryker geword.

Die volgende predikante het leed ervaar:

2016

* Ds CB Enslin se vrou het 'n pasaangeër ontvang.
* Ds JR Kramer se vrou het 'n heupvervanging ondergaan.
* Ds BC Oberholzer se broer en skoonsuster was in 'n ernstige motorongeluk betrokke. Gawie Oberholzer was met beenbreuke in die hospitaal opgeneem, en sy vrou is oorlede.
* Adv Linda Pienaar, weduwee van wyle ds LAD Pienaar, het verskeie operasies ondergaan.

2017

* Ds APJ Beukes se skoonsuster is in haar plaashuis aangeval en beroof. Sy is nie beseer nie.
* Ds en mev NCJ Brayshaw se seun het 'n naelbreukoperasie ondergaan, waarna komplikasies tot drie verdere operasies gelei het.
* Ds P de K Furstenberg se pa is gehospitaliseer.

2018

* Prof en mev JH Barkhuizen se seun was ernstig siek. Hy het 'n sist op die nier gehad. Die een nier is vier jaar gelede vernietig deur 'n bloedklont wat deur die nier is.
* Prof JH Koekemoer se vrou, Issie, is gehospitaliseer na 'n ernstige siekbed.
* Mev Mieke Papp, weduwee van wyle ds Kálmán Papp en moeder van dr KD Papp, is in die afdeling vir verswaktes opgeneem. Sy is gehospitaliseer vir behandeling na aanleiding van 'n armfraktuur en ander beserings wat sy tydens 'n val opgedoen het.
* Mev Linda Pienaar, weduwee van wyle ds Louis Pienaar, het uit haar rolstoel geval en haar femur net bokant die knie gebreek.
* Ds JH Prinsloo se vrou, Bets, is gehospitaliseer.
* Ds en mev PR Prinsloo se skoondogter het aggressiewe kanker.
* Mev Hermien Redelinghuys, weduwee van wyle ds Thys Redelinghuys, se ma is oorlede.
* Ds CJ Smit se vrou, Eunice, het 'n heupoperasie ondergaan.
* Ds WH Steyn se vrou, Johanna, het 'n heupvervanging ondergaan.
* Ds WJ Steyn se vrou, Christa, het 'n knievervanging ondergaan.
* Dr AG Ungerer se skoonpa het 'n hartaanval gehad en sy broer het ook hartmoeilikheid ondervind.
* Prof WC van Wyk se vrou, Ierene, dr WC van Wyk se ma, ondergaan nierdialise.

2019

* Ds en mev H Aucamp se seun wat aan motorneuronsiekte ly, is deur 'n pofadder aan die hakskeen gebyt, en sy vrou, Clara, het 'n skoueroperasie ondergaan.
* Mev Babsie Botha, dr C Pretorius se skoonma en weduwee van wyle prof Schalk Botha, het haar heup gebreek.
* Dr SM de Beer se ma het 'n ligte hartaanval gehad.
* Prof JD Gericke se vrou, Bessie, het ernstige gesondheidsprobleme ondervind.
* Ds JG Janse van Rensburg se vrou, Elizabeth, het 'n tweede knievervanging op dieselfde been ondergaan.
* Ds WJJ Kok se pa se vrou is gewelddadig aangerand. Sy is gehospitaliseer en na verskeie operasies ontslaan.
* Ds JR Kramer se vrou, Maryna, ds HMJ Kramer se ma, is gediagnoseer met nierkanker.
* Mev Anna Mc Donald, weduwee van ds At Mc Donald, het 'n beroerteaanval gehad.
* Ds A Meiring se man, Marius was in 'n motorongeluk betrokke.
* Ds CB Prinsloo se ma het 'n beroerte gehad.
* Ds en mev LJ Steyn is aangeval deur betogers wat hul motor met klippe bestook het. Albei het wonde opgedoen voordat hulle daarin geslaag het om weg te jaag.
* Ds SJ Swanepoel se vrou, Elsa, het 'n heupvervanging ondergaan.
* Dr JC van der Merwe se vrou, Rita, het 'n groot hartoperasie ondergaan. 'n Aortaklep is vervang en twee ander kleppe herstel.

2.8 TERMYNVERSLAG VAN DIE UITTREDENDE KOMMISSIE VAN DIE AKV

2.8.1 INLEIDING

Die 71ste AKV het in vele opsigte kontoere gelê waarop die Kerk en die Kommissie van die AKV kon voortbou. Besluite soos Besluite 1, 2 en 99 was rigtinggewend ten opsigte van die leiding wat die Kommissie moes verskaf en besluite wat gedurende die termyn geneem is. Die Kommissie het ook besluit om grootliks die werkwyse van die vorige Kommissie betreffende kernkomitees en die gepaardgaande werkwyse te handhaaf.

Vervolgens word 'n oorsig aangebied betreffende die strukturering van die Kommissie se werksaamhede, asook belangrike gebeure en kwessies wat gedurende die termyn hanteer is.

2.8.2 SAMESTELLING EN FUNKSIONERING

Die 71ste AKV het die volgende persone tot lede en sekundi van die Kommissie van die AKV verkies:

POSISIE	PREDIKANTSLID	SEKUNDUSLID
Voorsitter	Dr AG Ungerer	Prof J Beyers
Visevoorsitter	Ds CEC Hertzog	Dr RA Denton
Skriba	Ds WJJ Kok	Ds JM Bevolo-Manders
Viseskriba	Ds JF van der Merwe	Dr C Pretorius
Predikantslid	Ds D Barnard	Dr JM van Staden
Predikantslid	Dr SM de Beer	Dr T van Wyk

OUDERLINGSLEDE	SEKUNDI VIR OUDERLINGSLEDE
Oudl SE Beeslaar	Oudl RFB Harvie
Oudl PA Breytenbach	Oudl CWF Mulder en na sy bedanking, oudl PFS Mulder
Oudl TF Dreyer	Oudl WJJH Scholtz
Oudl D Esterhuizen	Oudl F Smit
Oudl MW Groenewald	Oudl JHH Snyman
Oudl AJP le Roux	Oudl FP van Hamersveld
Oudl T Moodie	Oudl MP van Niekerk
Oudl AD Pieterse	Oudl N van Staden
Oudl A Valks	Oudl PC van Staden

Die volle Kommissie van die AKV het oor die afgelope drie jaar 14 keer vergader, en die Moderamen 'n verdere 17 keer. Die Kommissielede het almal groot erns gemaak met die bywoning van vergaderings, voorbereiding vir die vergaderings, en die uitvoer van opdragte van die Kommissie. Waar primuslede van die Kommissie by geleentheid nie die vergaderings kon bywoon nie, het die volgende predikante en ouderlinge as sekundi sitting geneem op die Kommissievergaderings:

DATUM	KOMMISSIELID AFWESIG	SEKUNDUSLID TEENWOORDIG
1 en 2 Junie 2017	Oudl T Moodie	Oudl RFB Harvie
7 en 8 September 2017	Oudl PA Breytenbach	Oudl JHH Snyman
2 Maart 2018	Ds D Barnard	Dr T van Wyk
1 en 2 Maart 2018	Oudl PA Breytenbach	Oudl MP van Niekerk
7 en 8 Junie 2018	Ds CEC Hertzog	Dr RA Denton
	Oudl AJP le Roux	Oudl MP van Niekerk
6 September 2018	Dr SM de Beer	Dr T van Wyk
6 en 7 September 2018	Oudl PA Breytenbach	Oudl PFS Mulder
	Oudl MW Groenewald	-
22 November 2018	Oudl AD Pieterse	Oudl WJJH Scholtz
23 November 2018	Oudl PA Breytenbach	Oudl WJJH Scholtz
22 en 23 November 2018	Oudl A Valks	Oudl MP van Niekerk
7 en 8 Maart 2019	Oudl PA Breytenbach	-
6 en 7 Junie 2019	Oudl T Moodie	Oudl RFB Harvie

Die volgende persone het gereeld op uitnodiging van die Kommissie in adviserende hoedanigheid en met spreekreg by vergaderings sitting geneem:

* Dr FJ Labuschagne: Algemene sekretaris
* Dr WC van Wyk: Sekretaris van die Kommissie en ekumene
* Ds GPJ Stoltz: Sekretaris van die Kommissie van die ADV
* Mnr Piet Beukes: Bestuurder: Administrasie
* Mnr Johan Hattingh: Hoof: Finansies.

2.8.3 WERKSAAMHEDE

Die volgende kernkomitees is aangewys om die verskillende diensvelde te bestuur en opdragte van die AKV af te handel:

* Kernkomitee: Diakonaat
* Kernkomitee: Erediens
* Kernkomitee: Gemeentelike Dienswerk

* Kernkomitee: Kerk en Teologie.

Elkeen van die Kommissielede was by die werk van een van hierdie kernkomitees betrokke. Predikante van die Kerk is in sommige gevalle genooi om die kernkomitees by te staan met die lewering van advies, studiestukke en algemene uitvoering van pligte. Die Kommissie van die AKV het op 'n sesmaandelikse basis die vordering van die verskillende kernkomitees gemoniteer. Die werk van die kernkomitees vind in die agenda neerslag, en die Kommissie wil die betrokkenes by al die kernkomitees vir hulle harde werk bedank.

Dr FJ Labuschagne as algemene sekretaris is verantwoordelik vir die bestuur van die Sinodale Dienssentrum, en vir begeleiding van gemeentes en die Kerk se debiteureprogram. Hierbenewens het dr Labuschagne nou ook die opdrag om verantwoordelikheid te aanvaar vir die SGB wat binne die HTK gevestig is. Dr WC van Wyk funksioneer as sekretaris: Kommissie van die AKV. Ekumene is volledig oorgedra na die terrein van die Kommissie, en is die verantwoordelikheid van dr Van Wyk. Ds CEC Hertzog het as voorsitter van die Raad van Finansies ook vergaderings van die Bestuurskomitee bygewoon. Albei hierdie liggame het die Kommissie van advies bedien en ook opdragte van die Kommissie uitgevoer.

Die Kommissie van die AKV het steeds van 'n aantal staande komitees gebruik gemaak:

* Proponentseksamenkommissie: Di PS Esterhuizen (voorsitter), JM Bevolo-Manders (visevoorsitter), TF Dreyer, L Geel (sr) en dr DJ du Toit. Op aanbeveling van die Proponentseksamenkommissie is 12 predikante gedurende die termyn tot die evangeliebediening toegelaat.

* Welstandsprogram: Proff TFJ Dreyer, Y Dreyer, drr RA Denton, J Nel, WA Strydom, JM van Staden, JC van der Merwe, di CJ Bezuidenhout en FJ Redelinghuys.

* Tugkomitee: Die Tugkomitee bestaan uit dr JH van Staden, di HJ Celliers, EG Fourie, advokate Fritz Geyer, René Mulder, oudle Karel Kruger en Pieter Mulder, en dit is met groot dankbaarheid dat die Kommissie kan rapporteer dat daar geen tuggeval die afgelope termyn was nie.

2.8.4 BELANGRIKE GEBEURE DIE AFGELOPE TERMYN

2.8.4.1 **Verkoop van die Sinodale Dienssentrum**

Aan die einde van 2016 het ons kennis geneem dat daar 'n koper vir die Sinodale Dienssentrum is. Eers was daar twyfel of dit regtig kan wees aangesien daar soveel moontlike transaksies in die verlede was wat telkens op niks uitgeloop het. Hoewel die Kommissie vroeg in die termyn gebeurlikheidsbeplanning gedoen het, byvoorbeeld hoe om die Argief te hervestig, kon niks ons op die werklike impak van die kooptransaksie voorberei nie. Daar was soveel vrae wat ook onsekerheid en spanning by die personeel veroorsaak het. Die eerste reaksie was om onmiddellik na 'n alternatiewe gebou te soek om te koop. Die Kommissie het met hul eerste vergadering in Maart 2017 besluit dat 'n vinniger en meer vaartbelynde ondersoek moet plaasvind, en het gevolglik 'n vyfmankomitee bestaande uit drr AG Ungerer, FJ Labuschagne, di CEC Hertzog, WJJ Kok en RTI Pienaar aangewys wat op 15 Maart 2017 'n eerste vergadering gehou het.

Die vyfmankomitee het verskeie kere vergader en moontlikhede ondersoek om 'n alternatiewe ruimte te koop of te huur. Die hervestiging van die Argief was deurentyd 'n groot kopseer aangesien die geskikte vloerruimte wat aan alle vereistes sou moes voldoen, die Kerk enigiets tussen R7 miljoen en R12 miljoen sou kos om te bou. Daar was ook nie ander geboue wat ons kon huisves nie. Uiteindelik is daar uit 'n heel onverwagse oord hulp aangebied. Die Erfenisstigting wat by die Voortrekkermonument geleë is, het vir ons vloerruimte vir die Argief aangebied, asook kantoorruimte om te huur. Die bedrae ter sprake was uiters billik en ons het onverwyld van die aanbod gebruik gemaak. Die res is geskiedenis. Die Kerk se oudit- en finansiële afdeling is na Derdepoort wat ook die domisilie-adres geword het, Rata het by Montana tuisgekom, Wonderboom huisves ons groter vergaderings, en 'n raadsaal vir kleiner sinodale vergaderings is by Philadelphia ingerig. Die Sinodale Dienssentrum besit geen geboue meer nie en die huurooreenkomste wat gesluit is, is uiters gunstig.

Die wyse waarop God voorsien het, vervul 'n mens met diepe dankbaarheid. Telkens wanneer ons onsself vasgeloop het, het daar nuwe uitkoms gekom. Aanvanklik was ons bekommerd oor die feit dat ons nie meer 'n eenstopdiens kon lewer nie, hoewel dit tog blyk dat die gemeentes goed by die verskillende satellietpunte aangepas het. Daar was ook enkele opmerkings oor die Kerk se domisilie-adres, synde in Derdepoort, en dat 'n adres in 'n meer gegoede woongebied die Kerk se beeld beter sou dien. Dit is aanvegbaar. Hieroor het 'n kollega opgemerk dat Derdepoort dalk juis dié adres vir 'n kerk is.

2.8.4.2 **500-jarige herdenking van die reformasie (REFO 500)**

Die Kommissie het aan die einde van 2016 'n komitee, bestaande uit proff WA Dreyer, IWC van Wyk, dr WC van Wyk en ds JF van der Merwe, saamgestel om in samewerking met die TKR die reëlings op nasionale vlak te koördineer. 'n Massabyeenkoms het op Sondag 29 Oktober 2017 gedurende twee eredienstye by die NG Gemeente Universiteitsoord plaasgevind. Die liturgie is uitgewerk deur ds Van der Merwe (NHKA), terwyl proff Gert Breed (GKSA) en Stephan Joubert (NGK) as predikers opgetree het.

Gedurende 2017 is verskeie artikels in al die kerklike tydskrifte gepubliseer om luister aan hierdie besondere gebeure te verleen. Die 500-jarige viering het by die Fakulteit Teologie en Religie aan UP ook met die 100-jarige viering van die Fakulteit se bestaan saamgeval. Die NHKA het uiteraard sedert die stigting van die Fakulteit in 1917 'n wesenlike rol aan UP vertolk.

2.8.4.3 **Ekumeniese skakeling – plaaslik en internasionaal**

(i) ***Moderature van die NHKA en NGK, asook gesprek met die GKSA***

Op Donderdag 27 Julie 2017 het die Moderamen van die NHKA en die Moderatuur van die algemene sinode van die NGK net buite Pretoria ontmoet. Die Moderature het in 'n baie goeie gees gesprek gevoer en, in die lig van die bilaterale ooreenkoms, die volgende sake ten opsigte van nouer samewerking geïdentifiseer:

* Missionale kerkwees.

* Teologiese opleiding.

* Groter ekumeniese samewerking, byvoorbeeld om die moontlikheid van ekumeniese sinodes (saam met ander kerke) te ondersoek.

* Nouer samewerking (binne én buite Suid-Afrika), veral waar gemeentes as gevolg van demografiese verskuiwings en ekonomiese druk in 'n oorlewingstryd gewikkel is.

* Die twee Kerke ondersoek geleenthede om plaaslik en nasionaal nouer saam te werk in barmhartigheidsdiens.

* Die goeie samewerking met betrekking tot die kerklied en -musiek word verder uitgebou.

* Groter samewerking met betrekking tot die elektroniese media word ondersoek.

Op 24 Julie 2018 het 'n tweede gesprek met die NGK plaasgevind waar verder oor bogenoemde sake gesels is. Die verhouding tussen die twee Kerke is kerngesond en albei is verbind tot voortdurende gesprek.

Op 1 November 2017 het 'n bilaterale gesprek tussen die NHKA en die Deputate Ekumene van die GKSA in die raadsaal by Gemeente Philadelphia plaasgevind. Van die NHKA was proff WA Dreyer, IWC van Wyk, drr FJ Labuschagne, AG Ungerer, WC van Wyk, di EG Fourie, L Geel (sr), WJJ Kok en JF van der Merwe teenwoordig. Die GKSA is deur prof H de Goede, dr B Fourie, di P Kurpershoek, P Venter en C Aucamp verteenwoordig.

Daar is bondig oor die volgende sake gesels:

* Skrifverstaan.

* Belydenisaangeleenthede – *quia* of *quatenis*?

* Hoe word die GKSA geraak deur die onafhanklike gemeentes/kerke (GHG) wat van die NHKA afgeskei het?

* Moontlike samewerking/verhouding/ekumeniese ooreenkoms?

* Die NHKA se 2016-besluit oor selfdegeslagverhoudings.

* REFO 500.

Na hierdie gesprek kon die deputate aan hul sinode wat vir Januarie 2018 geskeduleer was, terugvoering gee.

Daar het ook 'n gesprek met die APK op 16 Oktober 2018 by die sinodale sentrum van die APK plaasgevind. Die Moderamen is verteenwoordig deur dr AG Ungerer, di WJJ Kok en JF van der Merwe. Die gesprek is gevoer met die Sentrale Kerke Kommissie van die APK. Van die Sentrale Kerke Kommissie was die volgende lede teenwoordig:

* Dr Schalk Strauss (voorsitter)
* Dr Attie Boshoff (sekretaris)
* Ds Paul Moller
* Ds Johan Schütte

* Mnr Gys van Rensburg (finansies).

Die gesprek het in goeie gees verloop en kan die beste opgesom word as 'n verkennende gesprek met die oog op beter begrip en respek vir mekaar se oortuigings, en onderlinge samewerking.

(ii) ***Die Algemene Vergadering van die WGGK (WCRC) in Leipzig***

Die 26ste Algemene Vergadering van die WGGK te Leipzig, Duitsland het vanaf 29 Junie tot 7 Julie 2017 plaasgevind. Die afgevaardigdes met stemreg was prof Y Dreyer (dosent aan UP en selfbetalend), dr AG Ungerer (voorsitter van die AKV) en oudl Joël Fourie (lidmaat by Gemeente Swartkop en selfbetalend). Afgevaardigdes met spreekreg was dr WC van Wyk (sekretaris: Kommissie van die AKV), ds EG Fourie (verantwoordelik vir ekumene) en mej Marina Kok (teologiestudent aan UP en selfbetalend). Prof J Buitendag (dekaan: Fakulteit Teologie en Religie aan UP) was as gas van die president, prof Jerry Pillay, teenwoordig.

Om oor die volle omvang van die vergadering te rapporteer, is byna onmoontlik. Die volgende is 'n kernagtige samevatting van die program:

* Daar is daagliks begin met Bybelstudie oor 'n bepaalde onderwerp wat deur 'n inleier hanteer is. Dit het met groepbespreking, sang en aanbidding gepaard gegaan. Verskillende temas is gedurende die vergadering hanteer op die basis van luister (*listening*), onderskeiding (*discernment*) en besluitneming (*decision*). Die volgende temas het gedien:

  ** Toespraak van die president (prof Jerry Pillay).
  ** Toespraak van die algemene sekretaris (dr Chris Ferguson).
  ** Ekonomiese geregtigheid.
  ** Teologie.
  ** Gendergeregtigheid, ordening van vroue as predikante en sake oor seksuele kwessies.
  ** *Mission in Communion* en *Communion in Mission*.
  ** Die versterking van die gemeenskap van gelowiges.
  ** Openbare getuienis.
  ** Visie.

* Daar was aksies buite-om die vergadering, waaronder die besoek aan Wittenberg op 5 Julie 2017 waar 'n erediens om 09:30 in die Stadtkirche plaasgevind het. Dit was die kerkgebou waarin Luther gereeld gepreek het. Na afloop van die erediens het die historiese ondertekening van 'n gesamentlike verklaring oor die regverdigingsleer plaasgevind. Dit is 'n verklaring wat sy oorsprong gedurende 1999 gehad het toe die Rooms-Katolieke Kerk en die Lutherse Kerk dit die eerste keer onderteken het. In 2006 het die Wêreldraad van Metodistekerke ook hul hand op papier gewaag – én die WGGK in die jaar 2017, die 500ste jaar na die amptelike begin van die reformasie. Hiermee het die WGGK weer eens bevestig dat die mens se regverdiging deur genade alleen, 'n kernaspek van die evangelie is.

(iii) ***Blootstelling aan ekumeniese liggame op internasionale vlak***

Lede van die Kommissie het by enkele geleenthede gesprekke met verteenwoordigers van ekumeniese liggame gehad. Een só 'n geleentheid was

die gesprek met die aartsbiskop prof dr Daniel Buda van die Wêreldraad van Kerke se *Faith and Order Commission*, op 4 April 2017, wat in daardie stadium op besoek aan Suid-Afrika was. Dit was gewoon 'n geleentheid om kennis te maak en meer van mekaar se wêrelde te verstaan. Dr AG Ungerer het later tydens die *Faith and Order*-konferensie op 16 Junie 2017 'n groeteboodskap namens die NHKA gelewer.

Die sekretaris van die Kommissie, dr WC van Wyk, het gedurende Junie 2018 die Algemene Vergadering van die ACRP in Rwanda bygewoon. Sy kennis van die Franse taal het hom handig te pas gekom toe hy onverwags as tolk vir die Franse afvaardiging van Afrika tydens die vergadering moes optree. Uiteraard versterk hierdie soort gebeure die ekumeniese bande met ander kerke uit Afrika – 'n kosbare wending vir 'n Kerk wat so lank ekumenies afgesonder was.

Op 19 Februarie 2019 het 'n konferensie vir die jeug van die AGGK en 'n vergadering van die uitvoerende bestuur van die AGGK by die Emseni-sentrum in Benoni plaasgevind. Afgesien van die uitvoerende bestuur van die AGGK, is ongeveer vyf jongmense uit elkeen van die substreke van Afrika na die byeenkoms genooi. Daar was gevolglik verteenwoordigers van verskillende kerke uit lande in Wes-Afrika, Sentraal-Afrika, Oos-Afrika en Suider-Afrika. Die Hervormde Kerk is verteenwoordig deur drr AG Ungerer, WC van Wyk, en finalejaarteologiestudente Marina Kok en Waldo Pretorius.

(iv) ***Die SARK***

Die 67ste AKV het reeds in 2004 besluit dat die NHKA moet aansoek doen om waarnemerstatus by die SARK. Die sekretaris van die Kommissie het reeds verskeie briewe aan die sekretaris van die SARK gerig om hierdie moontlikheid te ontgin. Hoewel daar welwillendheid bestaan tussen lede van die SARK en ekumeniese verteenwoordigers van die NHKA, kon ons nie daarin slaag om 'n formele ontmoeting van stapel te stuur nie. Dit wil voorkom of die SARK se administratiewe stelsel ernstige gebreke het. Ons kon wel op streekvlak 'n bydrae lewer toe 'n afvaardiging van die NHKA bestaande uit drr AG Ungerer, WC van Wyk, di EG Fourie, WJJ Kok, mev Mari-lizé Beukes en finalejaarteologiestudent Marina Kok gedurende 2018 'n streekbyeenkoms van die SARK bygewoon het.

(v) ***Die Nasionale Biddae***

Die NHKA is deur die *Motsepe Foundation* genooi om aan die eerste Nasionale Biddag op 26 November 2017 by die ENB-stadion deel te neem. Drr AG Ungerer en WC van Wyk het hierdie Biddag bygewoon. By die tweede Biddag wat op 25 November 2018 plaasgevind het, het dr Ungerer namens die NHKA 'n gebed gedoen. Naas die blootstelling op nasionale televisie, het vele ontmoetings en gesprekke met kerkleiers oor 'n wye front plaasgevind, en geniet die Hervormde Kerk tans groter blootstelling.

(vi) ***'n Stem uit die grys verlede***

Op 26 Oktober 2008 het dr SP Pretorius, in sy hoedanigheid as sekretaris van die Kommissie van die AKV, 'n skrywe aan dr CJ Labuschagne in Groningen, Nederland gerig. Hierdie skrywe was in versoenende trant na die gebeure in die laat 1960's rakende die tughandeling teen prof AS Geyser. Dr Labuschagne was 'n medestander van Geyser. Na die Algemene Vergadering van die WGGK in Leipzig het dr AG Ungerer per trein na Groningen gereis, en dr Cas

Labuschagne en sy vrou Lenie in Haren, digby Groningen, besoek. Die besoek het in 'n goeie gees plaasgevind en was die begin van 'n versoenende proses met hom. Die Kommissie het aan die einde van 2018 verneem dat sy gesondheid agteruitgaan en daar is vroeg in 2019 weer met hom gekorrespondeer. Die Kommissie het op 26 Maart 2019 'n skrywe aan hom gerig waarin 'n volledige opgaaf van gebeure sedert die 69ste AKV in 2010 vir hom geskets is. Op 3 April 2019, die vooraand van sy 90ste verjaardag (in Nederlands staan dit as oudjaarsdag bekend), het hy op versoenende wyse die skrywe beantwoord. In sy woorde: *Nou kan ek die betreffende hoofstuk in my lewe definitief afsluit*.

(vii) ***Die MRCC***

Die uitfasering van AIM en die geleidelike inkorting van finansiële hulp aan die MRCC laat op 'n manier 'n vakuum betreffende die spontaniteit van eertydse verhoudinge. Gedurende 2018/19 was daar geen student van die MRCC aan UP nie, en 'n poging om vanuit UP se Sentrum vir Kontekstuele Bediening opleiding te bemiddel, het op niks uitgeloop nie. Die verkoop van die Dirk van der Hoffgebou het ook gesorg vir 'n geskarrel oor waar die MRCC gehuisves kon word. Uiteindelik het Gemeente Noordwestelike Pretoria, onder leiding van ds GS de Beer, vir hulle heenkome gebied. Tans is daar blyke dat die MRCC by die VGK aansluiting soek. Oor hierdie moontlikheid is ons nog nie amptelik ingelig nie. 'n Amptelike gesprek met die MRCC word in die vooruitsig gestel nadat 'n vorige gesprek weens omstandighede gekanselleer is.

2.8.4.4 **Bosberaad op 16 en 17 Januarie 2018 by Venterskroonkampterrein**

Die Kommissie het 'n bosberaad gehou met dr Theuns Eloff as fasiliteerder. Liezl de Swardt van *Uppe Marketing* was as waarnemer teenwoordig. Die volgende sake is hanteer:

* Groeipotensiaal van die NHKA en hoe om missionaal kerk (in die voetspore van Christus) te wees.

* Visie van die NHKA.

* Kommunikasie-oudit.

* Herstrukturering van die begroting van die Raad van Finansies.

Uiteindelik is drie formulerings aanvaar wat 'n poging was om die visie en missie van die NHKA te konkretiseer in 'n paradigmaskuif:

<u>Formulering 1</u>

Ons Hervormers se fokus is om vanuit 'n lewende verhouding met God en met mekaar in elke gemeente 'n verskil te maak in die lewe van sy lidmate, en na buite, insluitend die gemeenskap, die omgewing en die wyer wêreld.

<u>Formulering 2</u>

Ons leef in verhouding met God.
Christus leef in ons.
Ons leef in verhouding met mekaar en ander mense.
God stuur ons om as sy getuies 'n verskil te wees.

Formulering 3

Vanuit 'n lewende verhouding van lidmate met God, leef gemeentes inkarnerend, relasioneel, en missionaal om 'n verskil te maak in mense se alledaagse lewe.

Dit vind gestalte in gemeentes se viering van die evangelie, in gemeenskap met medegelowiges, deur diens en getuienis in die wêreld.

In al hierdie formulerings kom 'n grondige verhoudingsmatigheid na vore. Die vraag is hoe die Kommissie gemeentes kan help om 'n lewende verhouding met God te ontgin, hoe om na binne in lidmate se lewe 'n verskil te maak, en hoe om na buite gerig te wees. Die Kommissie het ook die opleiding van sekere predikante om as fasiliteerders in streeksverband op te tree, goedgekeur. Verskeie predikante het reeds toepaslike opleidingsgeleenthede deurloop en sal hopelik in die toekoms instrumenteel wees om die Kerk na missionale kerkwees te help begelei.

2.8.4.5 **Die Kerk se nuwe kommunikasieplan**

Die Kommissie van die AKV is reeds geruime tyd bewus van die uitdagings om in ons wêreld effektief met lidmate, ampsdraers, gemeentes en die gemeenskap te kommunikeer. Die maniere waarop ons dit in die verlede gedoen het, is nie meer so effektief nie. Intussen het nuwe maniere van kommunikeer ontstaan, en in baie opsigte selfs die norm geword. Dit gebeur egter dikwels dat 'n mens blind is vir jou eie leemtes, of dat 'n mens instinktief vashou aan ou maniere van doen.

Om daardie rede het die Kommissie aan die einde van 2017 'n privaatmaatskappy, *Uppe Marketing*, gekontrakteer wat op twee aspekte gefokus het. *Die Kerk se korporatiewe identiteit, en die kommunikasiekanale (platforms of media) wat ons gebruik om te kommunikeer.*

Die Kerk se korporatiewe identiteit moet ons saambind, die geloofsgemeenskap versterk en mense insluit. Bestaande lidmate én potensiële lidmate moet voel dat hulle aan hierdie Kerk kan behoort. Die grafika waarop besluit is, is aanvullend tot die Kerkwapen en voetewassingsembleem, en wil dit nie vervang nie. Die bedoeling is om die Kerkwapen steeds op amptelike dokumentasie en vir interne kommunikasie te behou, maar om 'n maklik herkenbare en eietydse embleem saam met die voetewassingsembleem te gebruik vir die Kerk se kommunikasie na buite.

Die tweede belangrike aanbeveling is dat die Kerk voortaan in die eerste plek van elektroniese media gebruik maak vir kommunikasie: Een enkele nuwe webblad vir al die fasette van die Hervormde Kerk se dienswerk, aangevul deur elektroniese nuusbriewe wat op spesifieke teikengroepe gerig is. Sosiale media moet ook meer doelgerig gebruik word om eietyds te kommunikeer, en ook mense buite die Kerk te bereik. Dit beteken dat die Kerk se bestaande personeel en infrastruktuur toenemend vir elektroniese kommunikasie aangewend moet word, en dat indringend besin moet word oor die nodigheid van gedrukte publikasies.

'n Pynlike gevolg van hierdie kommunikasiestrategie was die besluit om *Konteks* as tydskrif te staak. 'n Laaste gedenkuitgawe is in Maart 2019 uitgegee. Die Kommissie bedank ook dr WC Kloppers en sy voorganger, dr PJ de Beer, vir uitnemende diens.

2.8.5 UITDAGINGS VIR DIE NHKA

2.8.5.1 **Dalende lidmaatgetalle**

'n Afname in bevolkingsgroei blyk een van die belangrikste redes vir dalende lidmaatgetalle te wees. Die Hervormde Kerk se doopsyfers is die afgelope kwarteeu reeds maar ongeveer 20% van wat dit vroeër was. Daarby verloor ons talle dinamiese lidmate saam met hulle kinders weens emigrasie, terwyl die ontvolking van die platteland baie lidmate na die stedelike gebiede laat verhuis. Natuurlik dra die postmoderne tydgees (dalk selfs hierdie era van postwaarheid) by tot 'n erosie onder ons lidmate. Die situasie is kompleks en moeilik om onder 'n paar noemers saam te bondel.

Die beskikbaarheid van predikante kan in die toekoms ook problematies raak. Die volgende projeksie is reeds vroeg in die Kommissie se termyn gedoen:

Projeksie van predikante wat tot en met die 75ste AKV gaan aftree:

Tussen 71ste (2016) en 72ste AKV (2019):	18
Tussen 72ste (2019) en 73ste AKV (2022):	25
Tussen 73ste (2022) en 74ste AKV (2025):	36
Tussen 74ste (2025) en 75ste AKV (2028):	33

Hoeveelheid predikante wat die afgelope tien jaar vroeë emeritaat aanvaar het:	11

Hoeveelheid predikante wat die afgelope tien jaar op siekte-emeritaat gegaan het:	5

Dit kom op 'n **vermindering van 128 predikante** neer.

Projeksie van nuwe predikante tot en met die 74ste AKV:

Tussen 71ste (2016) en 72ste AKV (2019):	16
Tussen 72ste (2019) en 73ste AKV (2022):	10
Tussen 73ste (2022) en 74ste AKV (2025):	13
Tussen 74ste (2025) en 75ste AKV (2028):	13

Dit beteken dat 'n moontlike **52 predikante** bygevoeg kan word.

Hoeveelheid predikante in voltydse werkruimtes:	162
Hoeveelheid predikante in deeltydse werkruimtes (drie sinodale predikante ingesluit):	78
Hoeveelheid emeriti in deeltydse werkruimtes:	14
Hoeveelheid lidmate wat gemiddeld die Kerk verlaat per jaar:	2 500

Die Kerk kan dalk in die kort termyn met 'n getal van 164 predikante teen 2025 saamleef, hoewel die aantal deeltydse werkruimtes waarskynlik gaan styg, veral in die plattelandse gebiede. Of daar oor die lang termyn genoeg predikante gaan wees, sal net die tyd leer. Die hoop bestaan dat die jaarlikse vermindering van lidmate iewers 'n draaipunt sal bereik, en dat 'n sistemiese ewewig bereik sal word. Tans kan die vraag tereg gevra word of die Kerk nie tans te veel

gemeentes het nie. Dit verg in baie gemeentes groot inspanning om geboue te onderhou en infrastruktuur in stand te hou.

2.8.5.2 **Van instandhouding na missionaal**

Die Kommissie se verslag aan die 69ste AKV maak reeds die volgende gevolgtrekking oor lidmaatverliese in gemeentes:

> *Die enigste gemeentes wat sal oorleef, is dié wat nie net instandhouding en versorging van lidmate doen nie, maar daarin slaag om missionaal te leef en lidmate deel te maak van die gemeente se bediening. Die bestaande gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika sal 'n proses van radikale transformasie moet inisieer. Buite die strukture van die Kerk as instituut, sal gelowiges onbevange moet migreer om mense op die markplein te gaan ontmoet. Dit kan slegs gebeur indien die Kerk deur die proses van radikale transformasie weer vir mense buite die Kerk 'n plek word waar hulle die teenwoordigheid van God kan beleef. Of bestaande lidmate daarvoor gereed is, is te betwyfel.*

Die 70ste AKV stel dit soos volg:

> *Dit word al duideliker dat die Hervormde Kerk se bestaande model van kerkwees uitgedien is. Tog is gemeentes, kerkrade en lidmate oor die algemeen traag om te verander, en nie entoesiasties om uit te reik na mense en gemeenskappe buite die Kerk nie. In sommige gevalle is lidmate selfs vyandig teen sulke inisiatiewe, en voel hulle dat hulle bekende kerklike ruimte daardeur bedreig word. Dit versterk 'n vasgelooptheid in gemeentes wat verhinder dat nuwe stimuli nuwe lewe kan bring.*

Soos blyk uit bogenoemde, is die Kerk steeds in wese institusioneel, en word gekenmerk deur 'n na-binne-gerigtheid en 'n ywer om die *status quo* te handhaaf. Instandhouding verg soveel energie dat daar meesal min ywer vir 'n na-buite-gerigtheid bestaan. Dit kom basies daarop neer dat die kultuur van die Kerk verander moet word. Dit is geen maklike taak nie, en dikwels probeer ons dit met strategieë en vele planne vermag. Die volgende wysheid in Engels temper die oordrewe klem op strategieë: *Culture eats strategy for breakfast*. Dit is eerder nodig om 'n diepgaande soeke na God se wil na te streef. Dit gaan om diepgaande luister en voortdurende refleksie oor waarmee God besig is – in ons gemeentes, in ons vriendekring en in ons gemeenskappe. Die Hervormde Kerk het waarskynlik hier bekering nodig. Ons het dalk te lank gevra na wat ons wil hê, en omstandighede noop ons om te vra na wat God wil hê. 'n Kultuur van gehoorsaamheid mag ons stroop van ou sekerhede, maar sal tegelyk 'n ongekende verdieping in ons geloofslewe meebring sodat ons met integriteit kerk in die wêreld sal wees.

2.8.5.3 **Litigasie**

Die volgende besluit is in verband met die litigasie geneem:

> *Die Kommissie van die AKV magtig, kragtens Ordinansie 4.8.2 (xxiii) van die Kerkorde, namens die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, die Litigasiekomitee, wat 'n komitee van die Kommissie van die AKV is, om na oorleg met die algemene sekretaris, alle stappe te neem wat nodig mag wees om enige aksie, aansoek of geding in enige geregshof of ander regsprekende liggaam of administratiewe tribunaal teen te staan of te*

begin, en in beide gevalle die aangeleentheid volledig deur te voer of te skik wat insluit die aanstelling van 'n persoon of persone om namens die Kerk op te tree, onderhewig daaraan dat die Kommissie by sy eerste vergadering, nadat 'n stap hiervolgens geneem is, ingelig word. Die algemene sekretaris of die voorsitter van die Litigasiekomitee word hiermee gemagtig om enige dokument te teken wat nodig mag wees om uitvoering te gee aan hierdie besluit en enige moontlike litigasie.

Die hofdatum is tans op 17 Februarie 2020 vasgestel.

2.8.6 DANKWOORD

Dit was 'n besondere voorreg om die afgelope termyn in die Kommissie te kon dien. Niks kon 'n mens egter voorberei op die grootsheid van die opdrag nie. Daar was tye dat ons die pyn van kollegas en gemeentes moes aanhoor, die moedelose uitsigloosheid van sommige moes gadeslaan, verneem van die karige vergoeding waarmee sommige predikante genoeë moet neem en nogtans hul werk met ywer voortsit. Ons het saam met ringe en gemeentes geworstel oor demografiese verskuiwings, die ontvolking van die platteland, myne wat toemaak, en hoe om die kultuur van 'n gemeente te verander. Daar was nagte van wakker lê oor die lot van kollegas wat smag na beroepe, die finansiële drukgang en gepaardgaande rasionalisering van sinodale strukture, die wederstrewigheid van enkele gemeentes wat hulle nie met vorige besluite kon versoen nie – die lys is omvangryk, en so dikwels moes ons ons eie nie-weet-nie en vasgelooptheid bely. Tog was daar vele hoogtepunte, waarvan die verslag ook getuig.

Die Kommissie wil daarom diepe dank betuig teenoor God wat ons in hierdie termyn gelei en gedra het, en aan die Kerk wat ons onderskraag en verdra het.

Die verslag word aanvaar, met die volgende wysiging:

2.8.5.3 ***Die Kommissie van die AKV magtig, kragtens Ordinansie 4.6.2 (xxiii) van die Kerkorde, namens die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, die Litigasiekomitee, wat 'n komitee van die Kommissie van die AKV is, om na oorleg met die algemene sekretaris, alle stappe te neem wat nodig mag wees om enige aksie, aansoek of geding in enige geregshof of ander regsprekende liggaam of administratiewe tribunaal teen te staan of te begin, en in beide gevalle die aangeleentheid volledig deur te voer of te skik wat insluit die aanstelling van 'n persoon of persone om namens die Kerk op te tree, onderhewig daaraan dat die Kommissie by sy eerste vergadering, nadat 'n stap hiervolgens geneem is, ingelig word. Die algemene sekretaris of die voorsitter van die Litigasiekomitee word hiermee gemagtig om enige dokument te teken wat nodig mag wees om uitvoering te gee aan hierdie besluit en enige moontlike litigasie.***

BESKRYWINGSPUNT 1: KOMMISSIE VAN DIE AKV

SINERGIE ONDERWEG NA 2025

Alle gemeentes, ringskommissies en sinodale strukture streef deurlopend sinergie na. Die Kerk voer gesprek om die bediening aan lidmate en die gemeenskap te bevorder deur kerklike belange en dienste op alle vlakke te konsolideer en te optimaliseer.

Motivering:

1. Die NHKA staan voor nuwe uitdagings om meer as ooit tevore, op heelhartige wyse sinergie te bewerkstellig en hulpbronne te konsolideer.

2. Die woord *sinergie* (herinner ook aan die Griekse woord *sunergeo* met dieselfde betekenismoontlikheid) verwys na samewerking en onderlinge ondersteuning tussen mense met 'n gemeenskaplike doel voor oë en tot beswil van die groter geheel. Die rykdom van die evangelie verskaf absolute sin aan ons bestaan asook die sin wat ons uit ons onderlinge verhoudinge put, terwyl dit ons terselfdertyd energieker in God se koninkryk laat werk.

3. Die datum 2025 is betekenisvol omdat die bereiking van dié datum oor ses jaar (twee termyne tussen Algemene Kerkvergaderings) strek. 2025 word ook sterk aan die Vierde Industriële Rewolusie gekoppel omdat dit die datum is waarvolgens 23 betekenisvolle skuiwe in die samelewing sal plaasvind of reeds sou plaasgevind het. Die Kerk behoort haar vroegtydig te posisioneer om 'n veilige hawe te skep vir diegene wat deur hierdie groot skuiwe ontwrig sal word.

4. Hoewel die omstandighede van ons tyd nie bepalend vir die wese van die Kerk (Besluit 1 van die 71ste AKV) is nie, noop dit ons om werklikhede soos kwynende lidmaatgetalle, afname in kindergeboortes, verstedeliking, ontvolking van die platteland, emigrasie, finansiële oorlewing, instandhouding van gemeentelike bates en demografiese verskuiwings met erns te bejeën.

5. Die Kerk verreken ook die werklikheid dat daar tans meer gemeentes is as wat die aantal lidmate regverdig, wat op sy beurt groot finansiële druk op gemeentes wat in 'n oorlewingstryd gewikkel is, plaas.

6. Samewerking op 'n sinergistiese wyse bevorder groter soepelheid in ons kerkwees en help ons om op energieke wyse - in die voetspore van Jesus - die voetspoor van die Kerk op relevante wyse te bevorder.

7. Gemeentes besin in oorleg met ringskommissies en sinodale strukture oor moontlike samewerking met ander gemeentes of denominasies, samesmelting of ontbinding (Besluit 2 en 99 van die 71ste AKV).

8. Die Kommissie van die AKV stel kundiges beskikbaar om aan gemeentes en ringe leiding te gee met die oog op die konsolidering en optimale aanwending van bates.

9. Groter sinergie word bewerkstellig met die herindeling van ringe om groter kapasiteit ten opsigte van leierskap en werkkragte te ontgin.

Dr WC van Wyk, die sekretaris van die Kommissie van die AKV, stel die beskrywingspunt.

Die besluit word uitgebrei met die volgende amendement, gestel deur ds WJJ Kok en gesekondeer deur ds CEC Hertzog:

Die Kommissie van die AKV en die Raad van Finansies kry opdrag om alle sinodale poste, rade en komitees se werkopdragte te herbelyn om sodoende sinodale dienste verder te konsolideer en te optimaliseer.

2.9 TERMYNVERSLAG VAN DIE UITTREDENDE RAAD VAN FINANSIES

2.9.1 INLEIDEND

Die afgelope drie jaar was wêreldwyd vol uitdagings. Suid-Afrika, en daarmee saam die Kerk, het dit nie vrygespring nie. Die gepaardgaande finansiële druk is op talle plekke in die Kerk ervaar, en gemeentes moes harder as in die onlangse verlede werk om finansieel kop bo water te hou. Dit is goeie nuus dat gemeentes dit meestal kon regkry, selfs al het dit met kopsere gepaard gegaan. Dit is ook positief dat die Kerk nie bloot oorleef nie, maar ook op verskeie maniere in die proses groei. Daarvoor dank ons die Here!

Hierdie verslag het ten doel om finansiële inligting vir die besluitneming by die 72ste AKV te verskaf. Die eerste deel van die verslag bevat inligting oor die finansiële posisie van gemeentes, en die tweede deel oor sinodale dienste en finansies.

2.9.2 GEMEENTELIKE AANGELEENTHEDE

2.9.2.1 **Inleidend**

Die saamgestelde inkomstestaat van gemeentes soos op 28 Februarie 2017 is gebruik om die inligting onderaan te verskaf. Die staat moes aangepas word aangesien 32 gemeentes se oudits nog nie afgehandel was nie.

2.9.2.2 **Die saamgestelde inkomstestaat**

(i) ***Inkomstes van gemeentes***



Die blou kolomme in Grafiek 1 verteenwoordig die inkomste van gemeentes. Dit is duidelik dat dit sedert 2015 sywaarts beweeg het. Daar was oor die drie jaar 'n klein toename van slegs 0.17%. Dit bly 'n ope vraag wat van 2018 tot 2019 met die inkomste gebeur het, maar voorlopige tekens dui daarop dat die sywaartse beweging kon omsit in 'n daling.

Die rooi lyn in Grafiek 1 gee 'n aanduiding van hoe die inkomste sedert 2010 moes toeneem om met inflasie tred te hou. Gemeentes se inkomste moes in 2017 R57 000 000.00 meer wees om met inflasie tred te hou. Die *koopkrag* van gemeentes neem dus jaarliks merkbaar af.

Offergawes is die vernaamste inkomstebron:



Die blou kolom toon die werklike inkomste uit offergawes. Daar is 'n klein toename sedert 2012. Die oranje kolom toon die potensiële inkomste uit offergawes indien dit sedert 2010 met 5% inflasie per jaar sou toeneem. As dit sou realiseer, sou die inkomste uit offergawes in 2017 sowat R186 000 000.00 wees, teenoor die werklike bedrag van R147 548 601.00. Die sywaartse beweging in offergawes is slegs te wyte aan die verlies van sowat 3 000 lidmate per jaar. Die gemiddelde offergawe per lidmaat (rooi lyn) groei. Ook dit het egter nie in 2016 en 2017 voldoende tred gehou met inflasie nie.

Die ander vernaamste inkomstebronne toon die volgende:



Ten opsigte van deurkollektes (oranje kolomme) was daar 'n merkbare verhoging van 11% van 2016 tot 2017. Daar kan heelwat verklarings daarvoor wees. Inkomste uit funksies het met net meer as R2 000 000.00 afgeneem. Ook renteverdienste, wat sedert 2013 jaarliks toegeneem het, het van 2016 tot 2017 'n daling van 5.5% getoon.

Dit is verblydend om te sien dat huurinkomste pragtig groei:



Die groei in huurinkomste was sedert 2010 sowat 12% per jaar. Gemeentes raak dus toenemend bewus van die vermoë wat eiendom het om inkomste te genereer. Hierdie vermoë is waarskynlik nie ten volle benut nie en kerkrade kan daaraan oorweging skenk om dit nog meer te ontgin. Die groei in huurinkomste kompenseer egter nie vir die swak prestasie ten opsigte van ander inkomstebronne nie.

(ii) ***Uitgawes van gemeentes***

Kyk weer na Grafiek 1 hierbo. Alhoewel die inkomste (blou kolomme) konstant gebly het, het die uitgawes (oranje kolomme) met 2.6% per jaar toegeneem. Dit het tot gevolg dat die surplus jaarliks afneem. Die surplus het sedert 2015 jaarliks met sowat R4 000 000.00 afgeneem. Indien dit as maatstaf gebruik word en tot 2022 geprojekteer word, kan gemeentes in die nabye toekoms aansienlike tekorte verwag, soos in Grafiek 5 gesien kan word:



Die tekortkominge van die ekstrapolering moet erken word, maar dit bied tog waardevolle insigte. Dit is duidelik dat gemeentes sowel hul inkomstes as uitgawes baie versigtig sal moet bestuur. Slegs 55% van die gemeentes het in 2017 bygedra tot die surplus, terwyl 45% tekorte getoon het. Gemeentes waar daar tekorte ontstaan het, moes opgehoopte surplusse gebruik om te oorleef. Dit is op die lange duur nie volhoubaar nie.

Standplaaskoste (sien Grafiek 6) is die enkele grootste uitgawe en maak net minder as 50% daarvan uit. Alhoewel daar van 2015 tot 2016 'n matige afname ten opsigte van die spandering aan standplaaskoste was, was daar weer van 2016 tot 2017 'n toename van 2%. Die swart lyn in die grafiek toon die effek wat dit sou hê indien standplaaskoste met inflasie aangepas sou word. Dit strook met inligting wat daarop dui dat tot soveel as die helfte van die predikante nie meer in 'n volsorgbediening staan nie.

Dit is interessant dat die salariskomponent van die personeel van gemeentes (ook in Grafiek 6) sedert 2010 nie op dieselfde wyse as standplaaskoste hoofsaaklik sywaarts beweeg het nie, maar byhou met inflasie (rooi lyn). Dit dui moontlik daarop dat gemeentes heelwat gebruik maak van funksionarisse om dienste te lewer, waarskynlik omdat dit goedkoper is.



Uitgawes wat verband hou met die instandhouding van gemeentes (soos munisipale kostes, instandhouding van eiendom, skryfbehoeftes, betaling van huur, telefoonrekeninge) het jaarliks met inflasie toegeneem, net soos die salariskomponent. Dit beteken dat gemeentes, salariskoste ingesluit, sowat 5% meer spandeer aan die instandhouding van die infrastruktuur, maar minder spandeer aan bediening en barmhartigheid.

Uitgawes ten opsigte van sinodale heffings neem af. Die sinodale offergawe en die doelwitbydraes van die ADV word in Grafiek 7 uitgedruk. Sinodale heffings het sedert 2010 afgeneem van 11.79% van die totale uitgawes van gemeentes tot 8.7% in 2017.



Ringsheffings neem ook af. Dit het in 2011 'n hoogtepunt van R1 112 849.00 bereik en sedertdien afgeneem tot R832 702.00 in 2017. Ringsvergaderings is dus ook sensitief vir die ekonomiese uitdagings van gemeentes en toon hulle aanpasbaarheid.

(iii) ***Geprojekteerde inkomstestate***

Indien die resultate van die drie jaar van 2015 tot 2017 geprojekteer word tot in 2025 (74ste AKV), kan duidelik gesien word dat daar uitdagings op die Kerk wag:



Dit is uiteraard gewaag om op hierdie wyse iets oor die toekoms te voorspel, maar dit bied tog 'n redelike uitsig op die toekoms indien gemeentes nie proaktief optree nie. Die geprojekteerde tekorte wat kan ontstaan, is 'n bron van kommer, en die 72ste AKV behoort dit in gedagte te hou. Aanpasbaarheid, konsolidasie, inkorting van uitgawes en 'n fokus op inkomstebronne wat nog onderbenut is, behoort besluitneming te beïnvloed.

2.9.2.3 **Ander gemeentelike aangeleenthede**

(i) ***Debiteure***

Dit is nie maklik of lekker om 'n gemeente te wys op uitstaande debiteure nie. Die Raad en die sinodale personeel is terdeë bewus van die uitdagings wat gemeentes in die gesig staar. Die Raad van Finansies het egter die opdrag om debiteure namens al die gemeentes te bestuur.

Die kritiek is al uitgespreek dat die Raad nie rente behoort te hef op uitstaande debiteure nie. Dit sal egter die gemeentes wat getrou bydra op risiko plaas, aangesien tekorte wat ontstaan by hulle gehef sal word. Uitstaande debiteure (studieskuld uitgesluit) beloop tans R5 553 690.00. Indien dit van rente vrygestel word, sal die ander gemeentes die tekort van sowat R277 684.00 moet bydra. Dit sal nog R4.30 by die sinodale offergawe voeg.

Die Bestuurskomitee het aansienlike moeite gedoen om reëlings te tref om uitstaande debiteure te in. Na die 71ste AKV is die 17 gemeentes wat die grootste risiko ten opsigte van debiteure ingehou het, geïdentifiseer. In samewerking met die kerkrade en die ringskommissies is hierdie gemeentes volgens 'n bepaalde formule ondersteun om hulle maandelikse verpligtinge na te kom, en tegelykertyd hulle debiteure te vereffen. 11 van die 17 gemeentes kon hulle debiteure op hierdie wyse aflos. Die Raad bedank die gemeentes vir hulle samewerking.

Ten spyte van hierdie suksesse, het daar nuwe risiko's ontstaan. Die totale debiteure het sedert die 71ste AKV van R5 086 722.00 tot R5 553 690.00 gegroei. Dit is hoofsaaklik die gevolg van gemeentes wat oorgangskapitaal benodig het om onder meer belastingverpligtinge en skeidingspakkette te bekostig.

Dit wek groot kommer dat sommige gemeentes nie betyds belasting aan die Inkomstediens betaal nie. Die Raad moes ingryp om te voorkom dat daar op gemeentelike eiendomme beslag gelê word. Die gebrekkige bestuur in daardie gemeentes plaas die hele Kerk op risiko.

(ii) ***Gemeentelike Ondersteuningsfonds***

Die 71ste AKV het besluit om die Fonds vir Gemeenteopbou uit te faseer en die begrotingsitem *Strategiese Bediening* in die plek daarvan in te faseer. Die proses is afgehandel en daar is in die 2019/20-boekjaar R700 000.00 vir laasgenoemde begroot. Dit het egter tydens die laaste paar jaar duidelik geword dat daar 'n dringende behoefte aan finansiële hulp ten opsigte van gewone lopende uitgawes by sommige gemeentes bestaan.

Die Raad het daarom besluit om R400 000.00 uit sy surplus vir die 2019/20-boekjaar vir dié doel te oormerk. Die Raad kan egter nie daarmee volhou nie en fondse vir dié doel sal oor die langer termyn gevind moet word. In hierdie verband volg daar 'n beskrywingspunt waarin die Raad versoek dat R400 000.00 van die rente-opbrengs van die Fonds vir Sinodale Dienslewering jaarliks na die Gemeentelike Ondersteuningsfonds oorgeplaas sal word om gemeentes te ondersteun.

(iii) ***Gemeentelike eiendomme***

Dit is merkwaardig dat die waarde van die eiendomme wat deur gemeentes verseker is, bykans R5.4 miljard is. Die Kerk is besonder geseën om oral in Suid-Afrika eiendomme te besit. Die vraag ontstaan of die potensiaal wat die eiendomme bied oral maksimaal benut word.

Huurinkomste vir 2017 het sowat 0.3%, of R18 499 557.00, van die waarde van die eiendomme van gemeentes beloop. Indien dit tot 1% opgeskuif kan word, kan die inkomste uit eiendomme R54 000 000.00 beloop. Alhoewel die tipiese eiendom van gemeentes nie ideaal is om te verhuur nie, kan tog gevra word of gemeentes nie meer uit hul eiendom kan genereer nie.

Die huidige werkwyse wat gemeentes moet volg om met eiendom te handel, word in Ordinansie 4.1.2 (xxxv) beskryf. Dit bepaal dat 'n kerkraad die skriftelike advies van die Raad van Finansies moet inwin en aan die gemeentevergadering moet voorlê, voordat besluite geneem word om eiendom te koop, te vervreem, te sloop of op te rig. Elders in die agenda volg 'n beskrywingspunt wat vra dat die konsultasieproses by die verhandeling van eiendom uitgebrei word.

2.9.2.4 **Gevolgtrekking oor die posisie van gemeentes**

Dit is duidelik dat gemeentes finansiële uitdagings in die gesig staar en dat dit volgens verwagting sal toeneem. Die inkomste van gemeentes het waarskynlik vir eers 'n hoogtepunt bereik, terwyl die uitgawes steeds toeneem. Daar is gemeentes wat proaktief hierop reageer, maar dit is nie deurgaans die geval nie.

Die volgende opsies sou deur kerkrade en ringskommissies oorweeg kon word om die finansiële uitdagings te hanteer:

* Kontak dr FJ Labuschagne, hoof van die SGB, sodat die Sentrum bystand kan verleen.

* Ondersoek alle moontlikhede om maksimum inkomste uit eiendomme te genereer.

* Oorweeg verskeie vorme van konsolidasie. Is dit byvoorbeeld nodig dat gemeentes in dieselfde omgewing elk hulle eie administratiewe stelsel en personeel moet hê? Bestaan die moontlikheid om een kerkgebou te deel en die ander eiendom anders aan te wend?

* Besnoei onnodige uitgawes ten opsigte van die instandhouding van die infrastruktuur van die gemeente, en fokus so ver moontlik op bediening en barmhartigheid.

* Belê surplusfondse wys en benut die opbrengs volhoubaar.

Ten spyte van die uitdagings, is dit ook waar dat daar steeds groot rede tot dankbaarheid is. Dit is verstommend dat die versekeringsportefeulje ten opsigte van eiendom R5.4 miljard groot is. Dit is 'n besonder gunstige bate vir die Kerk. Dit is verder verblydend dat huurinkomste verhoog en dat daar 'n styging in deurkollektes is. Nog 'n rede tot dankbaarheid is die feit dat gemeentes dit regkry om die jaarlikse styging in hulle uitgawes te beperk tot onder inflasie.

Die Kerk het by die 72ste AKV die ideale geleentheid om besluite te neem wat gemeentes se posisie konsolideer, sodat die Kerk haar roeping vanuit 'n versterkte fondament kan uitleef.

2.9.3 SINODALE DIENSLEWERING

2.9.3.1 **Inleidend**

Die Raad van Finansies is dankbaar vir die goeie gesindheid wat daar by gemeentes ten opsigte van sinodale dienste bestaan. Die Sinodale Dienssentrum beleef dieselfde druk as gemeentes, aangesien die sinodale begroting jaarliks ingekort word. Die personeel toon begrip en geduld hiermee, en word bedank vir hulle positiewe gesindheid.

2.9.3.2 **Sinodale begroting**

Die sinodale begroting is vir die 2019/20 finansiële jaar met 4.69% ingekort tot R22 075 932.00. In reële terme is dit 'n afname van R2 245 563.00. Daarmee kon die Raad daarin slaag om die sinodale offergawe, ten spyte van die verlies in lidmaattal, op R338.00 vas te pen.

Sedert 2013 is die sinodale begroting in reële terme met nagenoeg 34% ingekort. Daarmee het die Raad en die Kommissie solidariteit met gemeentes betoon. Die sinodale offergawe per lidmaat het egter oor dié tydperk van R275.00 toegeneem tot R338.00. Dit is 'n gemiddelde toename van 3.8% per jaar wat ten spyte van 'n afname van ongeveer 3 000 lidmate per jaar, steeds heelwat laer as inflasie is.

Dit bied groot uitdagings aan die Raad van Finansies om die sinodale offergawe binne perke te hou. Besluite wat geneem moet word, is nie oral gewild nie, maar die Raad het deurgaans probeer om die belange van gemeentes eerste te stel.

Die vergadering gaan besluite neem oor die 2020/21-begroting. Daardeur gaan die vergadering sy eie heffing bepaal, en die penne inslaan vir begrotings tot en met die 73ste AKV. Dit is daarom belangrik dat die AKV eienaarskap vir die begroting sal aanvaar.

2.9.3.3 **Sinodale eiendom**

Die Dirk van der Hoffgebouekompleks is vroeg in 2017 verkoop. Huurkontrakte is vir vyf jaar met die Erfenisstigting en Gemeentes Philadelphia en Derdepoort gesluit, waarna die Sentrum verskuif het. Die verskuiwing is teen einde Oktober 2017 afgehandel, nadat die Argief ook by die Erfenisstigting hervestig is en 'n kontrak vir tien jaar ten opsigte daarvan gesluit is. Die sinodale personeel het reusewerk gedoen om die verskuiwing te reël. Die nuwe tuistes is goed deur die Kerk ontvang en die Raad is dankbaar dat die saak afgehandel is. Die verhuising het reeds in die eerste jaar 'n besparing van ongeveer R600 000.00 ten opsigte van geboue en eiendomme gerealiseer. Nadat BTW betaal is, kon R18 500 000.00 uit die opbrengs van die verkooptransaksie in die Fonds vir Sinodale Dienslewering belê word.

Alle eiendom is in opdrag van die AKV verkoop en die Kerk besit nie meer vaste eiendom nie. Die inkomste uit die verkoop van 'n gedeelte van plaas Klipdrift moet nog realiseer.

2.9.3.4 **Komitees van die Raad van Finansies**

Die Raad het tydens die verslagjaar van drie komitees gebruik gemaak om uitvoering aan sy opdrag te gee:

(i) ***Bestuurskomitee***

Die Bestuurskomitee bestuur onder meer die dag-tot-dag-begroting, sinodale aktiwiteite en debiteure. Die komitee oorweeg ook aansoeke vir ondersteuning uit die Fonds vir Strategiese Bediening en gee kommentaar by die verhandeling van eiendomme. Die komitee lewer verslag aan sowel die Kommissie van die AKV as die Raad van Finansies, en bestaan uit die algemene sekretaris, die sekretaris van die Kommissie van die AKV, die hoof: finansies, hoof: administrasie en die voorsitter van die Raad van Finansies op *ad hoc*-basis. Dr FJ Labuschagne is die voorsitter van die komitee.

(ii) ***Oudit- en Risikokomitee***

Nuwe wetgewing stel hoë voldoeningsvereistes aan instellings. Dit vra 'n groot mate van kundigheid om daaraan uitvoering te gee. Die Oudit- en Risikokomitee gee aan die Kerk leiding op hierdie gebied. Die komitee het in die verslagtydperk baie aandag geskenk aan die opstel van reglemente, soos ook in die Reglementebundel van die Kerk opgeneem is. Verder sien die komitee toe dat daar aan ouditvereistes voldoen word en maak die komitee aanbevelings aan die Raad van Finansies oor finansiële state. Die komitee, onder voorsitterskap van mnr Gert van Wyk, word bedank vir die nougesette werk.

(iii) ***Beleggingskomitee***

Die Beleggingskomitee, onder voorsitterskap van ds APJ Beukes, het 'n besonder uitdagende termyn agter die rug. Wêreldwyd was veral opkomende markte onder druk, en die JSE het in 2018 met 8.5% negatief presteer. Die kundigheid van die komitee het egter daartoe bygedra dat die Kerk se beleggings billik presteer het.

Die Kerkgeld vir Kerkwerkstelsel bestuur die surplusfondse van gemeentes. Die stelsel se saldo het sedert 31 Oktober 2016 tot 30 April 2019 van R150 760 803.00 tot R153 989 419.00 toegeneem. Dit is 'n toename van 2.1% en is die gevolg van gemeentelike bates wat in kontant omskep is. Alhoewel daar 'n toename was, is die tendens dat gemeentes gereelde onttrekkings maak om lopende uitgawes te diens.

Die vraag bestaan lankal of die Kerkgeldstelsel nie uitgedien is nie. Gemeentes het reeds toestemming by die AKV ontvang om surplusfondse elders as in die stelsel te belê. Daar word ook nie meer lenings uit die stelsel aan gemeentes toegestaan nie. Daarby moet die Raad, volgens die opdrag van die AKV, poog om rentekoerse wat gelykstaande aan dié van geldmarkfondse is, aan gemeentes te betaal. Die wisselvalligheid in die markte oor die laaste paar jaar het dit moeilik gemaak om daaraan te voldoen. Voeg daarby dat gemeentes se behoeftes verskil, aangesien sommige gemeentes geld op 'n daggeldbasis beskikbaar wil hê en ander gemeentes fondse op 'n langer termyn wil belê. Dit het die Beleggingskomitee tot die punt gebring waar geoordeel is dat die Kerkgeldstelsel opgehef moet word. Elders in die agenda is 'n beskrywingspunt wat daarvoor vra.

Die Beleggingskomitee bestuur ook twee ander beleggings:

* Die eerste is die Fonds vir Sinodale Dienslewering wat by die 71ste AKV in die lewe geroep is. Die saldo is nagenoeg R30 000 000.00. Die fondse is op verskeie platforms belê. Die bedoeling van die Fonds is dat die rente-opbrengs in die toekoms, nadat die Fonds geleentheid gehad het om te groei, kan help om sinodale kostes te subsidieer.

* Die tweede fonds word die Surplus op die Kerkgeldstelsel genoem, en die saldo op 30 April 2019 was net meer as R4 000 000.00. Die regskoste ten opsigte van litigasie en die bydrae wat die Kerk moes maak om die Pensioenfonds oor te skakel van 'n vastevoordeelfonds na 'n vastebydraefonds, moet nog hieruit verhaal word, waarna die saldo baie klein sal wees. Dit skep bepaalde uitdagings, aangesien die vermoë wat die Kerk het om op onvoorsiene uitgawes en geleenthede te reageer, hierdeur beperk kan word. In die lig daarvan volg daar 'n beskrywingspunt wat versoek dat die Raad toegang tot 'n bedrag uit die Fonds vir Sinodale Dienslewering sal kry vir noodgevalle en ander diskresionêre uitgawes.

Die Beleggingskomitee het in 2018 'n beleggingsbeleid opgestel wat aan gemeentes leiding moet gee oor verantwoordelike beleggings. Gemeentes moet aan die vereistes van die beleid voldoen wanneer beleggings oorweeg word.

2.9.3.5 **Pensioenfonds**

Teen die tyd dat die AKV in sitting is, behoort die oorskakeling van die Pensioenfonds van 'n vastevoordeelfonds na 'n vastebydraefonds goedgekeur en afgehandel te wees. Die Raad is dankbaar vir die leiding wat die Pensioenfonds hierin gegee het en vir die predikante se samewerking in dié verband. Daar is verskeie redes waarom die oorskakeling voordelig vir die Kerk is. Die Kommissie het intussen die versorgingsvoordeel vir predikante met 12.5% aangepas, met die hoop dat dit beter voordele vir predikante tot gevolg sal hê. Die Raad het ingestaan vir 'n bedrag van R2 000 000.00 om die oorskakeling moontlik te maak.

2.9.4 SLOTOPMERKINGS

Die finansiële verslae wat by die vorige paar AKV's gelewer is, is beslis nie die lekkerste leesstof nie. Dit is 'n werklikheid dat gemeentes finansieel onder druk is. Daar is gelukkig ook 'n ander werklikheid aan die ontwikkel, en dit is dat gemeentes meer en meer bereid is om hulle bediening te evalueer, daarop te verbeter, te konsolideer en positiewe aanpassings te maak. Daar is heelwat suksesverhale wat oorvertel kan word.

Die bekende gesegde dat verandering die enigste konstante is, word dag na dag 'n groter werklikheid. Dit vra van die Kerk meer aanpasbaarheid as waaraan ons gewoond is, 'n vermoë om vinnig te reageer op geleenthede, en ook om gebruike, tradisies en dienste wat onnodige kostes tot gevolg het, onder 'n vergrootglas te plaas en te heroorweeg. Die wens van die Raad van Finansies is dat die AKV die nodige leiding aan die Kerk sal gee om die toekoms positief tegemoet te gaan.

Die finansiële state en saamgestelde inkomste en balansstate is op aanvraag beskikbaar.

Die verslag word aanvaar.

BESKRYWINGSPUNT 2: KOMMISSIE VAN DIE AKV

BESLUITE VAN DIE AKV

Die Raad vir Kerkregtelike Advies stel voor dat die volgende invoeging gemaak word in die Kerkorde as Ordinansie 4.4.4 (xviii):

> ***Sonder dat dit nodig is om na 'n vorige besluit of besluite te verwys, vervang of wysig, na gelang van die geval, die nuutste besluit vorige besluite wat oor dieselfde of grootliks oor dieselfde onderwerp of onderwerpe as die nuutste besluit handel. In die geval van twyfel of 'n besluit 'n ander besluit vervang of wysig, is die uitleg van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in hierdie verband finaal.***

Die huidige Ordinansie 4.4.4 (xviii) word Ordinansie 4.4.4 (xix).

Motivering:

Hierdie werkwyse en die formalisering van usansie, is wenslik ter wille van goeie prosedure om misverstande te voorkom, en ook in die lig van regspraak in hierdie verband. Enige moontlike verwarring oor presies wát besluit is en hóé dit besluit is, sowel as die status van vorige beskuite oor dieselfde saak, behoort sodoende uit die weg geruim te word.

Dr WC van Wyk, die sekretaris van die Kommissie van die AKV, stel die beskrywingspunt.

Die besluit word uitgebrei deur die volgende amendement, gestel deur dr P van Staden en gesekondeer deur dr GJ Malan:

Die uitleg dien by die eersvolgende AKV vir bevestiging.

---oOo---

NHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

VIERING

1. **VIERING**

1.1 **INLEIDING**

Die viering *(leitourgia)* van God se magtige dade en ons verlossing deur Jesus Christus gebeur in die eerste plek tydens die erediens. Dit vind gestalte in die Woordverkondiging, bediening van die sakramente, belydenis, lofprysing en aanbidding. Die gemeenskap tussen God en sy mense konkretiseer in die erediens op Sondag.

'n Belangrike aspek van die AKV se verantwoordelikhede is om die erediens te reël, wat in hierdie gedeelte van die agenda hanteer word.

---oOo---

VERKIESING VAN DIE VOORSITTER VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV

Die vergadering stem vir die voorsitter van die Kommissie van die AKV.

'n Herstemming vind plaas tussen dr AG Ungerer en ds WJJ Kok.

Dr AG Ungerer word verkies.

VERKIESING VAN DIE SKRIBA VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV

Die vergadering stem vir die skriba van die Kommissie van die AKV.

Ds WJJ Kok word verkies.

VERKIESING VAN DIE VISEVOORSITTER VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV

Die vergadering stem vir die visevoorsitter van die Kommissie van die AKV.

'n Herstemming vind plaas tussen prof WA Dreyer en ds CEC Hertzog.

Prof WA Dreyer word verkies.

VERKIESING VAN DIE VISESKRIBA VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV

Die vergadering stem vir die viseskriba van die Kommissie van die AKV.

'n Herstemming vind plaas tussen di CEC Hertzog en JF van der Merwe.

Ds JF van der Merwe word verkies.

---oOo---

1.2 **VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET DIE VIERING VAN DIE EVANGELIE VERBAND HOU**

BESKRYWINGSPUNT 3: RING VAN POTCHEFSTROOM

SKRIFBESKOUING EN KERKWEES IN DIE TOEKOMS

1. Die 71ste AKV het in Beskrywingspunt 1 punt 3 besluit:

Die Hervormde Kerk wil kerk van die Woord wees. Die Woord van God is die enigste bron vir die verkondiging van die evangelie. Ons bely in gehoorsaamheid aan die Woord ons geloof in God Drie-enig: Vader, Seun en Heilige Gees. Op grond van die Woord verstaan ons die Hervormde Kerk as deel van die volk van God, die huisgesin van die Vader, die liggaam van Christus en die tempel van die Heilige Gees.

Die 72ste AKV brei hierop uit:

2. Die Hervormde Kerk aanvaar die Bybel as die Woord van God. Voortgaande studie van die Bybelse geskrifte help die Kerk om sy roeping in die wêreld beter te verstaan en dit is bepalend vir die relevansie van die Kerk.

3. As Kerk van die Hervorming moet die Kerk voortdurend hervorm in gehoorsaamheid aan die Woord van God.

4. Die Kerk se Skrifbeskouing bepaal sy Skrifverstaan en is rigtinggewend vir ons nadenke oor kerkwees in die toekoms.

5. Die Kerk beoefen teologie as wetenskap op die Bybels-reformatoriese grondslag. Dit sluit in dat die geskrewe Woord van God, die Bybel, deur die inspirasie van die Heilige Gees ontstaan het en gesaghebbend is. Op dié grondslag word alle (insluitend eie) paradigmas voortdurend krities en reformerend bestudeer.

6. In die Hervormde Kerk is daar verskillende standpunte met betrekking tot Skrifverstaan. Dit is belangrik dat die gesprek oor Skrifbeskouing en Skrifverstaan in die Kerk sal voortgaan. Die onderlinge eenheid word so bevorder en die Kerk kan met integriteit kerk in die wêreld wees.

7. Die Kommissie van die AKV kry opdrag om verdere studie oor Skrifbeskouing en Skrifverstaan te doen, en gesprek te stimuleer. Ringe en gemeentes word by hierdie studie en gesprek ingesluit.

Motivering:

Die Woord van God is die enigste bron vir die verkondiging van die evangelie. Die Kerk kan niks anders verkondig as wat die Woord ons leer nie. In die wêreld waarin ons leef, moet die Kerk kan sê: *So spreek die Here*. Tog moet die verkondiging en die teologiese boodskap relevant vir die moderne mens wees. Hoewel die Bybel deur antieke mense in 'n antieke wêreld geskryf is, glo ons dat die Bybel deur God geïnspireer is en dat dit vandag nog *groot waarde het* om *in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek* (2 Timoteus 3: 16).

Ds L Geel, die skriba van die Ring van Potchefstroom, stel die beskrywingspunt.

Die volgende amendement gestel deur ds L Geel (sr) en gesekondeer deur ds WJJ Kok, word aanvaar

Die Kommissie van die AKV kry opdrag om verdere studie oor Skrifbeskouing en Skrifverstaan te doen, en gesprek te stimuleer. Ringe en gemeentes word by hierdie studie en gesprek ingesluit.

Motivering:

1. Die 71ste AKV het in Beskrywingspunt 1 punt 3 besluit:

   Die Hervormde Kerk wil kerk van die Woord wees. Die Woord van God is die enigste bron vir die verkondiging van die evangelie. Ons bely in gehoorsaamheid aan die Woord ons geloof in God Drie-enig: Vader, Seun en Heilige Gees. Op grond van die Woord verstaan ons die Hervormde Kerk as deel van die volk van God, die huisgesin van die Vader, die liggaam van Christus en die tempel van die Heilige Gees.

2. Die Hervormde Kerk aanvaar die Bybel as die Woord van God. Voortgaande studie van die Bybelse geskrifte help die Kerk om sy roeping in die wêreld beter te verstaan en dit is bepalend vir die relevansie van die Kerk.

3. As Kerk van die Hervorming moet die Kerk voortdurend hervorm in gehoorsaamheid aan die Woord van God.

4. Die Kerk se Skrifbeskouing bepaal sy Skrifverstaan en is rigtinggewend vir ons nadenke oor kerkwees in die toekoms.

5. Die Kerk beoefen teologie as wetenskap op die Bybels-reformatoriese grondslag. Dit sluit in dat die geskrewe Woord van God, die Bybel, deur die inspirasie van die Heilige Gees ontstaan het en gesaghebbend is. Op dié grondslag word alle (insluitend eie) paradigmas voortdurend krities en reformerend bestudeer.

6. In die Hervormde Kerk is daar verskillende standpunte met betrekking tot Skrifverstaan. Dit is belangrik dat die gesprek oor Skrifbeskouing en Skrifverstaan in die Kerk sal voortgaan. Die onderlinge eenheid word so bevorder en die Kerk kan met integriteit kerk in die wêreld wees.

BESKRYWINGSPUNT 4: KERNKOMITEE: EREDIENS

VONKK-LIEDERE

* **Die AKV handhaaf die besluit rakende die gebruik van VONKK-liedere in die eredienste van die NHKA.**

* **Die AKV handhaaf die NHKA se deelname aan die werksaamhede van die VONKK-werkgroep.**

* **Die vergadering versoek die VONKK-werkgroep om gereelde**

toerustings- en inligtingsgeleenthede te reël om die Kerk bekend te stel aan die liedere wat tot die korpus toegevoeg is, en hoe dit in die erediens gebruik kan word.

* **Die AKV handhaaf die besluit om vir die NHKA 'n sinodale lisensie van R50 000.00 uit te neem, in plaas daarvan dat elke gemeente apart op VONKK hoef in te teken. Dit verseker dat die NHKA deel van die bestuurspan van VONKK is en dat geen verdere vergaderingskoste of reiskoste vir lede van die NHKA betaalbaar is nie.**

* **Die AKV neem kennis van die onderneming van die direkteur van Bybel-Media dat die intekengeld vanuit die NHKA nie vir die breë werksaamhede van Bybel-Media gebruik sal word nie, maar uitsluitlik vir VONKK geoormerk sal word.**

Motivering:

VONKK is die akroniem vir Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klassieke Kerkmusiek. Dit is 'n inisiatief wat aanvanklik vanuit die geledere van die NGK ontstaan het om voortgaande werk te doen aan die styl van kerkmusiek wat ons in die Liedboek vind. Vir die afgelope nege jaar reeds is die Hervormde Kerk deel van die werksaamhede. Sedert die 71ste AKV (Besluit 14) is die NHKA egter formeel deel van die VONKK-werkgroep. Dit het die gevolg gehad dat die struktuur van die werkgroep aangepas is, ds JF van der Merwe is as ondervoorsitter van VONKK verkies en dien dus in die dagbestuur van VONKK. Op so 'n manier is die NHKA volledig deel van die besluitnemingsproses en onderhandelings met Bybel-Media en ander instansies. Die sinodale lisensie wat die NHKA die afgelope vier jaar gekoop het, het besparings vir gemeentes teweeggebring en tegelyk 'n groot bydrae gelewer tot die finansiering van die voortgaande werksaamhede van VONKK. Geen deel van daardie bedrag is gebruik vir die algemene werksaamhede van Bybel-Media nie; die geld is uitsluitlik gebruik vir VONKK se werksaamhede.

In die verslagtydperk was die werksaamhede voortgaande en het die verteenwoordigers van die NHKA in die VONKK-werkgroep volledig deelgeneem aan die skep van nuwe liedere. Teen Mei 2019 is daar in die korpus van 404 VONKK-liedere 122 tekste wat deur Hervormers gedig is en 56 melodieë wat deur Hervormers gekomponeer is. Verder was die musici van die Hervormde Kerk verantwoordelik vir tientalle van die orrel- en klavierbegeleidings, kantory-verwerkings en musikale verrykings. Sedert 2018 is 'n lidmaat van die NHKA ook verantwoordelik vir die taalversorging van die tekste van VONKK-liedere. Dit beteken dat in die geskiedenis VONKK-liedere die korpus van Afrikaanse kerkliedere is waar Hervormers die heel grootste bydrae ooit gelewer het.

In ooreenstemming met die opdrag van die 71ste AKV (Besluit 14), is 'n aantal toerustingsgeleenthede gehou. Op 9 Junie 2018 is 'n groot bekendstellingsgeleentheid van VONKK-liedere gehou by die NHKA se Gemeente Pretoria-Oos, wat deur 'n aantal predikante, orreliste, eredienswerkgroepe en lidmate van verskeie kerke bygewoon is. In samewerking met SAKOV is ook bekendstellingsgeleenthede in Noordwes, Mpumalanga en die Wes-Kaap gehou. Verder is daar jaarliks opleiding aan teologiestudente verskaf rakende VONKK-liedere en die gebruik daarvan in die erediens.

Ds JF van der Merwe stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

BESKRYWINGSPUNT 5: KERNKOMITEE: EREDIENS

GEBRUIK VAN FLAM-LIEDERE

* **Gemeentes wat graag van FLAM-liedere gebruik wil maak, kan skakel met ds JT Manders oor hoe om die liedere in 'n gemeente te implementeer.**

* **Gemeentes moet daarop let dat 'n CCLI-lisensie (naas die Liedboek-lisensie en die sinodale VONKK-lisensie) benodig word om FLAM-liedere in die eredienste te gebruik.**

Motivering:

Die 71ste AKV het soos volg besluit: Besluit 15:

> *In die erediens en by ander byeenkomste word gebruik gemaak van liedere in die Liedboek van die Kerk, VONKK-liedere en ander geestelike liedere wat gekeur is deur 'n komitee kundiges van die Kerk*
>
> * *wat bevorderlik is vir die opbou van die gemeente se aanbidding en verkondiging van die Woord.*
>
> * *die eenheid met die res van die Kerk in ag neem.*
>
> * *in ooreenstemming is met die Kerk se teologiese tradisie.*

Hierdie besluit het ten doel gehad om die een of ander vorm van keuring en regulering van ander liedkorpusse as die Liedboek en VONKK daar te stel. Na afloop van die 71ste AKV is gepraat oor die wyse waarop die besluit tot uitvoer gebring kan word. Die probleem is dat daar nie in die Kerk 'n *komitee van kundiges* bestaan soos in die besluit genoem word nie. Daar is wel die lede van die VONKK-werkgroep, maar hulle is nie kundig wat ander korpusse van liedere soos FLAM betref nie. In die Kerk is daar egter wel predikante wat die FLAM-liedere in hulle eie gemeentes gebruik. Verder was dit nie moontlik (om soos in die geval van VONKK) by die skeppings- en keuringsproses van FLAM-liedere betrokke te raak nie. Ds JT Manders, wat aanvanklik getaak was met die uitvoering van die besluit, was nie gemaklik om die liedere uit die FLAM-korpus opnuut te *keur* vir gebruik in die NHKA nie, maar was deurgaans bereid om gemeentes behulpsaam te wees in die gebruik van FLAM-liedere in veral jeugdienste van gemeentes.

Ds JF van der Merwe stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

MOSIE

Die volgende mosie, gestel deur ds JZ Britz en gesekondeer deur oudl Willie Coetzee, word aanvaar:

Gemeente Kathu en haar boere wil graag langs hierdie weg hulle dank en waardering uitspreek teenoor dr Chris Brits, die skriba van Gemeente Napier in die noorde van Nieu-Seeland, hulle leraar en die hele gemeente van bykans 100 Afrikaanssprekende lidmate, vir 'n droogtehulpskenking van R20 000.00. Hierdie skenking het daadwerklik ons boere se nood verlig en elke bietjie hulp dra by tot hoop. *Ons bid vir hulp van bo – uitkoms en reën en God antwoord uit die hart van medegelowiges oorsee*. Mag hierdie hoop wat gebring is ons ook so inspireer.

VERSKONINGS

Die volgende verskonings vir afwesigheid vir gedeeltes van die vergadering is van afgevaardigdes ontvang:

AFGEVAARDIGDE	GEMEENTE	DATUM EN TYD VAN AFWESIGHEID
Buitendag P ds	Volksrust	24 September 2019
Calitz HW ds	Carletonville	24 September 2019 vanaf middag tot aand
Calitz HW oudl	Carletonville	24 September 2019 vanaf middag tot aand
Greyling JJ	Tarlton	24 September 2019
Steenekamp NJS ds	Middelburg	25 September 2019
Van der Westhuizen JPC ds	Randfontein-Midpark	24 September 2019 vanaf 10:00 tot afsluiting
Van Niekerk MP oudl	Verwoerdburg	23 September 2019 vanaf 17:00 tot 19:00

AFSLUITING: 23 SEPTEMBER 2019

Oudl Tom Moodie sluit die vergadering af deur die saamsing van Gesange 245: 1, 2 en 3, en 510. Hy lees voor uit verskeie hoofstukke van Efesiërs en lei die vergadering in gebed.

Orrelis:

Mnr Pieter van den Berg.

OPENING: 24 SEPTEMBER 2019

Dr A Viljoen open die vergadering deur die saamsing van VONKK 72 en 'n oordenking aan die hand van Eksodus 24, 1 Konings 19 en Lukas 6, en lei die vergadering in gebed.

Orrelis:

Mnr Pieter van den Berg.

---oOo---

BESKRYWINGSPUNT 6: KERNKOMITEE: EREDIENS

KINDERS SE DEELNAME AAN DIE NAGMAAL

* **In die lig van die studiestukke, keur die AKV in beginsel kinders se deelname aan die Nagmaal goed.**

* **Die Kommissie van die AKV word versoek om opdrag te gee dat die praktiese implementering van die saak uitgewerk en afgehandel moet word, en dit dan aan gemeentes deur te gee vir implementering.**

Motivering:

Die 71ste AKV het soos volg besluit: Besluit 12:

> *Die gesprek oor kinders se deelname aan die sakrament van die Nagmaal moet heropen word, en studiemateriaal daaroor moet aan ouderlingevergaderings gestuur word.*

Die Kernkomitee: Erediens het kundiges in die NHKA versoek om studiestukke vir die AKV voor te berei. 'n Hele aantal het nie hulle weg oopgesien om sodanige studiestukke in te handig nie. Die studiestuk van dr T van Wyk is ontvang en die Kommissie van die AKV het besluit om ook die vorige studiestuk van prof J Buitendag wat reeds in 2001 op die AKV gedien het, as studiemateriaal by te voeg. Let egter daarop dat in die stuk van prof Buitendag die verwysings na die Kerkorde verwys na die Kerkorde soos dit in 2001 daar uitgesien het.

In die lig van albei memoranda kan die motivering vir bogenoemde beskrywingspunt soos volg saamgevat word (dit is egter noodsaaklik om die motivering in samehang met die studiestukke se veel vollediger beredenerings te lees):

* **Bybelse motivering**

Daar bestaan nie uitdruklike riglyne vanuit die Bybel vir of teen kinders se deelname aan die Nagmaal nie. Dit vra van die Kerk dat ons die bedoeling van die evangelie, soos deur die evangelieskrywers verwoord is, vir ons konteks en ons spesifieke vraagstukke moet interpreteer. Dit doen ons nederig en voortdurend omdat ons weet dat geen generasie ooit alle wysheid in pag het nie. In die Bybel vind ons wel 'n uitnodigende ingesteldheid teenoor kinders in die algemeen. Jesus sluit kinders in – by ruimtes en situasies wat volgens die sosiale kodes van die tyd vir hulle verbode was.

* **Teologiese motivering**

Wanneer die kerk oor die Nagmaal praat, raak dit die hart van kerkwees. In die Nagmaal is die kerk werklik kerk. Vanuit die Nagmaal belewe die gemeente sy eenheid met Christus asook sy roeping in die wêreld. Vanweë die opstanding van Christus word die kruisgebeure in dankbaarheid en in vreugde gedeel. Dit bind gelowiges aan Christus en

ook aan mekaar. Daarom is die vraag na die toelating van verbondskinders tot die Nagmaal so dwingend.

Die Nagmaal is deur God geskenk ten einde gemeenskap met Christus deur bemiddeling van die Heilige Gees te bewerk. Met hierdie geestelike maaltyd word die geloof gevoed en versterk deur die liggaam en bloed van Christus. Die *communio sanctorum* van die Nagmaal is nie 'n ander gemeenskap as dié van die Doop nie. Daarom moet die enge verbondenheid tussen Doop en Nagmaal altyd sterk beklemtoon word, en behoort geen *derde (belydenis van geloof)* daar tussenin toegelaat te word nie. Daar behoort nie enige ander *toelatingsvereiste* vir die Nagmaal te geld as alleen die Doop nie. Daar is geen voorlopige-en-gedeeltelike *communio* in die Doop en 'n voltooide-en-volledige *communio* weer in die Nagmaal nie. Doop en Nagmaal hoort wesenlik saam en is keerkante van dieselfde saak. Die kerk het 'n dringende behoefte aan 'n geïntegreerde verstaan hiervan: Die openbare geloofsbelydenis moet van alle subtiele sakramentele ondertone ontdaan word, en durf nie voorwaarde vir Nagmaal te wees nie. Openbare geloofsbelydenis is 'n saak van die kategese deur die ouderlinge, en word daar hanteer soos die reformatore tereg aangedui het.

Die Nagmaal word deur God gekonstitueer. Dit beteken dat geloof nie die bepalende is nie, maar die *genade* van God. Geloof *aktualiseer* wel die Nagmaal. Die wesenlike van die Nagmaal bly immers die heil wat Christus bewerk en nie die vroom gemoed of die persoonlike geloof van die individuele gelowige nie. Hoe belangrik die mens se verantwoordelikheid ook al mag wees, kan ons dit nooit as die voorwaarde van die Nagmaalsdeelname beskou nie. Dis tog nie in lyn met die Bybel of ons teologie dat ons moet *kwalifiseer* vir die Nagmaal nie. Die enigste kwalifikasie wat ons na die Nagmaal bring, is ons *bedelaarskap* voor God. *Alleen genade* is maar waarom dit vir ons gaan.

Tog kan die Nagmaal alleen binne die ruimte van die verbond aan gelowiges (God se kinders) bedien word. Dit kan alleen in die erediens geskied onder opsig van die ouderlinge. Van watter ouderdom af 'n mens gelowig is, is net so onbepaalbaar as wat dit onnodig is. Wat bo alles uitstaan, is altyd *die triomf van God se genade.* Nagmaal is by uitstek die konkrete uitdrukking van die *communio sanctorum* in die inklusiewe sin van die woord. En daarom kan (moet) dooplidmate na die Nagmaaltafel genooi word.

* **Kerklike motivering**

Vir die NHKA is ons Hervormde teologie, maar ook die erns waarmee ons die sakrament van die Nagmaal bejeën, uiters belangrik. Dalk is dit juis die rede waarom die Kerk die saak van kinders se deelname aan die Nagmaal so versigtig, stadig en deurdag probeer hanteer het. Tog is daar reeds in die Kerk 'n presedent vir die deelname aan kerklike rituele wat nie gegrond is op die *vermoë om té volledig te begryp of te verstaan* nie. Dit sien ons in die openheid van die NHKA om persone wat intellektueel gestremd is aan die Nagmaal te laat deelneem. Dit is van belang vir die vraag oor kinders se deelname aan die Nagmaal. Deelname aan kerklike ritueel kan egter nie sonder ENIGE begeleiding plaasvind nie. Kinders behoort egter met die nodige begeleiding en ouderdomsgerigte *onderrig* aan die Nagmaal te kan deelneem. Daar moet dus gepaste maniere gevind word om die teologiese swaartekrag van die Nagmaal aan die kinders weer te gee.

Kinders behoort ten volle lidmate in die kerk te wees omdat hulle op geen wyse minder kind van God is as die ouers self nie.

Die groeiende populariteit van gesinsbediening maak dit baie moeilik en byna onverklaarbaar om kinders van die Nagmaal uit te sluit. Al die gesinslede se eweredige deelname aan die lewe van die kerk word in hierdie benadering tot bediening beklemtoon. Al het dit nie teologies oral tuisgekom nie, kan dit gestel word dat hierdie bedieningsmodelle juis fokus op 'n gesinsmodel wat nie hiërargies is nie. Vanuit 'n nie-hiërargiese perspektief is verhoudings gebou op elkeen se unieke bydrae tot die geheel van die verhouding, en almal is aktiewe deelnemers aan daardie verhouding. Om kinders daarvan te weerhou om aan die Nagmaal deel te neem, is 'n direkte teenstelling van die gesinsgerigte hart van die kerk. Die moontlike deelname van kinders aan die Nagmaal kan egter as 'n opwindende geleentheid vir kinderbediening beskou word, en ook 'n opwindende uitdaging om die vele fasette van bediening aan al die kerk se lidmate te ontdek.

* **Psigologiese motivering**

Die psigologie en antropologie het die potensiële skadelike gevolge van die beginsel, *kinders moet gesien word en nie gehoor word nie*, uitgewys. Kerk-in-die-wêreld kan nie anders as om kennis te neem van hierdie insigte nie. Daarom word die kerk dan ook geroep om die toereikendheid van die kerk se tradisionele maniere en patrone van leer en deelname van die sakrament van die Nagmaal te herbesoek om die relevansie van die kerk se bediening aan kinders te bepaal.

Dit is duidelik dat *die jonger kind* se gevoel van behoort-tot-die-familie deur die deelname met die gesin aan die Nagmaal psigologies bevorderlik vir die godsdiensbewussyn kan wees.

Ds JF van der Merwe stel die beskrywingspunt.

Die volgende amendement gestel deur ds L Geel (sr) en gesekondeer deur ds WJJ Kok, word aanvaar:

Kinders se deelname aan Nagmaal

*** Die vergadering neem nie tydens hierdie sitting 'n besluit oor kinders se deelname aan Nagmaal nie.**

*** Die Kommissie van die AKV word versoek om opdrag te gee dat verdere studie gedoen word oor kinders se deelname aan Nagmaal. Studiestukke oor verskillende standpunte behoort betyds aan kerkrade beskikbaar gestel te word vir bespreking en kommentaar. Studiemateriaal moet ook die moontlike praktiese implementering verreken.**

Motivering:

* Kerkrade het nie betyds die beskikbare studiemateriaal ontvang nie en kon daarom nie sinvol reageer nie.

* Indien kinders toegelaat sou word om Nagmaal te gebruik sal die plek van kategetiese onderrig en die inhoud van die kategesemateriaal herbedink moet word.

* Die betekenis van belydenisaflegging en *belydende lidmaat* sal omskryf moet word.

* Uitsluitsel sal gegee moet word oor genoegsame geloofskennis (ouderdom) vir toelating tot deelname aan Nagmaal.

* Insette vanuit die opvoedkundige wêreld sal verkry moet word ten einde die onderskeidingsvermoë van kinders vir deelname aan Nagmaal te akkommodeer.

* Die kerkregtelike implikasies moet verreken word.

Teenstemme:

* Pienaar RTI ds
* Van der Walt CP ds.

---oOo---

LAAT REGISTRASIES

Die volgende afgevaardigdes het laat geregistreer:

AFGEVAARDIGDE	GEMEENTE
De Jager K oudl	Parkrand
Geyser FH oudl	Midstream
Fouché MJ ds	Riebeeckstad/Virginia
Harmzen PA ds	Buiteland/Swartkop
Pieterse JM oudl	Krugersdorp-Wes

VERKIESING VAN DIE EERSTE PREDIKANTSLID VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV

Die vergadering stem vir die eerste predikantslid van die Kommissie van die AKV.

'n Herstemming vind plaas tussen dr SM de Beer, di CEC Hertzog en L Geel (sr).

Ds CEC Hertzog word verkies.

VERKIESING VAN DIE TWEEDE PREDIKANTSLID VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV

Die vergadering stem vir die tweede predikantslid van die Kommissie van die AKV.

'n Herstemming vind plaas tussen dr SM de Beer en ds L Geel (sr).

Ds L Geel (sr) word verkies.

BESKRYWINGSPUNT 7: KERNKOMITEE: EREDIENS

FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN DIE HUWELIK (4)

Die AKV keur die gebruik van die formulier vir bevestiging van die huwelik (4) naas die bestaande formuliere goed, en versoek dat dit ook op die webblad van die NHKA geplaas word.

Motivering:

Die 71ste AKV het soos volg besluit: Besluit 16:

> *Die toepaslike komitee word versoek om die huidige Huweliksformuliere (1), (2) en (3) te hersien, of in die geval waar dit nie hersien word nie, te vervang met nuwe formuliere.*

Daar is na al die bestaande formuliere vir die bevestiging van die huwelik gekyk, maar die voorstel is dat die bestaande formuliere, ter wille van historiese redes en redes van bekendheid, behou word, maar dat die onderstaande formulier bygevoeg word as 'n vierde moontlike formulier vir die bevestiging van die huwelik. Die primêre oorweging in hierdie formulering is dat die twee individue wat tot die huwelik toetree, mekaar se gelykwaardigheid erken.

FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN DIE HUWELIK (nuwe formulering)

N en N, u het begeer dat u huwelik in die Naam van God bevestig sal word. Daarom moet u hoor watter inhoud gelowiges in Jesus Christus aan die huwelik gee gegrond op die riglyne wat ons daarvoor in die Bybel vind:

Die Here God het gesê: *Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke.* Daarom het Hy vir die mens 'n vrou gemaak en haar na hom toe gebring. God het man en vrou as mekaar se gelykes geskape, en albei is na die beeld van God geskape. Daar is dus geen hiërargie nie, want alle mense is in die oë van God kosbaar. Dit word by uitstek aan ons bewys deur Jesus Christus se sterwe aan die kruis, deurdat Hy selfverloënend sy lewe vir sondaarmense aflê omdat Hy diep oor hulle begaan is en nie wil hê dat een sondaar verlore moet gaan nie. God maak geen onderskeid tussen mense nie.

God se Woord bied ook onderrig aan egpare oor hoe hulle teenoor mekaar moet optree: *Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig* (Efesiërs 5: 21). Vestig u hoop op God en bewys eerbied aan mekaar, omdat u saam deel in die lewe as genadegawe.

In die beproewings en teëspoed wat op aarde en ook in die huwelik voorkom, wil God ook sy seën en hulp skenk. U moet in u harte seker wees van God se hulp en in die vertroue lewe dat Hy sy bystand aan u wil verleen, selfs wanneer u dit glad nie verwag nie.

Deel in mekaar se omstandighede, wees nederig en sagmoedig, goedgesind en verdraagsaam teenoor mekaar. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here u vergewe het, moet u mekaar ook vergewe. Bo dit alles moet u mekaar liefhê. Dit is die band wat u tot

volmaakte eenheid saambind. Laat die vrede wat Christus gee in u lewens die deurslag gee. God het u immers geroep om in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar. Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in u bly. Wat u ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

Wetlike vrae

N en N, noudat u weet watter inhoud gelowiges in die Here Jesus Christus aan die huwelik gee en watter riglyne God in sy Woord daarvoor gee, verklaar u hier voor God en in teenwoordigheid van die Christelike gemeente dat u u huwelikslewe volgens hierdie inhoud en riglyne wil inrig?

Antwoord: *Ja.*

Verklaar u, N **(bruidegom)**, dat so ver u weet daar regtens geen beletsel is nie teen u voorgenome huwelik met N **(bruid)** hier teenwoordig, en dat u almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat u haar tot u wettige vrou neem? Wat is hierop u antwoord?

Antwoord: *Ja.*

Verklaar u, N **(bruid)**, dat so ver u weet daar regtens geen beletsel is nie teen u voorgenome huwelik met N **(bruidegom)** hier teenwoordig, en dat u almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat u hom tot u wettige man neem? Wat is hierop u antwoord?

Antwoord: *Ja.*

Die huweliksbevestiger rig hom/haar nou so tot die bruidspaar:

Mag ons Here God die voorneme wat Hy u gegee het bevestig, en mag die begin van u huwelik wees in die Naam van die Here wat hemel en aarde geskep het.

Gee mekaar nou die regterhand.

Afneem van die huweliksbelofte

N **(bruidegom)**, u het voor God en almal teenwoordig verklaar dat u N **(bruid)** as u wettige vrou neem. Beloof u dat u haar sal liefhê, haar geestelik en emosioneel sal versorg, haar nooit sal verlaat nie, en in lief en leed by haar sal bly; dat u opreg en in vrede met haar sal lewe en haar in alles getrou sal bly; dat u al u pligte as Christelike man na die beste van u vermoë sal nakom, volgens die riglyne van God se Woord? Wat is hierop u antwoord?

Antwoord: *Ja.*

N **(bruid)**, u het voor God en almal teenwoordig verklaar dat u N **(bruidegom)** as u wettige man neem. Beloof u dat u hom sal liefhê, hom geestelik en emosioneel sal versorg, hom nooit sal verlaat nie, en in lief en leed by hom sal bly; dat u opreg en in vrede met hom sal lewe en hom in alles getrou sal wees; dat u al u pligte as Christelike vrou na die beste van u vermoë sal nakom, volgens die riglyne van God se Woord? Wat is hierop u antwoord?

Antwoord: *Ja.*

Ek verklaar dat N en N, hier teenwoordig, regtens getroud is. Mag die Vader van alle barmhartigheid wat u deur sy genade tot hierdie huwelik geroep het, u met opregte liefde en trou verbind en u sy seën gee. Amen.

Ds JF van der Merwe stel die beskrywingspunt.

Die volgende amendement gestel deur dr JM van Staden en gesekondeer deur ds J Uys, word goedgekeur:

Die AKV keur die gebruik van die formulier vir die bevestiging van die huwellik (4) goed in die plek van Formuliere 1 tot 3.

Teenstem:

* Steÿn JJ ds.

BESKRYWINGSPUNT 8: KERNKOMITEE: EREDIENS

ALTERNATIEWE FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN DIENAARS VAN DIE WOORD

Die AKV keur die gebruik van die alternatiewe formulier vir bevestiging van die dienaars van die Woord naas die bestaande formulier goed, en versoek dat dit op die webblad van die Kerk aangebring word.

Motivering:

Die volgende wisselformulier vir die bevestiging van dienaars van die Woord is reeds op die webblad van die Kerk beskikbaar:

Wisselformulier vir die bevestiging van dienaars van die Woord

Gemeente van ons Here, Jesus Christus,

God, die Vader, verlos die wêreld deur die dood en opstanding van sy Seun, Jesus Christus. Deur die Heilige Gees wek God geloof in mense, en rus Hy hulle toe om die evangelie te verkondig en diensknegte in die wêreld te wees. Hiervoor rus die Gees alle gelowiges toe met gawes ooreenkomstig die dienswerk waarvoor hulle geroep is. Hy roep ook sekere gelowiges, soos predikante, om in besondere diens te staan.

Jesus Christus dien as voorbeeld vir die gesindheid waarmee gelowiges hulle dienswerk verrig. Predikante verrig hulle taak nederig en met liefdevolle toewyding.

Predikante verkondig God se Woord in die wêreld deur die prediking, die bediening van sakramente, gebed en die pastorale versorging van mense. Hierdie verkondiging rus gelowiges toe, versterk hulle geloof en begelei hulle om tot eer van God te leef.

Ten einde so diensbaar te wees, is dit noodsaaklik dat predikante in 'n verhouding met God moet leef. Hulle moet die Bybel nougeset bestudeer en genoeg tyd inruim vir gebed en besinning. Elke gemeente het die verantwoordelikheid om toe te sien dat die predikante geleentheid het vir geestelike groei en geestelike versorging. Net so moet hulle die tyd en ruimte ontvang om aandag te gee aan persoonlike verhoudings en liggaamlike rus.

Ten slotte, predikante is deel van die kerk van die Here en moet daarom as lig vir die wêreld hulle dienswerk verrig. In hulle lof en aanbidding, hulle danksegging en onderlinge gemeenskap, hulle barmhartigheid en verkondiging van die Woord van die Here, laat hulle hulle lig in die wêreld skyn.

Geliefde suster/broer, N, u is na hierdie gemeente beroep om die dienswerk soos die ouderlingevergadering dit saam met u bepaal, te doen. Voordat u as dienaar van die Woord bevestig word, moet u eerlik op die volgende vrae antwoord:

OF

Geliefde suster/broer, N, u is deur die (gemeente/naam van meerdere vergadering) benoem om dienswerk soos met u ooreengekom, te verrig. Voordat u as dienaar van die Woord bevestig word, moet u eerlik op die volgende vrae antwoord:

* *Ten eerste:* Glo u dat u wettig deur die gemeente/meerdere vergadering en daarom deur God self tot hierdie diens geroep is?

* *Ten tweede:* Glo u dat die Ou en Nuwe Testament die enigste Woord van God en die volkome boodskap van verlossing is, en verwerp u alles wat daarmee in stryd is?

* *Ten derde:* Beloof u om hierdie werk getrou en met oorgawe te doen, en te leef soos God in sy Woord van u verwag? Sal u die Christelike vermaning en dissipline van die Kerk aanvaar indien u die werk nie doen soos u beloof het nie?

Hierop moet sy/hy antwoord: *Ja*.

Al die teenwoordige dienaars van die Woord (uit al die kerke wat op dieselfde belydenisgrondslag as die NHKA staan) word nou na vore geroep om deel te neem aan die handoplegging of die gee van die regterhand van gemeenskap. Handoplegging [1 Handoplegging: Die predikant wat georden word, kniel. Die teenwoordige dienaars van die Woord staan voor of om die predikant wat georden word. Hy/hulle plaas hulle regterhand(e) op die kop van die predikant wat georden word. Indien daar meer as een predikant is wat aan die handoplegging deelneem, plaas hulle hulle hande opmekaar] vind plaas as iemand georden word as predikant. Vir hulle wat al voorheen gedien het, word die regterhand van gemeenskap [2 Regterhand van gemeenskap: Die teenwoordige predikante en die predikant wat bevestig word, skud blad] gegee. Tydens die ordening of die gee van die regterhand van gemeenskap word die volgende gesê:

God, ons hemelse Vader, wat u tot hierdie diens geroep het, sal u deur sy Gees toerus, u versterk en u so in u bediening lei dat u daarin verantwoordelik en vrugbaar kan werk. So sal u deur u bediening die Naam van God groot maak en

sal God deur u die heerskappy van sy Seun, Jesus Christus, in die wêreld uitbrei. Amen.

Daarna moet die bevestigende predikant van die kansel af die bevestigde dienaar en die hele gemeente soos volg toespreek:

Geliefde suster/broer en mededienaar in Christus: U moet God liefhê en op Hom vertrou. Verryk u geloofslewe voortdurend en bid God om u daarin te help. Sien om na uself, u huisgesin en almal wat die Here onder u sorg geplaas het. Doen u werk getrou en wees 'n voorbeeld vir die hele gemeente wat Jesus Christus deur sy bloed verkry het en wat deur die Heilige Gees onder u sorg gestel is.

En u, onder wie hy/sy sy/haar dienswerk verrig, neem u predikant met 'n oop hart aan. Behandel haar/hom met liefde en respek, want God gebruik haar/hom om u na Hom toe te lei. Bid gedurig vir haar/hom en werk saam om die evangelie in die wêreld uit te dra.

Omdat ons nie self hiertoe in staat is nie, laat ons tot God bid:

Barmhartige God en Vader, ons dank U dat U self u kerk in stand hou. Dankie dat U vir hierdie gemeente 'n predikant gegee het. Gee aan haar/hom die genade, die krag en die insig om haar/sy werk in die gemeente en die wêreld met oorgawe en na die beste van haar/sy vermoë te doen. Voorsien ook genadiglik elke dag in haar/sy en haar/sy gesin se behoeftes sodat hulle hulle werk sonder belemmering kan doen. Gee vir u gemeente die genade om haar/hom te erken as u gestuurde en om met haar/hom saam te werk tot u eer.

Ons vra dit in die Naam van Jesus Christus, ons Here. Amen.

OF

Ons vra dit in die Naam van Jesus Christus, ons Here, wat ons geleer het om só te bid:

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; 10 laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. 11 Gee ons vandag ons daaglikse brood; 12 en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree; 13 en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose. 14 Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen (Matteus 6: 9 tot 14).

OF

Ons vra dit in die Naam van Jesus Christus, ons Here, wat ons geleer het om só te bid:

Vader, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom. 3 Gee ons elke dag ons daaglikse brood; 4 en vergeef ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie. Amen (Lukas 11: 2 tot 4).

Ds JF van der Merwe stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

Die volgende redaksionele wysigings word aanvaar:

Predikante is deel van die kerk van die Here en moet daarom as lig vir die wêreld hulle dienswerk verrig. In hulle lof en aanbidding, hulle danksegging en onderlinge gemeenskap, hulle barmhartigheid en verkondiging van die Woord van die Here, laat hulle hulle lig in die wêreld skyn.

Geliefde suster/broer, N, u is na hierdie gemeente beroep om die dienswerk soos die kerkraadsvergadering dit saam met u bepaal, te doen. Voordat u as dienaar van die Woord bevestig word, moet u eerlik op die volgende vrae antwoord …

Al die teenwoordige dienaars van die Woord (uit al die kerke wat op dieselfde belydenisgrondslag as die NHKA staan) word nou na vore geroep om deel te neem aan die handoplegging of die gee van die regterhand van gemeenskap. Handoplegging [1 Handoplegging: Die predikant wat georden word, kniel. Die teenwoordige dienaars van die Woord staan voor of om die predikant wat georden word. Hy/sy/hulle plaas hulle regterhand(e) op die kop van die predikant wat georden word …

BESKRYWINGSPUNT 9: KERNKOMITEE: EREDIENS

ENGELSE VERTALING VAN DIE FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN DIE HUWELIK

Die AKV keur die gebruik van die Engelse vertaling van die formulier vir bevestiging van die huwelik goed, en versoek dat dit ook op die webblad van die NHKA geplaas word.

Motivering:

Engelse vertaling van die huweliksformulier lui soos volg:

Formula for the Confirmation of Marriage

Dearly beloved brothers and sisters in our Lord, Jesus Christ,

We are gathered here in the Name of our Lord as witnesses to confirm NN and NN in marriage and to ask for God's blessing upon this union.

Marriage is founded upon the principles found in the Word of God.

God created humans to live in relationship with one another. God's care for us is expressed in the fact that He created man and woman as loving help for one another. The spiritual and physical unity between man and woman find fulfillment in the intimate sphere of marriage.

Married couples' care for one another becomes evident in that they take care of each other spiritually in obedience to the gospel of Jesus Christ. This is how they love and serve one another.

We still live in an imperfect world and therefore conflict may occur within marriages. However, the love between husband and wife should reflect God's love for us. Faith, prayer and obedience to God can heal relationships and bring reconciliation.

Married couples should cherish each other emotionally. Support one another and carry each other's burdens. Stay faithful in all circumstances. Enhance one another in all that is noble and pure. This way you will find peace and happiness. Husband and wife mutually accept responsibility for domestic duties. Live soberly. Take caution against extravagance and materialism. Show compassion towards others.

God also creates a spiritual home for you inside his church. Participate, co-operate and contribute to the congregation where you find a spiritual home. Participation in the congregation enhances and supports your marriage as well as the community of the faithful. Involvement in the outside world carries the light of the gospel further and glorifies God.

Married couples who receive children from the Lord, receive a precious gift. Parents should live their devotion to their faith in Christ in such a way that they become an example for their children. In that way children will learn to know and trust God.

Questions

After listening to all of the above, are you willing to conduct your marriage in accordance with the principles of God's Word, and would you like to continue with the confirmation of your marriage?

Marriage couple answers: *Yes*.

To confirm your marriage in accordance with the law, you have to answer the following questions:

To the groom

Do you, NN, declare that according to your knowledge there is no legal restraint to your intended marriage to NN here present, and do you call everyone in this congregation to witness that you take NN as your lawful wife?

Groom answers: *Yes.*

To the bride

Do you, NN, declare that according to your knowledge there is no legal restraint to your intended marriage to NN here present, and do you call everyone in this congregation to witness that you take NN as your lawful husband?

Bride answers: *Yes.*

Minister

Give one another your right hand.

Brothers and sisters, I declare that NN and NN here present are now legally married.

Hold each other's hands as a symbol of your mutual fidelity as you are about to take your marriage vows.

NN, do you promise before God and the witnesses here present that you will love, cherish, support and take care of NN in obedience to God? Do you promise to provide her with comfort and security by being faithful to her, by living holy with her and by taking care of her spiritually until death do you part? How do you answer to this?

Groom answers: *Yes.*

NN, do you promise before God and the witnesses here present that you will love, cherish, support and take care of NN in obedience to God? Do you promise to provide him with comfort and security by being faithful to him, by living holy with him and by taking care of him spiritually until death do you part? How do you answer to this?

Bride answers: *Yes.*

Second possibility: If the couple wishes to recite the vows themselves, it must be provided to them in writing in advance:

NN (husband) says

I, NN, promise before God and the witnesses here present, to love, cherish, support and take care of you, NN, in obedience to God. I promise to provide you with comfort and security by being faithful to you, by living holy with you, and by taking spiritual care of you until death do us part.

NN (wife) says

I, NN, promise before God and the witnesses here present, to love, cherish, support and take care of you, NN, in obedience to God. I promise to provide you with comfort and security by being faithful to you, by living holy with you, and by taking spiritual care of you until death do us part.

May God, who called and guided you to this marriage, unite you, keep you and embrace you with his love. May God bless you all the days of your lives. Amen.

Prayer, minister's own prayer and/or blessing or song

Gracious and compassionate God, Father, Son and Holy Ghost. We give You praise for the privilege that these two individuals who believe in You may vow their devotion to one another in your presence. Thank You that You, the Creator and Sustainer of all that exists, bring man and woman to each other.

We thank You that we may be witnesses to the first moments of this new marriage. We pray that You may give them faith and determination – faith to live in relationship with You every day and determination to, regardless of what may occur, stay faithful to You and each other.

Provide them with faith so that they may love one another in the same way You

love us, to forgive one another as You forgive us and to support one another as is your divine will. Grant them the privilege to experience your intention for marriage in truth. May they organise their domestic life in obedience to You so that this marriage will be a blessing for them, their parents, their friends and their congregation.

We pray for all married couples. Grant them wisdom and may they devote their lives to You so that they may find fulfillment in obedient service to You.

This we pray in the Name of our Lord Jesus Christ. Amen.

Pronouncement of blessing

(The minister may decide when the rings will be exchanged, before the holding of the hands, or after the marriage vows or after the pronouncement of the blessing.)

Ds JF van der Merwe stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

Die volgende redaksionele wysigings word aanvaar:

We are gathered here in the Name of our Lord as witnesses for the purpose of joining in marriage NN and NN in marriage and to ask for God's blessing upon this union.

Let us humbly call to mind what God in His Word teaches concerning the institution, purpose and obligations of the marriage state.

BESKRYWINGSPUNT 10: KERNKOMITEE: EREDIENS

ENGELSE VERTALING VAN DIE FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE DOOP

Die AKV keur die gebruik van die Engelse vertaling van die alternatiewe formulier vir bediening van die Doop goed, en versoek dat dit in die plek van die bestaande Engelse formulier op die webblad van die NHKA geplaas word.

Motivering:

Op die webblad van die NHKA is daar 'n Engelse vertaling van die tradisionele Doopformulier. Die taal is egter argaïes en die formulier is baie lank vir gemaklike gebruik in 'n erediens. Op versoek is daar 'n Engelse vertaling van die alternatiewe Doopformulier gemaak wat baie meer gebruikersvriendelik is:

Baptismal formula: Dutch Reformed Church of Africa

Beloved congregation of our Lord Jesus Christ,

God loves us and we are his children long before we become aware of God's involvement with us. Our baptism affirms this. Baptism is one of the two sacraments of the church. A sacrament pays visible and tangible testimony to what is confessed by the faithful. Through baptism God's covenant with us becomes evident. Baptism pays testimony to the fact that we form part of the body of Christ because of our reconciliation with God the Father through Christ's death on the cross. This is mediated to us by the Holy Spirit.

The grace of God, the love of Jesus Christ and the communion with the Holy Spirit give meaning to our lives. Therefore the church baptises children of God. The baptism of these children of God reminds us of our own baptism and the meaning thereof for our lives.

We believe that it is the God given task of the church from the gospel to baptise children in the Name of the Father, the Son and the Holy Spirit. Baptism in the Name of the Father expresses the new covenantal relationship between God and us. Baptism in the Name of the Son affirms our salvation in Jesus Christ. Baptism in the Name of the Holy Spirit testifies to the fact that the Spirit of God dwells in us and is continuously active in our sanctification.

Baptism calls us to respond to God's love with sincere and cordial obedience. The meaning of their baptism should manifest in the lives of the faithful. Therefore, parents and the congregation should teach and explain the meaning of this sacrament to these children. Within the community of the faithful, children should be able to experience firsthand what it means to belong to the family of God.

The parents (or individual to be baptised in the case of an adult) are now requested to come to the front.

They are requested to answer the following questions honestly and sincerely here in the presence of God and the congregation:

1. Do you believe that we and our children, in spite of our sinfulness, are God's adopted children because of his saving grace?

2. Do you believe that the gospel reveals all that is needed for our salvation as adopted into the confession of the church?

3. Do you promise to teach your child about the meaning of his/her baptism and to raise him/her within the community of the faithful?

(In the case of adults only the first two questions apply.)

What is your answer to these questions? *Yes.*

NN, I baptise you in the Name of the Father, and the Son and the Holy Spirit. Amen.

Thanksgiving prayer

Dear Lord, thank You for assuring us in this baptism of the Father's love for us, the Son's redemption of our sins and the indwelling of the Holy Spirit in our hearts.

Thank You, Lord, that we may be part of your covenant with us. Thank You for visibly adopting those who received the sacrament of baptism today as your children. Thank You that we may be part of your congregation which provides a spiritual home to all of us. Thank You that we may hear the good news of the gospel here, and that we may experience community with You and with each other in this congregation. We offer You our praise and worship.

Lord, please guide us, especially they who have just been baptised. May we always experience your warmth and your presence. Inspire us to reach out to those in need.

Father, may we internalise the meaning of our baptism. Jesus, may our lives pay testimony to your redemptive presence. Holy Spirit, complete us so that others may see that You guide and console us.

We pray for the parents of these children and for our congregation. Give us the strength and the opportunity to remain faithful to what we promised. May those who received the sacrament of baptism find safety and security within this congregation of our Lord Jesus Christ. Amen.

Ds JF van der Merwe stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

---oOo---

VERKIESING VAN DIE SEKUNDUS VAN DIE VOORSITTER VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV

Die vergadering stem vir die sekundus van die voorsitter van die Kommissie van die AKV.

'n Herstemming vind plaas tussen prof J Beyers, drr SM de Beer, DJC van Wyk en ds D Barnard.

'n Herstemming vind plaas tussen drr SM de Beer en DJC van Wyk.

Dr SM de Beer word verkies.

GROETEBOODSKAPPE

SUID-AFRIKAANSE GEMEENTE IN LONDEN: DS PA HARMZEN

Mnr, die voorsitter, Kommissielede, kollegas en vriende in ons Here – Jesus Christus,

Graag dra ek 'n boodskap van groete aan u oor vanaf die Suid-Afrikaanse Gemeente in die Verenigde Koninkryk. Die SA Gemeente hoop dat die besprekings, verrigtinge en doel van hierdie vergadering geseënd en voorspoedig sal wees. Dit is ons gemeente se gebed dat hierdie vergadering en die kerk as die beeld, die voete, die hande, die woorde en die hart van Christus sal wees en leef, elke dag, meer en meer.

Ek is ook vanoggend hier om goeie nuus te bring ... daar is 'n geskenkie vir elkeen van u se kantore ... Kom ek verduidelik.

Wie van U het iemand geliefd in die buiteland? Meeste mense sê dit is *'n wonderlike geleentheid*. Wat hulle ookal sê – dit is 'n skok op enigeen se sisteem om jou wortels op te tel en in 'n ander land te gaan woon, hetsy of dit tydelik of permanent is. Die missie, opwinding en stress gaan na so paar maande verby en dan sink die realiteit in wat baie keer tot verlange en selfs depressie en verlorenheid lei. Dit geld vir volwassenes sowel as kinders.

Die goeie nuus wat ek aan u wil bring vanoggend is dit – daar is hoop! Die Suid-Afrikaanse Gemeente in die VK is daar om julle geliefdes en gemeentelede te ontvang, te help en by te staan! Ons roeping is om *'n Geestelike tuiste te wees vir wêreldreisigers* – want om geestelike te behoort en tuis te kom, vul elkeen van ons met 'n brandende opwinding om God se Liefde en Genade te gaan deel waar ons ookal reis of tuisgaan.

Gaan deel asseblief hierdie boodskap en nuus met elkeen wat dit moontlik benodig.

DR KOBUS GERBER, VOORMALIGE ALGEMENE SEKRETARIS VAN DIE NGK

Dra asseblief my groete en seënwense aan die AKV oor vir die belangrike sitting hierdie week. Mag die vergadering as geheel en elke afgevaardigde die wonderlike teenwoordigheid van die Lewende Here ervaar met die wete ware onderskeiding en wysheid kom van Hom alleen.

Ek dink aan julle en bid vir julle.

---oOo---

3.2.3 BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA (BSA)

Pastoor Mike Roodt, hoof van kerk- en gemeenskapsbetrokkenheid van die BSA, dra 'n groeteboodskap oor aan die vergadering. Dr GC Lindeque lewer verslag. Dr KD Papp en ds WH Steyn is ook teenwoordig. Dr AG Ungerer doen 'n gebed vir die BSA.

Die verslag word aanvaar.

BESKRYWINGSPUNT 40: BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

1. Daar word met waardering kennis geneem van die werk van die BSA, en die BSA word opnuut verseker van die Kerk se voorbidding en ondersteuning.

2. Dank word uitgespreek teenoor alle gemeentes, sakeondernemings en individue wat die Bybelgenootskap ondersteun het.

3. Dr KD Papp word bedank vir sy werk as organiserende sekretaris namens die Kerk by die BSA.

4. Die vergadering neem met dank kennis van die Afrikaanse vertaling van die Bybel wat DV in 2020 beskikbaar sal wees. Al die vertalers en ander kundiges van die Kerk wat daaraan deelgeneem het, word gelukgewens en van harte bedank vir hulle harde werk.

5. Kerkrade word versoek om DV Sondag 29 November 2020 in te rig as 'n spesiale dank- en feesgeleentheid rondom die Afrikaanse vertaling van die Bybel.

6. Die vergadering neem kennis van die voorstelle rakende die Jaar van die Bybel 2020.

7. Kerkrade word versoek om DV Sondag 23 Augustus 2020 in te rig as Bybel-Sondag met 'n spesiale fokus op die Bybel. Gemeentes word versoek om op dié betrokke Sondag 'n spesiale offergawe op te neem wat spesifiek bedoel is vir die twee miljoen Bybels-projek in 2020.

8. Kerkrade word gewys op die staande besluit van die AKV dat die erediensoffergawes van Hervormingsondag (die laaste Sondag in Oktober) gedurende November aan die BSA oorbetaal word as eerste bydrae van die nuwe finansiële jaar van die BSA.

9. Kerkrade word versoek om alles in hulle vermoë te doen om die bedrag (R55.00 per lidmaat vir 2019) wat die BSA benodig om een Bybel bekostigbaar beskikbaar te stel, jaarliks voor 31 Oktober direk aan die BSA oor te betaal.

Dr GC Lindeque stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

---oOo---

BESKRYWINGSPUNT 11: RING VAN WES-KAAPLAND

FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE DOOP AAN VOLWASSENES EN KINDERS

Dit gebeur soms dat daar 'n volwassene sowel as 'n kind tydens dieselfde erediens gedoop word. Dit is prakties 'n probleem as albei formuliere gelees moet word. Daarom die beskrywingspunt om 'n formulier vir dié doel daar te stel.

Motivering:

Die Diensboek van die NHKA het nie 'n formulier wat gebruik kan word vir die doop van sowel 'n volwassene as 'n kind/kinders tydens die erediens nie. Hieronder word so 'n formulier voorgestel:

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

Die leer oor die heilige Doop word in hierdie drie hoofpunte saamgevat:

Die eerste hoofpunt is dat ons en ons kinders van ons eerste lewensoomblik af sondig is en in sonde gebore word. Daarom staan ons onder die oordeel van God, sodat ons nie in sy ryk kan kom nie tensy ons weer gebore word (Psalm 51: 7).

Ons onrein en sondige bestaan word juis aangedui deur die noodsaaklikheid van die doop met water. So word ons deur die Doop vermaan om ons voor God te verootmoedig, en ons reiniging en verlossing buite onsself te soek (Romeine 6: 6).

Die tweede hoofpunt is dat die heilige Doop aan ons die afwassing van die sondes deur Jesus Christus betuig en beseël. Daarom word ons gedoop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Die derde hoofpunt is dat God ons deur die heilige Doop vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid. Ons moet hierdie een en enigste God, Vader, Seun en Heilige Gees, aanbid, vertrou en liefhê met ons hele hart, met ons hele siel en met ons hele verstand en met al ons krag (Markus 12: 30).

Die kinders van die gelowiges word kragtens die verbond gedoop, al verstaan hulle hierdie dinge nie. Volwassenes kan egter net gedoop word as hulle eers berou oor hulle sondes betoon en hulle geloof in Christus bely het.

Só het ons Here Jesus Christus ook sy dissipels beveel: Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: Doop hulle in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees. Hierby het Hy die belofte gevoeg dat hulle wat glo en hulle laat doop, gered sal word.

Die volwassenes wat gedoop moet word, word nou opgeroep om op die volgende vrae te antwoord:

NN, u het begeer om gedoop te word, en ons het u in die hoofsake van die Christelike geloof gekatkiseer. Sodat dit kan blyk dat u begeer om u lewe deur die genade van God daarvolgens in te rig, moet u nou voor God en sy gemeente eerlik op hierdie vrae antwoord:

* Eerstens: Glo u in die een ware God – Vader, Seun en Heilige Gees – wat alles geskep het?

* Tweedens: Bely u dat u opreg berou het oor al u sondes?

* Derdens: Glo u dat die Here Jesus Christus deur God aan u as Verlosser geskenk is, dat al u sondes om sy ontwil vergewe is, en dat u deur die krag van die Heilige Gees 'n lidmaat van Jesus Christus se kerk kan word?

* Vierdens: Beloof u om 'n kind van God te bly, heilig te lewe en saam met die gemeente getrou die eredienste en die viering van die Nagmaal by te woon?

* Vyfdens: Belowe u ook om u aan die kerklike dissipline te onderwerp?

Wat is hierop u antwoord?

Antwoord: *Ja.*

Mag God in sy liefde aan u sy genade en seën skenk om in hierdie voorneme te volhard deur ons Here Jesus Christus. Amen.

Wanneer die dienaar van die Woord die Doop bedien, sê hy/sy:

NN, ek doop u in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Na die doopbediening verklaar die dienaar van die Woord aan die gedoopte volwassenes soos volg:

Vanweë die feit dat u gedoop is, en op grond van die belydenis wat u nou afgelê het, verklaar ons u tot 'n belydende lidmaat van die Kerk en nooi ons u uit om gereeld, saam met die gemeente, by die tafel van die Here aan te sit.

Die God van genade wat u in Christus geroep het om in sy ewige heerlikheid te deel, sal u belydenis bevestig, en u steeds deur sy Woord en Gees lei en versterk. Amen.

Terwyl die baba/kind/kinders vorentoe gebring word, sing ons Lied .....

Doop van kinders

Aan die ouer(s): Noudat u u geloof bely het en self gedoop is, moet u op die volgende vrae antwoord:

1. Glo u dat ons en ons kinders deur God in genade aangeneem is?

2. Glo u dat die evangelie alles bekendmaak wat nodig is vir ons verlossing, soos belig in ons belydenis?

3. Belowe u om u kind te leer wat die Doop beteken en te laat grootword in die geloofsgemeenskap van Christus?

Antwoord: *Ja.*

Bediening van die Doop aan kind:

NN, ek doop u in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Toesang: Lied 268.

Dr P van Staden stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar.

---oOo---

NHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

GEMEENSKAP

2. GEMEENSKAP

2.1 INLEIDING

Die kerk is 'n gemeenskap (*koinonia*) van gelowiges wat deur God se versoening in Christus tot stand gebring is. God hou sy kerk in stand deur mense wat Hy in Jesus Christus in genade uitkies en deur die werk van die Heilige Gees saambring deur die Woord en sakramente. Volgens ons belydenis vind die Kerk konkreet gestalte in die plaaslike gemeente waar die Woord verkondig word, die sakramente bedien word en die kerklike dissipline gehandhaaf word. Die gemeentes van die NHKA leef in gemeenskap met God en met mekaar, maar ook in gemeenskap met almal in die wêreld wat met opregtheid bely dat Jesus Christus die Here is.

2.2 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET GEMEENSKAP VERBAND HOU

2.2.1 OPSOMMING VAN EKUMENIESE WERKSAAMHEDE

Vergelyk **BYLAE B**.

Die verslag word aanvaar.

2.2.2 BRUGBEDIENING IN DIE NHKA

Vergelyk **BYLAE C**.

Die verslag word aanvaar.

---oOo---

GROETEBOODSKAPPE

CHRISTELIKE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA: DS RALPH DU TOIT, MODERATOR

Geagte Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Baie dankie vir die uitnodiging om te kan deel in die amptelike opening van die NHKA se 72ste AKV.

Die hedendaagse Suid-Afrikaanse gemeenskap roep na begrip vir die konteks waarin hy homself bevind. Die blye boodskap vervat in die radikale evangelie van Jesus Christus bly steeds die antwoord op hierdie desperate soeke na begrip. Hiertoe is die heilige algemene christelike kerk geroep. Die Christelike Gereformeerde Kerk in SA bid hierdie 72ste AKV van die NHKA die wysheid en leiding van die Heilige Gees toe om hierdie gemeenskaplike taak waartoe die Kerk in Suid-Afrika geroep is met waagmoed en oortuiging te vervul. Mag hierdie vergadering in dieselfde gesindheid plaasvind as daardie eerste kerkvergadering in Jerusalem wat uitgestuur het: *manne wat hulle lewe*

oorgegee het vir die Naam van ons Here Jesus Christus" en getuig het: *'die Heilige Gees en ons het besluit'* (Handelinge 15: 26 en 28).

Die besondere en ryke seën van die Vader, Seun en Heilige Gees word julle toegebid vir hierdie paar dae wat julle hier vergader.

GEKA: DS GAWIE CLOETE, NAMENS DIE DAGBESTUUR

Genade vir julle en vrede van God ons Vader en Jesus Christus ons Here.

Dit is ons gebed dat hierdie dae van vergadering vir julle baie geseënd sal wees en gekenmerk sal word deur 'n soeke na God se wil. Mag Hy verheerlik word in al julle besluite. Ons bid julle die gebed van Paulus aan die gemeente in Filippi toe, naamlik dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom ... (Filippense 1: 9 en 10).

Graag vertel ons kortliks in die toelaatbare tyd vir julle iets oor die GEKA in Australië. Na die stigting van die eerste gemeente in 2004 het ons gegroei tot drie gemeentes: Perth, met di James Walters en Wayne Bekker as leraars; Bunbury (170 km Suid van Perth) met ds Gawie Cloete as leraar en Geraldton (400 km Noord van Perth) met ds Louw Malan as leraar. *Outreach Western Australia* met ds Gawie van der Merwe as leraar, bedien 'n verdere agt dorpe in Wes Australië.

Behalwe die normale praktyke soos prediking, Bybelonderrig in kleiner groepe, geloofsonderrig aan die kinders en die inskakeling van lidmate by bedieninge, maak pastorale begeleiding van immigrante 'n groot deel van ons bediening uit. Die trauma wat sommige immigrante deurgaan as hulle moet aanpas in 'n nuwe land, word nie altyd voorsien nie. Die GEKA sien hierdie as een van die groot funksies waarvoor die Here ons hier geplaas het.

Ons bediening is in Afrikaans en Engels omdat dit die behoefte van die immigrante is. Geraldton se eredienste is net in Engels, terwyl die ander gemeentes in beide tale eredienste aanbied.

Die GEKA het op sy vergadering van Augustus 2018 weereens bevestig dat ons ook 'n missionêre kerk wil wees wat daarna soek om nuwe gelowiges tot die kerk toe te voeg. Laasgenoemde noop ons ook om wyer as net Afrikaanssprekendes te kyk.

Dit bly steeds vir ons belangrik om kontak met die susterskerke in Suid-Afrika en buurlande te behou. Eerstens omrede ons graag nuwe immigrante uit Suid-Afrika in ons gemeentes verwelkom, en die ekumeniese band wat ons het help hiermee, maar ook om op hoogte met die kerklike gesprekke van die dag in SA te bly. Ons glo dat ons steeds baie by mekaar kan leer.

Ons wil by hernuwing vra dat afgevaardigdes wat bewus is van lidmate uit hul gemeentes wat na Wes Australië verhuis, ons kerk as 'n moontlike geestelike tuiste aan diesulkes sal deurgee. Inligting oor die GEKA is verkrygbaar op ons webblad: www.reca.org.au.

Mag die Here van die kerk gee dat ons in die krag van Sy Gees sal voortgaan om 'n kerk getrou aan Sy Woord te wees. Ons vra dat u as kerk ook asseblief vir ons voorbidding sal doen.